

'N ONDERSOEK NA DIE KATALOGUSGEBRUIK
IN DIE HOOFBIBLIOTEK VAN DIE UNIVERSITEIT
VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

J. J. HILLS

'n Ondersoek na die katalogusgebruik in die
Hoofbiblioteek van die Universiteit van die
Oranje-Vrystaat

deur

JOHANNA JACOBA HILLS

Hierdie verhandeling word voorgelê om te voldoen
aan die vereistes vir die graad Magister Biblio-
thecologiae in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte,
Departement Biblioteekkunde, aan die Universiteit
van die Oranje-Vrystaat.

14 Januarie 1981

Studieleier: Professor D.W. Fokker

DANKBETUIGINGS

Hiermee wil ek graag my opregte dank uitspreek teenoor:

My studieleier, professor D.W. Fokker, vir sy geduld en leiding. Geen student kan 'n beter en kundiger studieleier verlang nie.

Meneer F.J. Potgieter, destydse Hoof: Biblioteekdienste, vir sy toestemming om die ondersoek in die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat uit te voer.

Doktor J.I. de Wet van die Departement Wiskundige Statistiek, vir sy advies in verband met die insameling van gewens.

Die ondersoekspan, naamlik die derde- en vierdejaar Biblioteek-kundestudente van 1979, vir die flink en gewillige wyse waarop hulle die vraelyste ingevorder het.

Die Rekensentrum van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, vir die verwerking van die vraelyste.

Meneer J.C. Kleynhans, Hoof Administratiewe Beampte: Akademiese Beplanning, wat geen tyd of moeite ontsien het om my van die nodige statistieke te voorsien nie.

Die interbiblioteekleningspan van die Hoofbiblioteek, vir hulle vriendelike en waardevolle hulp met die verkryging van die nodige literatuur.

Mevrou A. van den Berg vir die noukeurige taalversorging.

Meneer B. Claasen vir hulp met die opsomming.

Mevrou C. Roodt vir die netjiese tikwerk.

My moeder, mevrou M.C. Hills, vir haar onbaatsugtige bystand veral ten opsigte van die proefleeswerk.

Meneer J. Deale vir die inbind van die verhandeling.

HOOFSTUK 1

Bladsy

1.1	Probleemstelling	1
1.2	Doel van die ondersoek	2
1.3	Vrae wat beantwoord moes word	3
1.4	Terminologie	5
1.5	Verdere hoofstukke	5

HOOFSTUK 2

ANDER STUDIES OOR KATALOGUSGEBRUIK

2.1	Inleiding	7
2.2	Doelstellings	8
2.3	Metodes	11
2.4	Bevindings	12
2.4.1	Wie raadpleeg die katalogus?	12
2.4.1.1	Hipotese	13
2.4.2	Hoekom word die katalogus geraadpleeg?	13
2.4.2.1	Hipoteses	15
2.4.3	In watter mate word die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg?	16
2.4.3.1	Hipotese	18
2.4.4	Hoe suksesvol is die gebruikers?	18
2.4.4.1	Hipotese	19
2.4.5	Verlang die gebruikers bykomende inligting?	20
2.4.6	Kan 'n verkorte rekenaarmatige katalogus voorsien word?	20
2.5	Hipoteses	21
2.6	Slot	22

HOOFSTUK 3

METODE VAN ONDERSOEK

	<u>Bladsy</u>
3.1 Inleiding	23
3.2 Onderzoekgroep	23
3.2.1 Universum	23
3.2.2 Populasie	23
3.2.3 Loodsgroep	24
3.2.4 Hoofstudiegroep	24
3.3 Onderzoekmiddel	24
3.4 Omgewing van ondersoek	26
3.5 Wyse van ondersoek	26
3.5.1 Loodsstudie	26
3.5.2 Hoofstudie	27
3.5.3 Verwerking van die gegewens	31
3.6 Slot	32

HOOFSTUK 4

BEVINDINGS

4.1 Inleiding	33
4.2 Bevindings	33
4.2.1 Wie raadpleeg die katalogus?	33
4.2.1.1 Inleiding	33
4.2.1.2 Bevindings	34
4.2.1.2.1 Kategorieë gebruikers	34
4.2.1.2.2 Die fakulteite waarvan- daan gebruikers afkom- stig is	37
4.2.1.2.3 Kategorieë gebruikers versus fakulteite	39

4.2.1.3	Samevatting	43
4.2.2	Hoekom word die katalogus geraadpleeg?	43
4.2.2.1	Inleiding	43
4.2.2.2	Bevindings	44
4.2.2.2.1	Onderwerpe waaroor die katalogus geraadpleeg word	44
4.2.2.2.2	Redes waarom die katalogus geraadpleeg word	47
4.2.2.2.2.1	Kategorieë gebruikers versus redes	48
4.2.2.2.2.2	Samevatting	52
4.2.2.2.3	Wat die gebruikers soek	53
4.2.2.2.3.1	Wat die gebruikers soek versus kategorieë gebruikers	54
4.2.2.2.3.2	Wat die gebruikers soek versus die redes waarom hulle die katalogus raadpleeg	58
4.2.2.2.3.3	Die redes waarom die gebruikers die katalogus raadpleeg versus wat hulle soek	61
4.2.2.2.3.4	Samevatting	63
4.2.3	Gebruiksfrekwensies van die verskillende items op die kataloguskaart	64
4.2.3.1	Inleiding	64

4.2.3.2	In watter mate die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg word	65
4.2.3.3	Kategorieë gebruikers versus items geraadpleeg	67
4.2.3.4	Redes versus items geraadpleeg	73
4.2.3.5	Items geraadpleeg versus redes	75
4.2.3.6	Tipes inligting versus items geraadpleeg	78
4.2.3.7	Items geraadpleeg versus tipes inligting	80
4.2.3.8	Samevatting	82
4.2.4	Welslae met die gebruik van die katalogus	83
4.2.4.1	Inleiding	83
4.2.4.2	In watter mate gebruikers die inligting waarvoor hulle die katalogus raadpleeg, vind	84
4.2.4.3	Die kategorieë gebruikers versus welslae	85
4.2.4.4	Die fakulteite versus welslae	87
4.2.4.5	Die redes vir die gebruik van die katalogus versus welslae	89
4.2.4.6	Die inligting wat die gebruikers soek versus welslae	90
4.2.4.7	Welslae versus die inligting wat die gebruikers soek	92
4.2.4.8	Samevatting	92
4.2.5	Die gebruik van die klapper tot die sistematiese katalogus	93
4.2.5.1	Inleiding	93
4.2.5.2	In watter mate die gebruikers die klapper raadpleeg	95

4.2.5.3	Klappergebruik versus kategorieë gebruikers	95
4.2.5.4	Kategorieë gebruikers versus klappergebruik	97
4.2.5.5	Fakulteite versus klappergebruik	101
4.2.5.6	Redes versus klappergebruik	101
4.2.5.7	Klappergebruik versus redes	103
4.2.5.8	Inligting gesoek versus klappergebruik	104
4.2.5.9	Tale waarin gebruikers klapper raadpleeg	105
4.2.5.10	Kategorieë gebruikers versus tale	106
4.2.5.11	Tale versus kategorieë gebruikers	110
4.2.5.12	Samevatting	111
4.2.6	Bykomende inligting	112
4.2.7	Slot	113

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN VERDERE NAVORSING

5.1	Inleiding	114
5.2	Opsomming van bevindings	115
5.2.1	Wie gebruik die katalogus?	115
5.2.2	Hoekom word die katalogus geraadpleeg?	116
5.2.3	In watter mate word die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg?	117
5.2.4	Hoe suksesvol is die katalogusgebruiker?	118
5.2.5	Hoe word die klapper tot die sistematiese katalogus gebruik?	119
5.2.6	Verlang die gebruikers bykomende inligting op die kataloguskaart?	120

	<u>Bladsy</u>
5.3 Gevolgtrekkings en aanbevelings	120
5.4 Kan 'n verkorte rekenaarmatige katalogus voorsien word?	126
5.5 Opmerkings deur gebruikers en persoonlike waarnemings	131
5.6 Verdere navorsing	135
5.7 Slot	137
Bibliografie	138
Bylaes	
1. Instruksies aan respondente : Loodsstudie	142
2. Vraelys : Loodsstudie	143
3. Kataloguskaart : konsep	145
4. Finale vraelys	145
5. Vraelyste ingesamel tydens opnametydperk 13 Augustus - 5 September 1979	147
Summary	149

LYS TABELLE

<u>Tabel</u>		<u>Bladsy</u>
1	Ander studies : Gebruik van die items op die kataloguskaart	17
2	Kategorieë gebruikers	35
3	Fakulteite waarvandaan gebruikers afkomstig is	38
4	Gebruikerskategorieë versus fakulteite	40
5	Fakulteite versus gebruikerskategorieë	41
6	Onderwerpe waaroor die katalogus geraadpleeg is	45
7	Onderwerpsverdelings waaroor die katalogus geraadpleeg word	46
8	Redes waarom die katalogus geraadpleeg word	47
9	Gebruikerskategorieë versus redes	49
10	Wat die gebruikers soek	53
11	Wat die gebruikers soek versus kategorieë gebruikers	55
12	Wat die gebruikers soek versus die redes waarom hulle die katalogus raadpleeg	59
13	Die redes waarom die gebruikers die katalogus raadpleeg versus wat hulle soek	62
14	Items geraadpleeg	66
15	Gebruikers versus items geraadpleeg	68
16	Redes versus items geraadpleeg	74
17	Items geraadpleeg versus redes	76
18	Tipes inligting versus items geraadpleeg	79
19	Items geraadpleeg versus tipes inligting	81
20	Welslae	85
21	Gebruikerskategorieë versus welslae	86
22	Welslae versus fakulteite	88
23	Redes versus welslae	89

	<u>Bladsy</u>
24	Inligting gesoek versus welslae 91
25	Welslae versus inligting gesoek 92
26	Klapper geraadpleeg 95
27	Klappergebruik versus kategorieë gebruikers 96
28	Kategorieë gebruikers versus klappergebruik 98
29	Fakulteite versus klappergebruik 102
30	Redes versus klappergebruik 103
31	Klappergebruik versus redes 104
32	Inligting gesoek versus klappergebruik 104
33	Tale waarin gebruikers klapper raadpleeg 105
34	Kategorieë gebruikers versus tale 107
35	Tale waarin individuele voorgraadse studente die klapper raadpleeg 108
36	Tale versus kategorieë gebruikers 110

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Probleemstelling

Die biblioteekatalogus vorm 'n belangrike kommunikasiekanaal tussen 'n biblioteek en sy gebruikers. Dit is inderdaad die belangrikste instrument wat gebruik word om biblioteekmateriaal vir die gebruiker te ontsluit. Na aanleiding van Cutter (7:12) se formulering van die funksies van 'n katalogus, asook die herformulering daarvan deur die International Federation of Library Associations (10:26), blyk dit dat 'n katalogus fundamenteel die volgende moet aandui:

- 1.1.1 of 'n biblioteek 'n spesifieke boek besit;
- 1.1.2 watter werke van 'n bepaalde skrywer in die biblioteek aangetref word;
- 1.1.3 watter werke oor 'n sekere onderwerp in die biblioteek aanwesig is;
- 1.1.4 die plek waar 'n bepaalde boek op die rakke gevind kan word.

As streng volgens bogenoemde funksies gekatalogiseer word, is slegs die volgende bibliografiese items op 'n katalogusrekord blykbaar nodig: skrywer, titel, onderwerpsaanduiding, uitgawe, raknommer en moontlik die datum van uitgawe. Die gemiddelde kataloguskaart wat volgens die tradisionele bibliografiese beskrywingsmetode opgestel is, bevat egter heelwat meer inligting as die bogenoemde vyf of moontlike ses items.

Die vraag ontstaan nou of al die bibliografiese besonderhede op die tradisionele kataloguskaart werklik nodig is. Word dit nie bloot verstrekkend op grond van 'n jarelange tradisie nie? Maak die gebruikers, ter wille van wie 'n katalogus tog saamgestel word, gebruik van al die inligting wat op die kaartjies voorsien word? Sal 'n verkorte rekord met slegs die noodsaaklikste inligting nie net so goed in hulle behoeftes voorsien

nie? Die vraag kan ook gestel word of so 'n verkorte rekord nie makliker geraadpleeg sal kan word nie as die tradisionele kataloguskaart met sy baie gegewens.

Biblioteke in Suid-Afrika en in die buiteland is tans besig om in toenemende mate hulle katalogusse te rekenariseer. Dit geld dan ook vir die biblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat waar katalogusrekords volgens die SAMARC-formaat geskep word. Die kaartkatalogus sal uiteindelik vervang word deur 'n rekenaarmatige boekkatalogus of katalogus in mikrovorm wat deur gereelde kumulasies op datum gehou sal word. Om katalogusgebruikers nie te verontrief nie, sal meervoudige eksemplare van die boek- of mikrovormkatalogus aan hulle beskikbaar gestel moet word. Agter die skerms, soos byvoorbeeld in die ontsluitingsafdeling, sal ook eksemplare van hierdie katalogus beskikbaar moet wees. Sulke katalogusse is baie duur, veral as hulle gereeld op datum gehou moet word. Daarom is die vrae wat vroeër gestel is, so belangrik. 'n Verkorte katalogus is terselfder tyd ook 'n goedkoper katalogus. Indien 'n verkorting egter die katalogus se gebruikerswaarde sou verminder, sou dit weinig verdere nut as 'n ontsluitingsinstrument besit. Dit is dus baie belangrik dat die werklike gebruikswaarde van al die bibliografiese items op die katalogusrekord noukeurig bepaal word voordat besluit word om 'n verkorte katalogus in die praktyk daar te stel.

1.2 Doel van die ondersoek

Na aanleiding van bostaande probleem, poog hierdie studie dus om te bepaal in watter mate die onderskeie bibliografiese gegewens op die rekords van die bestaande kaartkatalogus gebruik word. Besonderhede moes dus ingewin word oor die mate waarin die inligting vervat in die bestaande kaartkatalogus benut word. Daar is gehoop dat die resultate 'n beter insig in die gebruik van die bestaande kaartkatalogus, asook in die behoeftes van sy gebruikers tot gevolg sou hê. Voortspruitend hieruit poog die ondersoek om vas te stel of 'n rekenaarmatige boekkatalogus met verkorte rekords ewe doeltreffend in die gebruikers se behoeftes sal voorsien as die huidige kataloguskaart met sy vollediger besonderhede.

1.3 Vrae wat beantwoord moes word

Om die doel van hierdie studie te bereik, moes die volgende vrae beantwoord word:

1.3.1 Wie raadpleeg die kaartkatalogus van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat?

In 'n studie oor die gebruik van die kaartkatalogus is dit noodsaaklik om die gebruikers te identifiseer. Ander katalogusstudies het meesal gekonsentreer op die verskillende kategorieë gebruikers, byvoorbeeld studente, dosente, ensovoorts. In hierdie studie moes egter ook die fakulteite waarvandaan gebruikers afkomstig was, bepaal word. Sodoende kon vasgestel word of die gebruikers van sekere fakulteite of kategorieë meer behoefte het aan die inligting op die kataloguskaartjies as dië van ander fakulteite of kategorieë. Terselfdertyd is die hoop gekoester dat insiggewende bykomende inligting verkry sou word oor die mate waarin die groepe gebruikers, dit wil sê kategorieë sowel as fakulteite, die katalogus benut.

1.3.2 Hoekom word die kaartkatalogus geraadpleeg?

Hierdie studie wou ook vasstel oor watter onderwerpe die katalogus om inligting geraadpleeg word, asook om watter redes die inligting verlang word, byvoorbeeld vir werkopdragte, onderrig, ensovoorts. Verder moes ook vasgestel word of die katalogus geraadpleeg word vir onderwerpsinligting, of vir spesifieke boeke, ensovoorts. Indien besluit sou word om die besonderhede op die katalogusrekords te verminder, moet eers baie deeglik besin word oor die moontlike uitwerking wat dit kan hê op soektogte wat vir sekere doeleindes geloods word. Die studie kon byvoorbeeld aandui dat gebruikers wat onderwerpsinligting verlang, meer items op die kataloguskaart raadpleeg as dië wat slegs spesifieke boeke soek. Daarom moes hierdie studie die redes vir die raadpleging van die katalogus vasstel.

1.3.3 In watter mate word die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg?

Ten einde te bepaal of sekere bibliografiese items wat op die

tradisionele katalogusrekord aangetref word, weggelaat kan word, moes vasgestel word in watter mate hulle wel geraadpleeg word. Om hierdie vraag so volledig as moontlik te beantwoord, moes nie slegs die gebruiksfrekwensie van elke item bepaal word nie, maar ook deur wie dit geraadpleeg word en hoekom.

1.3.4 Het die gebruikers die verlangde inligting in die katalogus gevind?

Hierdie studie wou vasstel hoe doeltreffend die katalogus in sy huidige vorm is. Dus moes bepaal word in hoeverre gebruikers van die verskillende kategorieë en fakulteite suksesvol is wat betref die vind van inligting. Om die prentjie af te rond oor die sukses al dan nie waarmee die katalogus geraadpleeg word, moes ook vasgestel word watter sukses behaal word deur gebruikers wat die katalogus vir die verskillende doeleindes raadpleeg.

1.3.5 Hoe word die klapper tot die sistematiese katalogus gebruik?

Die Hoofbiblioteek se klapper tot die sistematiese katalogus was al die onderwerp van vele bespiegelings oor sy nut al dan nie. Die klapper word in Afrikaans sowel as in Engels saamgestel. Daar moes dus vasgestel word of die klapper enige noemenswaardige nut vir die gebruikers het en of dit enigsins die moeite loon om dit in albei landstale aan te bied.

1.3.6 Verlang die gebruikers bykomende inligting op die kataloguskaart?

Die studie wou probeer aandui of daar by 'n beduidende aantal gebruikers moontlik addisionele behoefte bestaan waarin 'n toekomstige katalogus sal moet voorsien.

1.3.7 Kan 'n verkorte rekenaarmatige katalogus voorsien word?

Nadat al die vorige vrae beantwoord is, wou hierdie studie vasstel of 'n verkorte rekenaarmatige katalogus voorsien kan word en of dit nie beter sou wees om voort te gaan met die daarstelling van vollediger rekords nie.

Die hoop het ook bestaan dat die antwoorde op bogenoemde sewe vrae waardevolle bykomende inligting sou verstrek oor aspekte van katalogusgebruik wat voorheen nie besef was nie, of slegs vermoed was.

1.4 Terminologie

1.4.1 In hierdie studie word met "spesifieke boek" bedoel boeke waarvan die skrywers en/of titels bekend is aan die gebruiker.

1.4.2 Met "item" word die afsonderlike bibliografiese items soos dit op die kataloguskaart aangetref word, bedoel.

1.4.3 Na die huidige kaartkatalogus is meesal bloot as "katalogus" verwys. Waar 'n katalogus in enige ander fisiese formaat bedoel word, word dit as sulks gestel.

1.4.4 Die woord "klapper" dui deurentyd op die alfabetiese klapper tot die sistematiese katalogus. Aangesien gebruikers nie vertrouwd is met die woord "klapper" nie, is die term "onderwerpsindeks" deurgaans gedurende die ondersoek en op die vraelys teenoor hulle gebruik. In die biblioteek self word die klapper fisies aangedui as "onderwerpsindeks."

1.4.5 Met "gebruiker" word spesifiek die katalogusgebruiker bedoel, tensy anders vermeld.

1.4.6 Na die datum van uitgawe is meesal bloot as "datum" verwys.

1.4.7 Die woord "Hoofbiblioteek" dui deurentyd op die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

1.5 Verdere hoofstukke

In hoofstuk twee van hierdie verhandeling word die toepaslike bevindings van ander studies oor katalogusgebruik bespreek. Na aanleiding van bogenoemde bevinding waarvan sommige ooreenstem-

ming getoon het, word hipoteses vir hierdie studie geformuleer. Hoofstuk drie bespreek die metode van ondersoek, terwyl die resultate daarvan in hoofstuk vier ontleed word. Hoofstuk vyf bevat 'n samevatting van die resultate, asook die gevolgtrekkings wat op die bevindings betrekking het. Spesiale aandag word geskenk aan die vraag of 'n verkorte rekenaaromatige katalogus wel daargestel kan word. Die katalogusgebruikers se opmerkings tydens die studie word ook bespreek. Ten slotte word onderwerpe vir verdere studie aan die hand gedoen.

HOOFSTUK 2

ANDER STUDIES OOR KATALOGUSGEBRUIK

2.1 Inleiding

Die doel met hierdie hoofstuk is nie om ander studies oor katalogusgebruik volledig te beskryf nie, maar slegs om opsommenderwys inligting wat ter sake is vir hierdie ondersoek, daaruit aan te haal.

As vertrekpunt vir die insameling van inligting oor katalogusgebruik aan universiteitsbiblioteke, is Krikelas, Lancaster, Montague, Palmer en Seal (13; 14; 25; 26; 32) geraadpleeg. Aangesien die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat 'n sistematiese katalogus besit, is studies wat bloot oor die gebruik van die onderwerpsgedeelte van woordeboekkatalogusse handel, slegs as 'n onderwerpsbenadering geïnterpreteer. Dieselfde geld vir studies wat handel oor die gebruik van saakhoofde. Ten opsigte van hierdie studie is geen wyer of dieper betekenis dus daaraan geheg nie. Waar egter verslag gegee is van die gebruik van die verskillende items op die kataloguskaart, is daar wel kennis geneem van die gebruik van die saakhoof. Dit is gedoen ten einde te probeer bepaal in hoeverre katalogusgebruikers die onderwerpsinligting op die kaartjie benut. Een spesifieke studie (37) het slegs betrekking op die naamkatalogus. Ook in dié geval is slegs kennis geneem van enkele toepaslike gevolgtrekkings.

Sewentien studies se resultate oor katalogusgebruik is met dié van hierdie ondersoek vergelyk. Die vroegste studie, naamlik dié van Akers (1) is ongeveer in 1930 onderneem. Van der Merwe (37) se studie is die nuutste in dié verband en is in 1979 uitgevoer. Maclean (19) se studie het in Nieu-Seeland plaasgevind, dié van Hall en Seal (9) in Engeland, terwyl Maltby (22) sy ondersoek in die Verenigde Koninkryk onderneem het. Van der Merwe se studie het in Suid-Afrika plaasgevind. Die ander dertien studies is in die Verenigde State van Amerika uitgevoer. Ses studies, naamlik dié van Amos, Brown, Lee, Penalosa, Riddle en van der Merwe (2; 4; 15; 27; 31; 37) is as Magister-

verhandelings aangebied en een studie, naamlik dié van Palmer (26) as 'n doktrale proefskrif. Die navorsingsveld van elf studies, naamlik dié van Akers, Amos, Brown, Chwe, Kerr, Lee, Lipetz, Miller, Palmer, Riddle en van der Merwe (1:394; 2:1; 4:14; 6:94; 12:134; 15:26; 18:1; 24:630; 26:13; 31:3; 37:1) was uitsluitlik tot universiteitsbiblioteke beperk. Sowel Penalosa as Tagliacozzo (27:1; 35:226) het 'n vergelyking getref tussen 'n universiteitsbiblioteek en 'n openbare biblioteek. Drie studies, naamlik dié van Jackson, Maclean en Maltby (11:7; 19:165; 23:192) het 'n verskeidenheid van biblioteektipes behels. Hall en Seal (9:5) se ondersoek is in 'n technikonbiblioteek uitgevoer.

Die resultate van bogenoemde studies oor die katalogusgebruik aan universiteitsbiblioteke, was nie volkome vergelykbaar met dié van hierdie ondersoek nie. Dit kan basies toegeskryf word aan verskille in geografiese ligging, taal, doel, metode, statistiese betroubaarheid, fisiese omstandighede, sowel as die tydsverloop sedert sommige studies plaasgevind het. Hoewel die studies se resultate soms van mekaar verskil omdat die omstandighede van die onderskeie ondersoeke varieer, is vergelykbare gegewens en ooreenstemming tog wel gevind.

2.1.2 Doelstellings

Die sewentien studies het verskeie doelstellings beoog:

2.1.2.1 Miller (24:630) wou vasstel in watter mate gebruik gemaak word van die inligting op die kataloguskaart.

2.1.2.2 Met sy betrokke studie wou Akers (1:394) bepaal watter items op die kataloguskaart deur gebruikers benut word en watter geraadpleeg sou gewees het, indien dit wel op die kaart sou voorkom.

2.1.2.3 Brown (4:14) wou daarenteen vasstel wie die katalogus raadpleeg, om watter redes dit geraadpleeg word en watter tipe materiaal verlang word.

2.1.2.4 Die doel van Penalosa (27:1) se studie was om ondersoek

in te stel na die wyse waarop studente die kaartkatalogusse gebruik, asook die probleme wat hulle in dié verband ondervind.

2.1.2.5 Lee (15:26) wou bepaal om watter redes studente die kaartkatalogus gebruik, hoe hulle te werk gaan om die verlangde inligting te bekom, asook watter items op die kataloguskaart gebruik word. Ook wou hy vasstel in watter mate dosente, deur die uitdeel van werkopdragte, die gebruik van die katalogus aanmoedig.

2.1.2.6 Met sy studie wou Riddle (31:6-8) bepaal wie die katalogus gebruik, asook hoe dikwels, om watter redes en op watter wyse dit geraadpleeg word. Laastens het hy probeer aandui watter probleme die katalogusgebruiker ondervind.

2.1.2.7 Amos (2:1-2) wou vasstel in hoe 'n mate studente die kaartkatalogus gebruik om in hulle behoeftes te voorsien. Die items op die kataloguskaart wat die meeste gebruik word, sowel as dié wat die minste gebruik word, is ook aangetoon.

2.1.2.8 Die doel van Jackson (11:1) se studie was om die eise wat gebruikers aan die katalogus stel, te identifiseer. Vervolgens wou hy bepaal in hoe 'n mate die katalogus aan hierdie vereistes voldoen en watter areas deegliker navorsing vereis.

2.1.2.9 Lipetz (18:129) wou inligting bekom oor die gebruik van die katalogus, die gebruiksvolume, die aard van die gebruikers, die tipes soektogte wat aangepak is, hoe die katalogus reageer op navrae en, laastens, die katalogus se potensiaal. Sy studie was daarop gemik om die katalogus se tekortkomings uit te wys alvorens daar 'n aanvang geneem is met rekenarisering. Sodoende sou duur foute voorkom word. Verder moes die ondersoek meehelp om die tradisionele kaartkatalogus te verbeter.

2.1.2.10 Palmer (26:14) wou vasstel wie die katalogus gebruik, om watter redes, asook met watter mate van sukses. Die verskillende items wat op die kataloguskaart geraadpleeg word, het ook sy aandag geniet. Met die oog op 'n gerekenariseerde katalogus wou hy bepaal of 'n hipotetiese kataloguskaart met slegs vyf items, in die meeste gebruikers se behoeftes sou voorsien.

2.1.2.11 Met sy studie wou Maltby (20:260) bepaal watter gebruik van katalogusse gemaak word, asook die belangrikheid van die verskillende items op die kaartjie. Voorts het die inligting waaroor gebruikers beskik wanneer hulle met 'n soektog in die katalogus begin, hom ook geïnteresseer.

2.1.2.12 Die doel van Maclean (19:167-170) se studie was om inligting te bekom oor die gebruik en nie-gebruik van die katalogus, opleiding in katalogusgebruik en gebruikers se idees oor moontlike verbeterings aan die katalogus.

2.1.2.13 Tagliacozzo (35:226-241) wou inligting inwin oor die gedrag van 'n gebruiker wanneer 'n gids (directory) geraadpleeg word. Aangesien hy die beginsels vir die ontwerp van 'n gids wou bepaal, het hy die katalogus, ook 'n tipe gids, daarvoor gebruik. Hy wou vasstel wie die katalogusgebruiker is, die tipes soektogte, sukses en mislukking wat behaal is in die raadpleging van die katalogus, strategieë asook wat gebeur wanneer soektogte voltooi is.

2.1.2.14 Op sy beurt wou Chwe (6:94) uitvind wat die funksie van 'n katalogus is, watter inligting daarin gesoek word en watter regverdiging bestaan vir al die elemente wat op die tradisionele kataloguskaart aangetref word. Hy was van mening dat die weglating van onnodige elemente op 'n Rekenaar Uitvoer Mikrovormkatalogus heelwat tyd en arbeid behoort te bespaar op die kort-, sowel as op die langtermyn, vandaar die ondersoek.

2.1.2.15 Kerr (12:134) het weer gepoog om 'n aantal dosente, dekane, presidente en bibliotekaris se menings oor die katalogus in te win.

2.1.2.16 Hall en Seal (9:5) se studie verdien spesiale vermelding. Dit is sover, bekend, die enigste studie wat die nut van 'n verkorte katalogus teenoor dié van 'n volledige katalogus prakties probeer vasstel het.

2.1.2.17 Met sy studie wou van der Merwe (37:54) die volgende bepaal:

" - of die RAU se naamkatalogus aan sy doel beantwoord, met ander woorde is dit moontlik om in 'n vindlys met minimum bibliografiese besonderhede 'n werk te identifiseer en te lokaliseer.

- in hoeverre die afwesigheid van volledige bibliografiese gegewens die identifisering en lokalisering van 'n dokument beïnvloed, en

- of die fisiese formaat van die katalogus 'n invloed op die identifisering en lokalisering van 'n dokument het."

Die onderliggende motief van al hierdie studies was om 'n bruikbaarere katalogus te bewerkstellig.

2.3 Metodes

Die onderskeie studies verskil onderling drasties wat hulle ondersoekmetodes betref. In sewe studies, naamlik dié van Amos, Brown, Lipetz, Palmer, Riddle, Tagliacozzo en van der Merwe (2:18; 4:20; 16:135; 26:51; 31:17; 35:226; 37:58), is hulle populasies gedefinieer. Daarenteen het tien studies, naamlik dié van Akers, Chwe, Hall en Seal, Jackson, Kerr, Lee, Maclean, Maltby, Miller en Penalosa (1; 6; 9; 11; 12; 15; 19; 22; 24; 27), nagelaat om hulle populasies te definieer.

In nege studies, naamlik dié van Brown, Jackson, Lee, Lipetz, Miller, Penalosa, Riddle, Tagliacozzo en van der Merwe (4:15; 11:6; 15:26; 18:1; 24:630; 27:11; 31:9; 35:226; 37:54) is onderhoude gevoer terwyl in vyf ondersoeke, naamlik dié van Chwe, Kerr, Maclean, Maltby en Palmer (6:95; 12:134; 19:166; 23:189; 26:49) vraelyste verkies is. Amos (2:17) sowel as Hall en Seal (9:6) het beide metodes gebruik terwyl Akers (1:395) voorkeur gegee het aan kontrolelyste.

In drie studies, naamlik dié van Akers, Amos en Penalosa (1:394; 2:1; 27:11), is slegs studente ondervra, terwyl in die vier studies van Lee, Miller, Riddle en Tagliacozzo (15:26; 24:631; 31:9; 35:228) onderskeidelik, onderhoude alleen met studente en dosente gevoer is. Kerr (12:134) op sy beurt het presidente,

dekane, bibliotekaris en professore ondervra. Alle kategorieë gebruikers is in nege studies, naamlik dié van Brown, Chwe, Hall en Seal, Jackson, Lipetz, Maclean, Maltby, Palmer en van der Merwe (4:19; 6:95; 9:5; 11:8; 18:41; 19:106; 23:189; 26:64; 37:72), betrek.

2.4 Bevindings

Uit die resultate van die verskillende studies oor katalogusgebruik is gepoog om antwoorde te vind op vrae wat ook in hierdie studie ondersoek word, naamlik:

- Wie raadpleeg die katalogus?
- Hoekom word die katalogus geraadpleeg?
- + In watter mate word die klapper tot die sistematiese katalogus en die verskillende items op die kataloguskaart gebruik?
- Hoe suksesvol is die gebruiker in die raadpleging van die katalogus?
- Verlang die gebruiker bykomende inligting op die kataloguskaart?
- Kan 'n verkorte rekenaaromatige katalogus voorsien word?

Die betrokke studies het nie altyd antwoorde op bogenoemde vrae probeer verstrek nie. Daarom moes die resultate soms herinterpreteer word ten einde hulle met hierdie studie se bevindings te vergelyk, asook om hipoteses af te lei en te formuleer. Geen studies kon opgespoor word wat handel oor die gebruik van die klapper tot die sistematiese katalogus nie. Dus kon daar geen bevindings oor die klapper verstrek word nie.

2.4.1 Wie raadpleeg die katalogus?

In ses studies is die gebruikers van die katalogus geïdentifiseer. Amos (2:20) het in sy studie slegs die studentekategorieë ondersoek. Brown, Jackson, Lipetz, Palmer en Riddle (4:19; 11:8; 17:42; 26:64; 31:17) het gevind dat studente die kaartkatalogus die meeste gebruik. Amos, Brown, Jackson en Riddle het vasgestel dat voorgraadse studente die katalogus die meeste

gebruik, terwyl Palmer en Lipetz gevind het dat die katalogus meesal deur nagraadse studente benut word. In die geval van die Universiteit van Michigan, is daar 'n voorgraadse biblioteek net langs die hoofbiblioteek waar die ondersoek uitgevoer is, geleë. Dit bied die rede waarom Palmer (26:63) in sy studie tot die slotsom kom dat die katalogus hoofsaaklik deur nagraadse studente geraadpleeg word. Ander kategorieë gebruikers, byvoorbeeld dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel en besoekers gebruik die katalogus min. Palmer (26:64) het gevind dat, hoewel slegs 4,2% katalogusgebruikers uit dosente bestaan, hulle in werklikheid meer as 50% van die Universiteit van Michigan se dosentegetal uitmaak.

Bogenoemde ses studies stem ooreen oor die volgende aspekte:

- Katalogusgebruikers bestaan meesal uit studente.
- Ander kategorieë gebruikers, byvoorbeeld dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel en besoekers raadpleeg die katalogus min.
- Vier studies het gevind dat voorgraadse studente die katalogus die meeste gebruik.

2.4.1.1 Hipotese

Na aanleiding van bostaande resultate, wou hierdie studie die hipotese, naamlik dat die grootste persentasie katalogusgebruikers uit voorgraadse studente bestaan, toets.

2.4.2 Hoekom word die katalogus geraadpleeg?

Ten einde vas te stel of die katalogus vir werkopdragte, navorsing, byleeswerk, persoonlike gebruik, ensovoorts, geraadpleeg word, is vyf studies, naamlik dié van Amos, Brown, Lee, Palmer en Riddle, se resultate gebruik. Die bevinding van al hierdie studies was dat die katalogus meesal vir werkopdragte geraadpleeg word (2:26; 4:22; 15:26; 26:68; 31:21). Tydens sy studie het Palmer (26:68) vasgestel dat die katalogus verder, in dalende orde van belangrikheid, vir navorsing, persoonlike gebruik, onderrig, asook om ander redes, geraadpleeg word. Voorts het Palmer (26:69) en Riddle (31:21) albei ondersoek

ingestel na die mate waarin die verskillende kategorieë gebruikers die katalogus om spesifieke redes raadpleeg. Palmer het gevind dat die meeste voorgraadse en nagraadse studente die katalogus in verband met werkopdragte raadpleeg. Die meeste dosente gebruik die katalogus vir navorsing, terwyl die biblioteekpersoneel dit meesal om ander redes raadpleeg. Hy het ook vasgestel dat die meeste ander universiteitspersoneel en besoekers die katalogus vir navorsingsdoeleindes raadpleeg. Met sy betrokke studie het Riddle ook, net soos Palmer, gevind dat die meeste studente die katalogus vir werkopdragte raadpleeg. Die meeste dosente het dit egter gebruik slegs om vas te stel of 'n spesifieke boekbestelling opgedaag het.

Om vas te stel of die katalogus vir 'n spesifieke boek, onderwerpsinligting of bibliografiese besonderhede geraadpleeg word, is agt studies, naamlik dié van Hall en Seal, Kerr, Lee, Lipetz, Palmer, Penalosa, Riddle en Tagliacozzo, nagegaan. In vyf studies, dié van Jackson, Lipetz, Palmer, Penalosa en Tagliacozzo (11:6; 18:45; 26:70; 27:18; 35:230), is gevind dat spesifieke boeke die meeste gesoek word, gevolg deur onderwerpsinligting; die katalogus is die minste geraadpleeg vir bibliografiese besonderhede. Kerr (12:134) het vasgestel dat ses-en-veertig uit sewe-en-veertig respondente spesifieke boeke gesoek het. Volgens die resultate van Riddle (31:19) en Hall en Seal (9:6) se studies soek die meeste gebruikers spesifieke boeke, gevolg deur bibliografiese inligting. Riddle kom voorts tot die gevolgtrekking dat die katalogus die minste gebruik word ten einde onderwerpsinligting te bekom. Slegs Lee (15:26) het vasgestel dat die katalogus meesal vir onderwerpsinligting geraadpleeg word, gevolg deur spesifieke boeke en bibliografiese gegewens.

Met die doel om te bepaal in watter mate die verskillende kategorieë gebruikers die katalogus raadpleeg vir spesifieke boeke, onderwerpsinligting en bibliografiese inligting, is drie studies, naamlik dié van Jackson, Palmer en Penalosa, nagegaan. Jackson (11:10) het gevind dat voorgraadse studente meesal onderwerpsinligting verlang, terwyl nagraadse studente en

dosente hoofsaaklik op soek was na spesifieke boeke. Volgens Palmer (26:71) soek 'n groter persentasie dosente as nagraadse studente, asook meer nagraadse studente as voorgraadse studente, spesifieke boeke. Hy het ook vasgestel dat 'n groter persentasie voorgraadse studente as nagraadse studente en meer nagraadse studente as dosente, onderwerpsinligting verlang. Die grootste persentasie gebruikers wat op soek is na bibliografiese inligting, bestaan uit biblioteekkundestudente. Met die uitsondering van voorgraadse studente, verlang meer as 14% van elke kategorie gebruikers bibliografiese inligting. Penalosa (27:34) het gevind dat die meeste voorgraadse en nagraadse studente die katalogus vir spesifieke boeke geraadpleeg het en daarna vir onderwerpsinligting. Al hierdie studies is dit eens dat die katalogus minder vir onderwerpsnavrae benut word namate 'n gebruiker se akademiese kwalifikasies styg. Jackson (11:60,61) het ewe eens vasgestel dat die gebruikers wat die katalogus vir spesifieke items raadpleeg, meesal uit studente bestaan. Hulle word gevolg deur bibliotekarisse. Dosente en ander universiteitspersoneel wat die katalogus vir spesifieke items raadpleeg, is volgende op die lys.

Die studies het dus, met enkele uitsonderings, tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- Die katalogus word meesal vir werkopdragte geraadpleeg.
- Die katalogus word veral vir 'n spesifieke boek geraadpleeg, gevolg deur onderwerpsinligting en bibliografiese inligting.
- Die katalogus word minder vir onderwerpsnavrae benut namate 'n gebruiker se akademiese kwalifikasies styg.

2.4.2.1 Hipoteses

Na aanleiding van bostaande resultate, wou hierdie studie die volgende hipoteses toets:

- Die meeste gebruikers soek inligting vir werkopdragte.
- Die meeste gebruikers soek spesifieke boeke waarvan die skrywers en/of titels reeds aan hulle bekend is.

2.4.3 In watter mate word die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg?

Wat die gebruik van die verskillende items op die kataloguskaart betref, is dertien studies nagegaan, naamlik dié van Amos, Akers, Brown, Chwe, Kerr, Lee, Lipetz, Maclean, Maltby, Miller, Palmer, Penalosa en Riddle (1:399, 2:23; 4:30; 6:96; 12:135; 15:26, 27 17:48; 19:167; 23:194,195; 24:633; 26:83; 27:26; 31:26). Die metodes waarvolgens die inligting ingesamel is, sowel as die gebrek aan getalle en persentasies in sommige gevalle, bemoeilik die berekening van gemiddeldes. Beide Maclean en Maltby het die mate waarin die outeur, titel en saakhoof gebruik word, slegs bereken volgens die gebruiker se soekpunt (approach). Lipetz het alle items wat deur sy ondersoek gedek is, volgens soekpunt bereken. Daarenteen is slegs die items wat selde geraadpleeg word, deur Lee gespesifiseer. Geen verdere aanduiding word gegee of die oorblywende items baie of redelik baie geraadpleeg word nie. Met hierdie beperkings in gedagte, is tabel 1 opgestel. Die gebruik is as "baie" aangedui vir persentasies van 25 tot 100 in die ondersoekresultate, van 10% tot 24% is as "redelik" aangedui, terwyl minder as 10% as "min" aangedui is. Chwe se indelings "absoluut noodsaaklik" en "baie handig" is op die tabel aangedui as "baie" en sy indeling "handig", as "redelik."

Volgens die voorafgaande tabel word die volgende items baie geraadpleeg: skrywer, titel, onderwerp, raknommer en datum van uitgawe. Die uitgawe, plek en uitgewer word matig geraadpleeg. Slegs Chwe het die gebruik van die ISBN aangedui en in die proses gevind dat dit matig geraadpleeg word. Al die ander items op die kataloguskaart word egter min geraadpleeg.

Ten einde vas te stel in watter mate die verskeie kategorieë gebruikers die verskillende items op die kataloguskaart benut, is die resultate van vyf studies, naamlik dié van Amos, Brown, Miller, Palmer en Riddle vergelyk (2:45; 4:31; 24:635; 26:82; 31:25). Hierdie studies het bevind dat gebruikers meer items op die kataloguskaart raadpleeg namate hulle akademiese kwalifikasies styg

TABEL 1

ANDER STUDIES : GEBRUIK VAN DIE ITEMS OP DIE KATALOGUSKAART

Items	Akers	Amos	Brown	Chwe	Kerr	Lee	Lipetz	Maclean	Maltby	Miller	Palmer	Pena- losa	Riddle	Gemid- delde
Skrywer	1	1	1	1	1	-	1	1	1	1	1	2	2	1
Titel	1	1	1	1	1	-	1	1	1	1	1	1	2	1
Onderwerp	1	1	-	-	2	-	3	1	1	-	1	-	-	1
Rakno.	1	3	1	1	1	-	-	-	-	-	1	-	-	1
Plek	1	3	3	1	1	3	-	-	-	3	2	3	-	2
Uitgewer	1	3	3	1	2	3	3	2	2	3	2	3	-	2
Datum	1	3	2	1	1	-	-	2	2	1	1	2	-	1
Uitgawe	1	3	3	1	-	-	-	2	2	3	2	3	3	2
Vertaler	1	3	3	-	-	3	3	-	-	3	3	3	3	3
Inhoud	1	3	3	-	2	-	-	-	-	3	3	3	-	3
Illus.	1	3	3	2	2	3	-	3	3	3	3	3	3	3
Bladsye	1	3	3	2	2	-	-	3	3	2	3	3	3	3
Grootte	2	3	3	2	2	-	-	-	3	3	3	3	3	3
Reeks	1	3	3	2	3	3	3	-	-	3	3	3	-	3
Volumes	1	3	3	-	-	-	-	3	-	2	2	3	-	3
ISBN	-	-	-	2	-	-	-	-	-	-	-	-	-	3
Eksemplare	-	-	-	-	-	-	-	3	3	3	-	3	-	3

17

1 : Baie (25 - 100%)

2 : Redelik (10 - 24%)

3 : Min (0 - 9%)

- : Nie beskikbaar

Volgens Amos se studie word die datum, plek, uitgawe, inhoud, illustrasies en aantal bladsye minder as 4% deur voorgraadse studente geraadpleeg. Brown het gevind dat die titel die meeste deur elke groep gebruikers geraadpleeg word, gevolg deur die raknommer en die skrywer. Nagraadse studente daarenteen, raadpleeg 'n groter aantal items, soos die datum, aantal bladsye, plek, uitgewer, uitgawe, reeks, vertaler en illustrasies, as wat die geval is by voorgraadse studente. Volgens Miller se studie word feitlik elke item meer deur nagraadse studente en dosente geraadpleeg as deur voorgraadse studente. Daarenteen het Palmer vasgestel dat nagraadse studente en dosente die verskillende items weinig meer raadpleeg as voorgraadse studente. Op sy beurt het Riddle gevind dat die uitgawe belangriker is vir nagraadse studente en dosente en illustrasies vir voorgraadse studente.

Die onderskeie studies het dus die volgende aan die lig gebring:

- Met uitsondering van die skrywer, titel, onderwerp, raknommer, plek, uitgewer en datum, word die ander items op die kataloguskaart min geraadpleeg. Palmer (26:44) het vasgestel dat die gebruikers van ander biblioteke die inhoudsmelding matig raadpleeg.
- Gebruikers raadpleeg meer items op die kataloguskaart namate hulle akademiese kwalifikasies styg.

2.4.3.1 Hipotese

Na aanleiding van bostaande resultate wou hierdie studie die hipotese, naamlik dat slegs die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum baie geraadpleeg word, toets.

2.4.4 Hoe suksesvol is die gebruikers?

Met die doel om vas te stel hoe suksesvol die gebruiker is met die raadpleging van die katalogus, is die resultate van vyf studies, naamlik dié van Amos, Jackson, Lipetz, Palmer en Tagliacozzo vergelyk (2:32; 11:15, 16; 18:50; 26:79; 35:232). Die sukses wat behaal is, wissel van gemiddeld 72,8% (35:232)

tot 90% (2:32). Die gemiddelde persentasie vir die vyf studies is 81,52%. Beide Amos en Palmer het bepaal hoeveel sukses die verskillende kategorieë behaal het. Tydens sy studie het Amos vasgestel dat voorgraadse studente meer suksesvol is as nagraadse studente, naamlik 91,8% teenoor 77,78%. Palmer daarenteen, het gevind dat dosente ("teaching fellows" plus "faculty") die meeste sukses behaal (86,5%), gevolg deur nagraadse studente (85,59%), biblioteekkundestudente en besoekers (84,18% elk), voorgraadse studente (84%), spesiale studente (82,26%), biblioteekpersoneel (79,63%) en ander universiteitspersoneel (76,33%). Dieselfde studie het aan die lig gebring dat gebruikers wat die katalogus geraadpleeg het met die doel om inligting vir onderrigdoeleindes te bekom, die meeste sukses behaal het, naamlik 90,28%. Diegene wat stof vir werkopdragte gesoek het, behaal 86%; vir navorsing, 84,25%; vir persoonlike gebruik, 83,75%; om ander redes, 81,12%. Jackson, Lipetz en Palmer (11:13; 18:50; 26:79) het probeer bepaal hoe suksesvol gebruikers is wat die katalogus om spesifieke redes raadpleeg. Hulle het gevind dat gebruikers wat bibliografiese besonderhede verlang, die meeste sukses behaal, naamlik 85,27%, gevolg deur gebruikers wat onderwerpsinligting (84,34%) en spesifieke boeke (79,27%), soek. Palmer het ook vasgestel dat gebruikers wat die katalogus om ander as bogenoemde redes raadpleeg, 84,15% suksesvol is.

Hierdie studies het dus die volgende resultate gelewer:

- Die meeste katalogusgebruikers is suksesvol met hulle raadpleging van die katalogus.
- Drie studies is dit eens dat gebruikers wat die katalogus om bibliografiese besonderhede raadpleeg, die meeste sukses behaal. Na hulle volg gebruikers wat onderwerpsinligting verlang en wat op soek is na spesifieke boeke.

2.4.4.1 Hipotese

Na aanleiding van bostaande resultate wou hierdie studie die hipotese, naamlik dat die meeste katalogusgebruikers suksesvol is wat betref hulle raadpleging van die katalogus, toets.

2.4.5 Verlang die gebruikers bykomende inligting?

In Akers (1:405) se studie moes studente aandui watter tipe inligting hulle graag op die kataloguskaart sou wou sien. Altesaam 12,5% studente het hierdie vraag beantwoord en die volgende versoek: die skrywer se nasionaliteit (2 gebruikers); die name van 'n paar van die beste kritici oor die betrokke skrywer se werke (1 gebruiker); die letterkundige skole waaraan sekere skrywers behoort (1 gebruiker); volledige lysste van die skrywers se werke, publikasiedatums en of dit in die biblioteek beskikbaar is (1 gebruiker); verwysings na biografieë oor die betrokke skrywers (1 gebruiker); verwysings na aanvullende materiaal (2 gebruikers); die skrywer se status (1 gebruiker); die name van resensente van spesifieke skrywers (1 gebruiker); inligting oor die inhoud van boeke (5 gebruikers); of 'n boek gesensureer is (1 gebruiker); of 'n fiktiewe werk 'n blitsverkoper is (1 gebruiker); hoe reserent 'n skrywer se inligting is (1 gebruiker); die spesifieke vloer of afdeling van die biblioteek waar 'n sekere boek te vinde is (2 gebruikers); bibliografieë oor spesifieke onderwerpe (1 gebruiker); nuutste uitgawes, selfs al besit die biblioteek dit nie (1 gebruiker); die voorwoord en die skrywer daarvan (1 gebruiker); die prys van die boek (1 gebruiker); statistiese katalogusse (1 gebruiker); die boek se kleur (1 gebruiker).

Uit hierdie gedeelte van Akers (1:405) se studie kan afgelei word dat studente nie bewus is van ander bibliografiese hulpmiddels nie.

2.4.6 Kan 'n verkorte rekenaarmatige katalogus voorsien word?

Om vas te stel of 'n verkorte rekenaarmatige katalogus voorsien kan word, is die studies van Chwe, Hall en Seal, Lipetz, Palmer en van der Merwe (6:97; 9:8; 18:71; 26:85, 86; 37:98, 130) geraadpleeg. Chwe wat in sy studie begaan was oor die aantal elemente in 'n Rekenaar Uitvoer Mikrovormkatalogus, het tot die gevolgtrekking geraak dat dit ekonomies ongeregtig en uit 'n funksionele oogpunt ondoeltreffend is om al die tradisionele items op 'n nuwe tipe katalogus aan te bring, veral 'n masjienleesbare katalogus. Die volgende items word deur hom as die

handigste en noodsaaklikste beskou: hoofwoord, titel, datum, uitgawe, leidrade, uitgewer, outeursmelding in die titelpara-graaf, aantekeninge, plek en raknommer. Lipetz het egter bevind dat ander items as die skrywer, titel en onderwerp, definitiewe waarde besit om heelwat soektogte suksesvol te laat verloop. Dit geld veral in gevalle waar bogenoemde items dubbelsinnig of onjuis aangegee word. Gevolglik is hy van mening dat sulke items nie geheel en al weggelaat moet word nie, selfs nie in 'n duur, gerekenariseerde katalogus nie. Palmer het op sy beurt vasgestel dat 'n rekenaarmatige katalogus wat slegs die skrywer, titel, raknommer, saakhoof en datum bevat, in 84% gebruikers se behoeftes sal voorsien, terwyl die toevoeging van die inhoudsmelding 90% tevredenheid sal verskaf. Uit die studie van Hall en Seal blyk dit dat die meeste gebruikers beweer dat hulle 'n verkorte katalogus verkies. Nogtans beveel hulle aan dat 'n volledige weergawe ook beskikbaar moet wees. Van der Merwe vind dat slegs 11% van die gebruikers 'n behoefte aan vollediger gegewens het as bloot die skrywer, titel, standnommer, uitgawe, besitsmelding, aantal volumes en jaar wat in die biblioteek se huidige rekenaarmatige katalogus in boekvorm voorkom. Lipetz, Palmer, asook Hall en Seal, beveel eenparig verdere studie aan voordat finale besluite oor die volledigheid van die katalogus geneem word.

2.5 Hipoteses

Die volgende hipoteses is dus geformuleer na aanleiding van die resultate van die sewentien studies wat bespreek is:

- Die grootste persentasie katalogusgebruikers bestaan uit voorgraadse studente.
- Die meeste gebruikers soek inligting vir werkopdragte.
- Die meeste gebruikers soek spesifieke boeke waarvan die skrywers en/of titels reeds aan hulle bekend is.
- Slegs die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum word baie geraadpleeg.
- Die meeste katalogusgebruikers is suksesvol wat betref hulle raadpleging van die katalogus.

Vir drie verdere hipoteses wat betrekking het op vrae 2, 8 en 9 van die vraelys wat vir hierdie studie aangewend is, ¹⁾ kon geen vergelykbare resultate gevind word nie. Een hipotese is geformuleer na aanleiding van die samestelling van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se universum ²⁾ :

- Die meeste katalogusgebruikers is afkomstig van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Die ander twee hipoteses is geformuleer na aanleiding van waarnemings by die klapper tot die sistematiese katalogus:

- Die meeste katalogusgebruikers raadpleeg die klapper tot die sistematiese katalogus in Afrikaans.
- Die meeste nagraadse katalogusgebruikers raadpleeg die klapper tot die sistematiese katalogus in Engels.

2.6 Slot

In hierdie hoofstuk is gekyk na die bevindings van vorige studies wat met die probleemstellings en resultate van hierdie ondersoek vergelyk kan word. Daar is ook vasgestel watter tendense afgelei kan word uit studies wat reeds elders gedoen is. Na aanleiding van hierdie tendense is vervolgens hipoteses geformuleer. Vir 'n paar vrae in hierdie studie is hipoteses geformuleer na aanleiding van plaaslike omstandighede by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, asook na aanleiding van waarnemings wat in die Hoofbiblioteek gedoen is.

In die volgende hoofstuk word die metode van ondersoek vir hierdie studie verduidelik.

1) Vide, Bylae 4, p. 145

2) Vide, 3.2.1., p. 23

HOOFSTUK 3METODE VAN ONDERSOEK3.1 Inleiding

Ten einde die metode van ondersoek te verduidelik, word die volgende punte bespreek:

- 3.1.1 Onderzoekgroep
- 3.1.2 Onderzoekmiddel
- 3.1.3 Omgewing van ondersoek
- 3.1.4 Wyse van ondersoek

3.2 Onderzoekgroep3.2.1 Universum

Die universum bestaan uit alle studente, doserende personeel, ander blanke personeel en besoekers aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Tydens die ondersoek was die universum soos volg saamgestel:

(a) Studente	
(1) Voorgraadse studente	: 4846
(2) Nagraadse studente	: 1369
(3) Diplomastudente	: <u>1288</u>
(1) + (2) + (3)	: <u>7503</u>
(b) Dosente	: 510
(c) Biblioteekpersoneel	: 61
(d) Ander blanke personeel	: <u>519</u>
(a) + (b) + (c) + (d)	: <u>8593</u>
(e) Besoekers	: Onbekend.

3.2.2 Populasie

Baie lede van die universum gebruik nooit die katalogus nie. Aangesien hierdie studie uitsluitlik toegespits is op die werklike gebruikers van die katalogus, verteenwoordig die universum

nie terselfdertyd die populasie vir die studie nie. Alle biblioteekgebruikers is nie noodwendig katalogusgebruikers nie en daarom vorm hulle ook nie die populasie vir hierdie studie nie. Die populasie bestaan slegs uit alle katalogusgebruikers van die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Dit is dus persone wat vrywillig die kaartkatalogus in die Hoofbiblioteek geraadpleeg het.

3.2.3 Loodsgroep

Vir die doeleindes van die loodsstudie is dertig katalogusgebruikers voor die voet by die katalogus getoets. Die resultate is slegs gebruik om die doeltreffendheid van die ondersoekmiddel te bepaal en is nie in die uiteindelijke bevindings van hierdie studie opgeneem nie.

3.2.4 Hoofstudiegroep

Die hoofstudiegroep bestaan uit alle persone wat die katalogus geraadpleeg het binne voorafbepaalde tye vanaf 20 Augustus 1979 tot 12 September 1979. Alle kategorieë van die universum is hierby ingesluit. Die katalogus is gedurende die opnames deur 790 persone geraadpleeg.

3.3 Ondersoekmiddel

As ondersoekmiddel is 'n gebruikersvraelys gebruik. Dit is gegrond op Palmer se vraelys (26 : 104) waarmee hy in 1967 die gebruik van die kaartkatalogus van die University of Michigan General Library bepaal het. Hierdie vraelys van Palmer is gewysig ten einde by plaaslike omstandighede asook die doelstellings van hierdie studie aan te pas. 'n Voorlopige vraelys vir hierdie ondersoek is getoets op dertig katalogusgebruikers. Na aanleiding van die resultate van hierdie loodsprojek, is die vraelys gewysig in die finale vorm.

Die vraelys bestaan uit tien vrae waarvan agt gestruktureerd is. Met behulp van vrae 1 en 2 moes vasgestel word wie die eintlike katalogusgebruiker is. By vraag 1 moes gebruikers aandui in watter status of hoedanigheid hulle die katalogus raadpleeg. Die antwoorde by vraag 2 is eerstens aangewend om die geldigheid

van die antwoorde by vrae 1 en 3 te toets. Tweedens kon met behulp van hierdie antwoorde vasgestel word van watter fakulteite, indien enige, daar katalogusgebruikers afkomstig was.

Met behulp van vrae 3 tot 5 moes die rede bepaal word waarom gebruikers die katalogus raadpleeg. By vraag 3 moes gebruikers die betrokke onderwerpe aandui waarvoor inligting verlang word. Vraag 4 moes aantoon om watter redes hulle die inligting raadpleeg. Die antwoorde wat by vraag 1 verstrekkend is, het bygedra om die geldigheid van die antwoorde by vraag 4 te toets. By vraag 5 moes gebruikers aandui watter tipe inligting hulle verlang.

Vraag 6 is aangewend om te bepaal in watter mate die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg word. Die antwoorde wat verstrekkend is by hierdie vraag kon deels gebruik word om die geldigheid van antwoorde by vraag 5 te kontroleer.

Met behulp van vraag 7 is vasgestel in hoeverre gebruikers suksesvol is in hulle raadpleging van die katalogus.

Vrae 8 en 9 is gebruik om te bepaal in watter mate die klapper tot die sistematiese katalogus benut word. By vraag 8 moes gebruikers aandui of hulle die klapper tot die sistematiese katalogus geraadpleeg het. Aangesien die woord "klapper" nie aan biblioteekgebruikers bekend is nie, is die term "onderwerpsindeks" gebruik. Die antwoorde by vraag 9 is gebruik om vas te stel in watter mate die klapper gebruik word. Met behulp van die resultate van hierdie vraag, is die geldigheid van die antwoorde by vraag 8 bepaal.

Ten slotte moes katalogusgebruikers by vraag 10 aandui of enige bykomende inligting op die kataloguskaart verlang word. 'n Kolom is voorsien vir opmerkings in hierdie verband. Met behulp van die antwoorde en opmerkings by vraag 10, kon bepaal word of daar enige bykomende behoefte bestaan waarin die katalogus moontlik kan voorsien. Die gebruikers se begrip van die funksionering van die katalogus kon ook vasgestel word. Verder kon allerlei waarnemings wat geen regstreekse betrekking het op die doelstellings van hierdie ondersoek nie, uit die opmerkings gemaak word.

3.4 Omgewing van ondersoek

Die katalogus van die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is op die grondvloer naby die hoofingang en die toonbank, geleë. Die ligging is nie juis opvallend vir gebruikers wat die algemene magasyn besoek nie.

Die meeste kabinette staan aan weerskante teen die mure van 'n lang, smal vertrek, bekend as die ou katalogusarea. Die aanwas van die katalogus het genoodsaak dat dit uitgebrei moes word na 'n breë aangrensende gang waar kabinette op dieselfde wyse weerskante teen die mure aangebring is. Hierdie gang is bekend as die nuwe katalogusarea. Die bopunt van die ou katalogusarea word nie deur deure of 'n muur afgesluit nie en vorm dus 'n eenheid met die nuwe katalogusarea. Dit is aan die bopunt van eersgenoemde area waar die ondersoekgroep met die vraelyste plaasgeneem het, aangesien daarvandaan 'n onbelemmerde uitsig oor die hele katalogusarea verkry is. Aan die onderpunt van die ou katalogusarea word twee swaaideure aangetref wat meesal deur biblioteekpersoneel gebruik word. In hierdie ondersoek was juis hierdie swaaideure soms die ontsnappingsroete van enkele gebruikers, veral biblioteekpersoneel, wat nie kans gesien het om die vraelyste in te vul nie.

3.5 Wyse van ondersoek

3.5.1 Loodsstudie

'n Loodsstudie is gemaak om die volgende te bepaal:

- 3.5.1.1 hoe verstaanbaar die vraelys vir die ondersoekgroep is;
- 3.5.1.2 hoe betroubaar die respons is;
- 3.5.1.3 watter veranderings aangebring moet word aan die vrae;
- 3.5.1.4 of die resultate verwerkbaar is;
- 3.5.1.5 of die resultate nuttig is;
- 3.5.1.6 wat die praktiese probleme is met betrekking tot die verspreiding en insameling van die vraelyste.

Die katalogusgebruiker is genader sodra hy aanstaltes gemaak het om 'n kataloguslaaitjie te raadpleeg. Die doel van die studie is kortliks aan hom verduidelik en met sy toestemming is 'n vraelys aan hom oorhandig (Bylae 2). Saam met die vraelys is 'n afsonderlike vel papier met instruksies aan hom oorhandig (Bylae 1). Hy is ook voorsien van 'n konsep-kataloguskaart waarop die items waarna in vraag 6 van die vraelys verwys word, met rooi syfers aangedui word. Laasgenoemde het ooreengestem met die rooi syfers by vraag 6 (Bylae 3). Elke gebruiker het dus 'n vraelys, 'n afsonderlike instruksievel en 'n aparte konsepkaart ontvang. Die doel hiervan was om die vraelys korter te laat vertoon.

Daar is gevind dat sommige gebruikers nie geweet het wat om by vraag 1 in te vul nie : die gebruiker was byvoorbeeld 'n dosent, maar het die katalogus in verband met sy nagraadse studie geraadpleeg. Daarom is die instruksie verander van bloot "status" na "status of hoedanigheid waarin katalogus geraadpleeg word." Die gebruiker is ook versoek om slegs een kruisie by vraag 1 te maak. Hierdie veranderings het 'n betroubaarder respons by die spesifieke vraag tot gevolg gehad.

Die Rekensentrum van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het aanbeveel dat blanko blokkies langs die genommerde blokkies aangebring moes word vir die maak van kruisies. Om probleme met die drukwerk uit te skakel, is die items by vraag 6 in swart aangedui en is respondente versoek om hulle te vergelyk met die ooreenstemmende rooi nommers op die konsepkaart. Om lompheid te voorkom, is die instruksies bo-aan die vraelys aangebring in plaas van op 'n afsonderlike vel (Bylae 4). Die afsonderlike konsepkaart is egter behou (Bylae 3).

'n Ontleding van die loodsstudie se antwoorde het voorspel dat die respons in die hoofstudie betroubare resultate en nuttige verwerkings behoort op te lewer. Op hierdie stadium is 'n plan van aksie opgestel ten einde die effektiewe verspreiding en inwinning van die vraelyste te verseker.

3.5.2 Hoofstudie

Daar is besluit dat die hoofstudie vanaf Maandag 13 Augustus 1979

tot en met Saterdag 25 Augustus 1979 sou duur. Die keuse het op daardie betrokke twee weke geval, aangesien die universiteit gedurende dié tyd van die jaar op akademiese gebied baie bedrywig is en die biblioteek gevolglik druk besoek word. In oorleg met die statistiese adviseur van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, is besluit om gebruikers voor die voet te nader wanneer hulle die katalogus wou raadpleeg. Dit is as onnodig geag om monsters van die populasie te trek, aangesien dit slegs belangrik was om soveel vraelyste as moontlik in te samel. Voldoende vraelyste sou ingesamel kon word, indien dit 'n paar dae lank dwarsdeur die dag gedurende biblioteekure versprei sou word. Om egter so 'n wye spektrum van gebruikers as moontlik te betrek, is besluit om die ondersoek oor 'n langer tydperk te laat strek. Dit sou probleme oplewer om 'n ondersoekspan te vind wat twee weke lank veertien ure per dag vraelyste sou kon insamel. Derhalwe is besluit om die inwinning slegs gedurende sekere voorafbepaalde ure te laat geskied.

Ter gedeeltelike verkryging van 'n semesterpunt, is elke derde- en vierdejaar Biblioteekkundestudent ingespan om as lid van 'n ondersoekspan te dien. Die vierdejaars moes elkeen twee ure help en die derdejaars elkeen een uur. Ten einde al die lede van die ondersoekspan te akkommodeer, is besluit om die ondersoek oor vier-en-vyftig ure te versprei. Spitsure sowel as minder druk ure is om twee redes gekies vir die uitdeel van vraelyste :

3.5.2.1 om so 'n wye spektrum gebruikers as moontlik te betrek;

3.5.2.2 om die opname statisties betroubaar te laat geskied.

Die rede hiervoor is dat sekere tipes gebruikers, soos byvoorbeeld aandstudente, die biblioteek slegs op sekere tye van die dag besoek.

Vraelyste is elke oggend vanaf 08h00 tot 10h00 versprei. Saterdag uitgesonderd, is minstens vier ure per dag hieraan bestee. Saterdag is die biblioteek slegs vanaf 08h00 tot 11h30 oop, met die gevolg dat vraelyste vanaf 08h00 tot 11h00 uitgedeel is. Die oorblywende ag-en-twintig ure is oor verskillende tye van die

betrokke ondersoekdae versprei. Sodoende is so 'n wye spektrum gebruikers as moontlik betrek en is die opname statisties betroubaar uitgevoer.

Die ondersoekspan is vooraf gedurende lesingtye besoek. Die redes vir die ondersoek, asook die beoogde ondersoekmetode, is aan die studente verduidelik. Die vraelys is ook met hulle behandel. Vervolgens is 'n rooster opgestel waarop die ondersoekspan moes aandui op watter tye hulle aan die ondersoek sou kon deelneem. Uiteindelik moes die tydperk vir die insameling van die vraelyste verleng word vanaf 25 Augustus na 5 September, ten einde al die biblioteekkundestudente te akkommodeer en voorsiening te maak vir enkeles wat vergeet het om vir hulle oorspronklike afspraak op te daag. Elke lid van die ondersoekspan moes 'n paar minute voor die aanbreek van haar diensbeurt aanmeld, sodat haar geheue verfris kon word wat die insamelingsprosedure betref. Slegs een lid van die ondersoekspan is vir elke periode wat een uur lank geduur het, ingespan.

Alle katalogusgebruikers is voor die voet binne die bepaalde verspreidingsure versoek om vraelyste te voltooi. Met die doel om die gebruikers se samewerking te verkry, is so min druk as moontlik op hulle uitgeoefen. Biblioteekpersoneel wat besig was om kaartjies in die katalogus te liasseer, is nie genader vir die voltooiing van vraelyste nie, aangesien hulle nie die katalogus werklik om inligting geraadpleeg het nie. Origens is hierdie liassering 'n taak wat heeltemal geëlimineer gaan word sodra die katalogus gerekenariseer is. Aangesien vraag 6 slegs betrekking het op die gebruik van die outeur/titel en/of sistematiese katalogus, is respondente wat by die klapper tot die sistematiese katalogus genader is, versoek om vraag 6 te ignoreer indien hulle nie ook die outeur/titel en/of sistematiese katalogus raadpleeg nie. Hierdie prosedure is gevolg omdat sommige respondente direk van die klapper na die magasyn gegaan het sonder om die res van die katalogus te gebruik. Met die oog op vrae 8 en 9 is die klapper vir respondente aangedui. Die rede hiervoor was dat daar met die loodsstudie gevind is dat die gemiddelde gebruiker nie die onderskeid ken tussen die klapper en die sistematiese katalogus nie. Respondente kon die ondersoekspan raadpleeg indien sommige van die vrae vir hulle onduidelik was. Die lede van die

ondersoekspan is elk ingedeel in eenhede van een uur elk. 'n Persoon wat reeds 'n vraelys voltooi het gedurende 'n vorige uur, is versoek om tydens daaropvolgende ure weer 'n vraelys te voltooi indien hy weer 'n besoek aan die katalogus bring. Vraelyste moes by die katalogus voltooi en ingehandig word wanneer respondente die katalogusarea verlaat. Sodoende is 'n hoë respons verseker.

Altesaam 684 vraelyste is ingesamel (Bylae 5). Nege-en-tagtig persone het geweier om dit in te vul en vir elke weiering is 'n klippie in 'n kartondosie gegooi. Sewentien persone het blykbaar nie kans gesien om openlik te weier nie en het gevolglik slegs in gebreke gebly om hulle vraelyste te voltooi en in te handig. Die totale aantal weierings beloop dus 106 (13,42%). Dit bied 'n respons van 86,58% wat as bevredigend beskou word. Nagraadse studente was opvallend hulpvaardig sodra hulle kennis geneem het van die feit dat die resultate vir 'n Magister-studie benodig word. Dit was dus die moeite werd om hierdie feit onder gebruikers se aandag te bring. 'n Besonder skugter lid van die ondersoekspan het 100% respons gehad. Blykbaar was haar benadering tot die gebruikers sodanig dat hulle nie kon weier om die vraelys te voltooi nie.

Die feit dat die identiteit van 'n respondent anoniem gebly het, het positief bygedra tot die eerlikheid waarmee die vrae beantwoord is. Hierdie aspek is by enkele geleenthede pertinent deur respondente onder die ondersoekspan se aandag gebring.

'n Interessante waarneming was dat biblioteekpersoneellede wat daagliks die katalogus gebruik en goed daarmee vertrouwd is, meer probleme met die invul van die vraelys ondervind het as die res van die respondente. Veral vraag 6 was blykbaar moeilik verstaanbaar totdat dit aan hulle verduidelik is. Om een of ander rede was personeellede dikwels van mening dat hierdie spesifieke vraag nie op hulle van toepassing was nie. Daar is ook opgemerk dat die biblioteekpersoneel nie die instruksies met dieselfde aandag bestudeer en uitgevoer het as die ander biblioteekgebruikers nie. Moontlik was hulle die mening toegedaan dat hulle kennis van die katalogus voldoende is. Hierdie feit kan moontlik die rede bied vir hulle skynbaar oppervlakkige bestudering en soms foutiewe vertolking van die instruksies op die vraelyste. Dit

kan ook wees dat hulle bedag was op vangplekke.

Vir heelwat respondente was vraag 6 'n openbaring. Hulle het so 'n deeglike studie van die konsepkaart en die ooreenstemmende nommers by die betrokke vraag gemaak, dat hulle baie meer tyd aan die vraelys bestee het as die beraamde drie minute wat by die instruksies aangedui word. Hulle kommentaar by "Opmerkings" en teenoor die ondersoekspan dui daarop dat hulle nooit voorheen bewus was van al die inligting wat op 'n kataloguskaart aangetref word nie. Dit ten spyte van die biblioteekoriëntering wat aan die begin van die eerste studiejaar geskied. By hierdie geleentheid word die inhoud van die kataloguskaart aan die studente verduidelik, terwyl 'n handleiding vir biblioteekgebruik aan elke student oorhandig word.

Die metode van insameling van die vraelyste, het 'n hoë respons tot gevolg gehad. 'n Respondent het die vraelys voltooi terwyl die besonderhede nog vars in die geheue was. 'n Lid van die ondersoekspan was ook altyd byderhand om onduidelikhede op te klaar. Daarom kan die antwoorde as betroubaar beskou word.

Die ondersoekspan het beoog om 500 vraelyste in te samel en derhalwe was die uiteindelijke totaal van 686 vraelyste voldoende. Daar is dus besluit om die insameling te staak, nadat die laaste lid van die ondersoekspan haar beurt voltooi het.

3.5.3 Verwerking van die gegewens

Die gegewens op die vraelyste is so sorgvuldig as moontlik gekontroleer. Al die vraelyste was bruikbaar. Met die uitsondering van vrae 2 en 3 is die besonderhede direk ingesleutel op die rekenaar van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se Rekenentrum. Die besonderhede by vraag 2 is enersyds gebruik om die antwoorde by vrae 1 en 3 te kontroleer, en andersyds om die betrokke fakulteite waaronder respondente resorteer, te bepaal. Kodes van nommers 1 tot 9 is aan die verskillende fakulteite toegeken. Tydens redigering is hierdie kodes dan in potlood langs vraag 2 aangedui. Die Bloemfonteinse Onderwyserskollege is as 'n aparte "Fakulteit" gekodeer. Na aanleiding van die

antwoorde by vraag 3, is aan die onderwerpe Dewey-klassifikasienommers toegeken, noukeurig tot drie syfers na die punt. Hierdie klassifikasienommers is in potlood langs die betrokke vraag aangebring voordat dit uiteindelik op die rekenaar ingesleutel is. Vervolgens het die Rekensentrum uitdrukke gelever wat nagegaan is vir foute. Hierna is die verwerkings aangepak. Benewens die totale en die persentasies van elkeen van die verskillende vrae, is die programmeur ook versoek om voorsiening te maak vir 'n vergelyking van die totale van die volgende vrae:

3.5.3.1 vraag 2 met vraag 1;

3.5.3.2 vraag 4 met vraag 1;

3.5.3.3 vraag 5 met vrae 1 en 4;

3.5.3.4 vraag 6 met vrae 1, 4 en 5;

3.5.3.5 vraag 7 met vrae 1, 2, 4 en 5;

3.5.3.6 vraag 8 met vrae 2, 4 en 5.

3.6 Slot

Die doel van die studie was nie om gegewens in te win oor die universum nie, maar slegs oor die populasie. In hierdie geval bestaan die populasie uit die katalogusgebruikers van die hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Die bevindinge van die studie het dus slegs betrekking op die populasie. In die volgende hoofstuk word die bevindinge bespreek.

HOOFSTUK 4

BEVINDINGS

4.1 Inleiding

Die doel van hierdie studie was om 'n antwoord te vind op die volgende vrae met betrekking tot die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat:

4.1.1 Wie raadpleeg die katalogus?

4.1.2 Hoekom word die katalogus geraadpleeg?

4.1.3 In watter mate word die inligting op die kataloguskaart gebruik?

4.1.4 Hoe suksesvol is die katalogusgebruikers?

4.1.5 Hoe word die klapper tot die sistematiese katalogus gebruik?

4.1.6 Verlang die gebruikers bykomende inligting op die kataloguskaart?

4.1.7 Kan 'n verkorte rekenaarmatige katalogus voorsien word?

Deur middel van 'n ontleding van die resultate van die vraelyste wat voltooi is deur die katalogusgebruikers van die Hoofbiblioteek, word daar gepoog om antwoorde te verstrek op bogenoemde vrae.

Hierdie hoofstuk behoort gelees te word aan die hand van die vraelys (Bylae 4). In die bespreking wat volg, word die resultate persentasiegewys aangedui, ten einde dit sinvoller te maak. Volledigheidshalwe word die totale, sowel as die persentasies, in die tabelle aangedui.

4.2 Bevindings

4.2.1 Wie raadpleeg die katalogus?

4.2.1.1 Inleiding

Met die doel om vas te stel uit wie die gebruikers van die

kaartkatalogus bestaan, is vrae 1 en 2 van die vraelys aangewend. Die volgende moes bepaal word:

4.2.1.1.1 Die kategorieë gebruikers, met ander woorde die status of hoedanigheid waarin respondente die katalogus gebruik het. Daar moes dus vasgestel word of hulle uit voorgraadse studente, diplomastudente, nagraadse studente, dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel of ander gebruikers bestaan (vraag 1). Die hipotese dat die grootste persentasie katalogusgebruikers uit voorgraadse studente bestaan, is getoets.

4.2.1.1.2 Die fakulteit, indien enige, waaraan respondente behoort het, naamlik Ekonomiese en Administratiewe Wetenskappe, Lettere en Wysbegeerte, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Landbou, Geneeskunde of die Bloemfonteinse Onderwyserskollege (vraag 2). Streng gesproke is laasgenoemde nie 'n fakulteit van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat nie, maar word in hierdie studie tog as sulks aangedui. Die doel hiervan is om die respondente wat daarvandaan afkomstig is, te onderskei, aangesien hulle kursusse sekere universiteitsvakke insluit. Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers afkomstig is van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, is ook getoets.

4.2.1.1.3 Die verskillende kategorieë gebruikers is vergelyk met die fakulteite waaraan hulle verbonde is.

4.2.1.2 Bevindings

4.2.1.2.1 Kategorieë gebruikers

Die hipotese dat die grootste persentasie katalogusgebruikers uit voorgraadse studente bestaan, is getoets. Vir hierdie doel is vraag 1 van die vraelys gebruik. Afgesien van die persentasies vir die verskillende kategorieë katalogusgebruikers, is elke kategorie ook vergelyk met die ooreenstemmende kategorieë in die universum. Tabel 2 dui die resultate hiervan aan.

Voorgraadse studente raadpleeg die katalogus verreweg die meeste (50, 58%). Indien dit vergelyk word met die totale

TABEL 2

KATEGORIEË GEBRUIKERS

Gebruikers	Aantal	%	Universum	$\frac{\text{Aantal}}{\text{Universum}} \times 100$
Voorgraads	346	50,58	4846	7,14
Diploma	47	6,87	1288	3,65
Nagraads	93	13,60	1369	6,79
Studente totaal	486	71,05	7503	6,58
Dosente	39	5,70	510	7,65
Bib. personeel	117	17,11	61	191,80
Ander personeel	22	3,22	519	2,34
Ander gebruikers	20	2,92	Onbekend	Onbekend
Totaal	684	100,00	-	-

aantal voorgraadse studente, het 7,14% van hierdie betrokke studente die katalogus gebruik. In die lig hiervan wil dit voorkom asof die katalogus gedurende die opname nie druk deur voorgraadse studente gebruik is nie. Dit is egter nie bekend watter persentasie van die totale aantal katalogusgebruikers deur die 684 respondente van hierdie studie verteenwoordig is nie. Derhalwe is dit onmoontlik om die 7,14% na die totale aantal voorgraadse studente te herlei. Dit geld trouens vir alle persentasies wat op die universum betrekking het.

Die biblioteekpersoneel raadpleeg die katalogus die tweede meeste (17,11%). Indien dit vergelyk word met die totale aantal biblioteekpersoneel, verander die prentjie egter aansienlik. Dan word gevind dat 191,8% van die biblioteekpersoneel die katalogus geraadpleeg het, dit wil sê byna twee besoeke per personeellid. Hierdie persentasie kon selfs hoër gewees het, indien sommige personeellede nie doelbewus die katalogus vermy het tydens die ondersoek nie. Hieruit kan dus afgelei word dat biblioteekpersoneel die katalogus intensief raadpleeg. Die rede hiervoor is dat dat die katalogus vir die meeste

personeellede as 'n werkinstrument dien.

Die katalogus is die derde meeste geraadpleeg deur nagraadse studente (13,6%). Indien dit vergelyk word met die totale aantal nagraadse studente, is die persentasie 6,79, dus slegs 0,35% minder as die voorgraadse studente. Voorgraadse en nagraadse studente raadpleeg, in verhouding met hulle totale, die katalogus dus ewe druk.

Diplomastudente, dosente, ander universiteitspersoneel en ander gebruikers raadpleeg elk die katalogus minder as 7%. Indien die aantal dosente wat die katalogus gebruik egter vergelyk word met die totale aantal dosente, is die persentasie 7,65. Dus raadpleeg die dosente die katalogus net so intensief soos die voorgraadse en nagraadse studente. Indien die dosente vergelyk word met die totale aantal studente, raadpleeg eersgenoemde die katalogus 1,07% intensiewer as die studente. Slegs 3,65% van die totale aantal diplomastudente maak van die katalogus gebruik.

Die voorgraadse, nagraadse en diplomastudente beloop in totaal 71,05% van die katalogusgebruikers. Dit vorm 6,58% van die totale aantal studente - 'n baie lae persentasie dus. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat 'n groot persentasie van die voorgraadse en diplomastudente hulle materiaal op die reserwerak aantref. Gevolglik benodig hulle nie die katalogus nie. Nagraadse studente verkry moontlik hulle materiaal van ander bronne, of andersins is die presiese ligging op die rakke van die materiaal wat op hulle onderwerpe betrekking het, aan hulle bekend. Die verhouding van die katalogusgebruikers tot die universum moet ook gesien word in die lig van die feit dat die Geneeskunde-, Musiek- en Landboubiblioteke nie in die ondersoek ingesluit was nie. Afgesien hiervan word die Departement Argitektuur se boeke, sowel as die meeste boeke van die Departemente Fisika en Chemie, nie in die Hoofbiblioteek gehuisves nie, maar wel in die onderskeie departemente self. Indien al hierdie versamelings in die biblioteek aanwesig was, sou die gebruikers daarvan die Hoofbiblioteek waarskynlik drukker moes besoek. Die verhouding van katalogusgebruikers tot die kategorieë in die universum sou, in hierdie

geval, waarskynlik dan gunstiger vertoon het.

Die hipotese, naamlik dat die grootste persentasie katalogusgebruikers uit voorgraadse studente bestaan, word dus bevestig. Hierdie bevinding word verklaar deur die feit dat 56,39% van die universiteit se bevolking tydens die ondersoek uit voorgraadse studente bestaan het.

Hierdie studie bring ook die volgende aan die lig:

4.2.1.2.1.1 Die katalogus word die meeste in totaal deur studente geraadpleeg. Dit stem ooreen met die bevindings van ander studies wat in hierdie verband onderneem is (2:20; 4:19; 11:8; 18:42; 26:64; 31:17).

4.2.1.2.1.2 Dosente maak slegs 'n klein persentasie van die katalogusgebruikers uit. Ook hierdie bevinding stem ooreen met dié wat in 4.2.1.2.1.1 genoem is. In verhouding met die totale aantal dosente, maak hulle egter nie minder intensief van die katalogus gebruik as die studente nie. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Palmer (26:64).

4.2.1.2.1.3 Heelwat biblioteekpersoneel raadpleeg die katalogus. Hierdie bevinding verskil van dié van ander studies: Volgens laasgenoemde vorm biblioteekpersoneel slegs 'n klein persentasie van die gebruikers (11:8; 26:64). In verhouding met die totale biblioteekpersoneel, raadpleeg hulle die katalogus die intensiefste van al die kategorieë gebruikers.

4.2.1.2.1.4 Ander gebruikers, byvoorbeeld ander universiteitspersoneel en persone van buite die universiteit, gebruik die katalogus baie min. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van ander studies (4:20; 11:8; 18:42; 26:64).

4.2.1.2.2 Die fakulteite waarvandaan gebruikers afkomstig is

Die hipotese dat die meeste gebruikers afkomstig is van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is getoets. Vrae 2 en 3 is vir hierdie doel aangewend. Tabel 3 is 'n weergawe van die resultate in dié verband.

TABEL 3

FAKULTEITE WAARVANDAAN GEBRUIKERS AFKOMSTIG IS

Fakulteit	Aantal	%	Universum	$\frac{\text{Aantal}}{\text{Universum}} \times 100$
Ekon. en Admin. Wet.	45	6,58	965	4,66
Lettere en Wysbegeerte	277	40,50	1955	14,17
Opvoedkunde	40	5,85	816	4,90
Regsgeleerdheid	34	4,97	512	6,64
Sosiale Wetenskappe	70	10,23	1144	6,12
Natuurwetenskappe	49	7,16	1153	4,25
Landbou	19	2,78	769	2,47
Geneeskunde	8	1,17	1063	0,75
Bloemfonteinse O.K.	9	1,32	797	1,13
Geen fakulteit	133	19,44	Onbekend	Onbekend
Totaal	684	100,00	-	-

Die oorgrote meerderheid van die katalogusgebruikers (40,5%) is afkomstig van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Indien hulle vergelyk word met die universum, blyk dit dat die katalogus ook die meeste deur gebruikers van hierdie fakulteit besoek word. Hulle word gevolg deur die Fakulteit Sosiale Wetenskappe (10,23%). Indien laasgenoemde se gebruikers egter met die universum vergelyk word, is dit duidelik dat die gebruikers van die Fakulteit Regsgeleerdheid die katalogus drukker besoek. Ander fakulteite gebruik die katalogus egter baie min. Die katalogus word egter die minste geraadpleeg deur die Fakulteite Landbou en Geneeskunde, naamlik 2,78% en 1,17% respektiewelik. Dit word verklaar deur die feit dat hierdie twee fakulteite elk oor sy eie biblioteek beskik.

Die Fakulteit Regsgeleerdheid maak baie min van die katalogus gebruik (4,97%), alhoewel die biblioteek druk deur die regsgebruikers self besoek word. Verskillende redes kan hiervoor aangevoer word:

4.2.1.2.2.1 Baie gebruikers wend hulle met hulle navrae direk tot die vakbibliotekaris. Tydens die ondersoek was dit die

enigste vakgebied wat 'n vakbibliotekaris uitsluitlik tot hulle beskikking gehad het.

4.2.1.2.2.2 As gevolg van 'n ontoereikende klassifikasiesstelsel wat die regsversameling betref, vermy die regsgebruiker die katalogus wat onderwerpsontsluiting betref. Hy verkies om liewers die rakke self te fynkam op soek na geskikte materiaal.

4.2.1.2.2.3 Die hofverslae, wat baie druk gebruik word, is aan die regsgebruikers bekend. Hulle hoef dus nie die katalogus te raadpleeg om hierdie verslae te vind nie.

Die katalogus word ook min geraadpleeg deur studente van die Fakulteit Sosiale Wetenskappe (10,23%), ten spyte van die feit dat hulle, weens die aard van hulle kursusse, tot 'n groot mate op die biblioteek aangewese is. Die verklaring hiervoor lê in die feit dat 'n groot persentasie van die studente in dié fakulteit afkomstig is van die Departement Verpleegkunde. Hierdie departement beskik oor hulle eie versameling boeke wat in die Geneeskunde Biblioteek gehuisves word. Dus is dit vir hulle nie nodig om die Hoofbiblioteek te gebruik nie.

Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers afkomstig is van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, is dus bevestig. Hierdie studie het ook gevind dat die katalogus min deur verteenwoordigers van ander fakulteite geraadpleeg word.

Geen vergelykbare resultate in hierdie verband kon in ander studies opgespoor word nie.

4.2.1.2.3 Kategorieë gebruikers versus fakulteite

'n Vergelyking tussen die resultate van vraag 1 en dié van vraag 2 het die volgende aangaande katalogusgebruikers aan die lig gebring (Tabelle 4 en 5):

4.2.1.2.3.1 Die grootste persentasie voorgraadse studente (56,07%), nagraadse studente (51,61%) en dosente (43,59%) is afkomstig van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte (Tabel 4).

TABEL 4

GEBRUIKERSKATEGORIEË VERSUS FAKULTEITE

Fakulteit	Voorgraads		Diploma		Nagraads		Studente-totaal		Dosente		Bib. personeel		Ander personeel		Ander gebruikers	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
Ekon. & Admin. Wet.	33	9,54	2	4,26	5	5,38	40	8,23	5	12,82	0	0,00	0	0,00	0	0,00
Lettere & Wysbegeerte	194	56,07	11	23,40	48	51,61	253	52,06	17	43,59	0	0,00	4	18,18	3	15,00
Opvoedkunde	1	0,29	26	55,32	4	4,30	31	6,38	6	15,38	0	0,00	2	9,09	1	5,00
Regsgeleerdheid	24	6,94	3	6,38	6	6,45	33	6,79	0	0,00	0	0,00	1	4,55	0	0,00
Sos. Wetenskappe	40	11,56	4	8,51	19	20,43	63	12,96	2	5,13	0	0,00	4	18,18	1	5,00
Natuurwetenskappe	28	8,09	1	2,13	10	10,75	39	8,02	7	17,95	0	0,00	2	9,09	1	5,00
Landbou	16	4,62	0	0,00	1	1,08	17	3,50	1	2,56	0	0,00	1	4,55	0	0,00
Geneeskunde	8	2,31	0	0,00	0	0,00	8	1,65	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00
B.O.K.	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	9	45,00
Geen fakulteit	2	0,58	0	0,00	0	0,00	2	0,41	1	2,56	117	100,00	8	36,36	5	25,00
Totaal	346	100,00	47	100,00	93	100,00	486	100,00	39	99,99	117	100,00	22	100,00	20	100,00

TABEL 5

FAKULTEITE VERSUS GEBRUIKERSKATEGORIEË

Kategorieë	Ekon. & Adm.		Lettere & Wysbeg.		Opvoedkunde		Regsgeleerdheid		Sosiale Wetensk.		Natuurwetenskappe		Landbou		Geneeskunde		B.O.K.		Geen	
	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%	Aantal	%
Voorgr.	33	73,33	194	70,04	1	2,50	24	70,59	40	57,14	28	57,14	16	84,21	8	100,00	0	0,00	2	1,50
Dipl.	2	4,44	11	3,97	26	65,00	3	8,82	4	5,71	1	2,04	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00
Nagr.	5	11,11	48	17,33	4	10,00	6	17,65	19	27,14	10	20,41	1	5,26	0	0,00	0	0,00	0	0,00
Subtotaal vir studente	40	88,89	253	91,34	31	77,50	33	97,06	63	90,00	39	79,59	17	89,47	8	100,00	0	0,00	2	1,50
Dosente	5	11,11	17	6,14	6	15,00	0	0,00	2	2,86	7	14,29	1	5,26	0	0,00	0	0,00	1	0,75
Bib. pers.	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	117	87,97
Ander pers.	0	0,00	4	1,44	2	5,00	1	2,94	4	5,71	2	4,08	1	5,26	0	0,00	0	0,00	8	6,02
Ander	0	0,00	3	1,08	1	2,50	0	0,00	1	1,43	1	2,04	0	0,00	0	0,00	9	100,00	5	3,76
Totaal	45	99,99	277	100,00	40	100,00	34	100,00	70	99,99	49	100,00	19	99,99	8	100,00	9	100,00	133	100,00

4.2.1.2.3.2 Ewe veel personeellede, biblioteekpersoneel uitgesonderd, is afkomstig van die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte en Sosiale Wetenskappe (18,18%) (Tabel 4).

4.2.1.2.3.3 Die Fakulteit Opvoedkunde lewer die grootste persentasie diplomastudente (55,32%) (Tabel 4).

4.2.1.2.3.4 Geen dosent van die Fakulteite Regsgeleerdheid en Geneeskunde het die katalogus geraadpleeg nie (Tabel 4).

4.2.1.2.3.5 Van die ander gebruikers, universiteitspersoneel uitgesonderd, is die grootste persentasie verbonde aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege (45%) (Tabel 4).

4.2.1.2.3.6 Van die 19,44% gebruikers wat aan geen fakulteit verbonde is nie, word 87,97% deur biblioteekpersoneel uitmaak (Tabel 5).

4.2.1.2.3.7 Die dosente wat die katalogus die tweede meeste raadpleeg (17,95%), is afkomstig van die Fakulteit Natuurwetenskappe (Tabel 4). Hierdie kategorie vorm 'n teenstelling met voorgraadse sowel as nagraadse studente. In dié geval is die gebruikers wat die katalogus die tweede meeste raadpleeg, afkomstig van die Fakulteit Sosiale Wetenskappe.

4.2.1.2.3.8 Van die aantal gebruikers wat afkomstig is van die Fakulteit Sosiale Wetenskappe, bestaan 27,14% uit nagraadse studente (Tabel 5). In vergelyking met al die ander fakulteite, vorm dit die hoogste persentasie nagraadse studente. Die Fakulteit Natuurwetenskappe se nagraadse studente is volgende op die lys met 'n gebruikerspersentasie van 20,41%. Die rede waarom hierdie twee fakulteite, naamlik die Fakulteite Sosiale Wetenskappe en Natuurwetenskappe se persentasies hoër is as dié van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, is moeilik te verklaar en verg 'n studie op sy eie. Moontlik verkry nagraadse studente van hierdie fakulteit heelwat inligting uit tydskrifindekse en bronne buite die biblioteek. Gevolglik is dit nie vir hulle altyd nodig om die katalogus van die Hoofbiblioteek te raadpleeg nie.

Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers afkomstig is

van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, word dus weer eens bevestig, ook wat die kategorieë voorgraadse studente, nagraadse studente, dosente en personeel betref. Die vernaamste rede hiervoor is geleë in die feit dat die grootste persentasie (21,25%) van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se studente tydens die ondersoek ingeskryf was by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Moontlik is hierdie fakulteit ook minder teksboekgeöriënteerd as ander fakulteite. Gevolglik is die studente en dosente verplig om die biblioteek, asook die katalogus te benut.

4.2.1.3 Samevatting

Op die vraag wie die katalogus gebruik, verstrek hierdie studie dus die volgende antwoorde:

4.2.1.3.1 Studente, in besonder voorgraadse studente, raadpleeg die katalogus die meeste (71,05%).

4.2.1.3.2 Die katalogus word min deur dosente gebruik (5,7%). Relatief tot hulle universum, is hulle egter nie so buite verhouding met ander gebruikers nie.

4.2.1.3.3 Ander universiteitspersoneel en persone van buite, benut die katalogus ook min (6,14%).

4.2.1.3.4 Die meeste katalogusgebruikers is van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte afkomstig (40,5%).

4.2.1.3.5 Wanneer die verskillende kategorieë vergelyk word met die totale van die universum, blyk dit dat die biblioteekpersoneel die katalogus die intensiefste gebruik (191,8%), gevolg deur dosente (7,65%).

4.2.1.3.6 Met die uitsondering van die biblioteekpersoneel, word die katalogus nie intensief deur die ander groepe gebruikers benut nie.

4.2.2 Hoekom word die katalogus geraadpleeg?

4.2.2.1 Inleiding

Ten einde te bepaal hoekom die katalogus geraadpleeg word, is, met behulp van vrae 3, 4 en 5 van die vraelys, gepoog om die

volgende vas te stel:

4.2.2.1.1 in verband met watter onderwerpe die katalogus geraadpleeg word (vraag 3);

4.2.2.1.2 om watter van die volgende redes die katalogus geraadpleeg word:

werkopdrag, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleeswerk of om ander redes (vraag 4). Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers inligting vir werkopdragte verlang, is getoets. Vervolgens is die resultate van vraag 4 vergelyk met dié van vraag 1 om die status of hoedanigheid van die gebruikers wat die katalogus om bogenoemde redes geraadpleeg het, te bepaal;

4.2.2.1.3 wat presies die gebruiker gesoek het: 'n spesifieke boek waarvan die outeur en/of titel aan hom bekend was, inligting oor 'n spesifieke onderwerp of persoon, addisionele bibliografiese inligting, en of hy die katalogus moontlik om ander redes geraadpleeg het (vraag 5). Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers spesifieke boeke soek waarvan die skrywers en/of titels aan hulle bekend is, is ook getoets. Voorts is die resultate van vraag 5 vergelyk met dié van vrae 1 en 4 om te bepaal:

4.2.2.1.3.1 wat die status of hoedanigheid van die gebruikers was wat die spesifieke inligting verlang het;

4.2.2.1.3.2 om watter redes die gebruikers die spesifieke inligting gesoek het.

4.2.2.2 Bevindings

4.2.2.2.1 Onderwerpe waaroor die katalogus geraadpleeg word

Die Dewey Desimaleklassifikasiestelsel se nommers is aan die antwoorde by vraag 3 toegeken. Dit is gedoen om die onderwerpe waaroor die katalogus geraadpleeg word, te bepaal. Tabel 6 dui die resultate in hierdie verband aan volgens die hoofklasse.

Die meeste inligting (33,45%) is in die 300-klas (Sosiale Wetenskappe) gesoek. Hierdie bevinding mag vreemd voorkom,

TABEL 6

ONDERWERPE WAAROR DIE KATALOGUS GERAADPLEEG IS

Hoofklas	Aantal soektogte	Persentasie
000	24	4,03
100	43	7,23
200	14	2,35
300	199	33,45
400	19	3,19
500	48	8,07
600	47	7,90
700	25	4,20
800	97	16,30
900	79	13,28
Totaal	595	100,00

aangesien reeds vasgestel is dat die meeste katalogusgebruikers afkomstig is van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die 300-klas heelwat onderwerpe insluit wat vir die Fakulteite Lettere en Wysbegeerte, Ekonomiese en Administratiewe Wetenskappe, asook Opvoedkunde van belang is. Die tweede meeste inligting (16,3%) is in die 800-klas (Letterkunde) gesoek, gevolg deur die 900-klas (Geschiedenis en Aardrykskunde) (13,28%). Die minste inligting (2,35%) is in die 200-klas (Godsdienst) gesoek, gevolg deur die 400-klas (Taalkunde) (3,19%), die 000-klas (Algemeen) (4,03%) en die 700-klas (Kuns en Ontspanning) (4,2%).

Die tien hoofklasse van die Dewey Desimaleklassifikasiesisteme is fyner ontleed, met die doel om vas te stel vir watter onderwerpsverdelings binne elke hoofklas die katalogus geraadpleeg word. Tabel 7 dui die resultate hiervan aan. Die persentasies het slegs betrekking op die totale vir die spesifieke hoofklasse en nie die groototaal vir al die hoofklasse nie. Slegs onderwerpe wat meer as 10% van hulle hoofklasse uitmaak, word in rangvolgorde aangedui. Die ander onderwerpsverdelings van die

Dewey Desimaleklassifikasiesistelsel word maar selde in die katalogus geraadpleeg.

TABEL 7

ONDERWERPSVERDELINGS WAAROR DIE KATALOGUS GERAADPLEEG WORD

Hoofklas	Onderwerpsverdeling	%
000 (Algemeen)	020 (Biblioteekwetenskap)	62,50
100 (Filosofie)	150 (Sielkunde)	60,47
200 (Godsdiens)	220-230 (Christelike godsdiens)	50,00
300 (Sosiale Wetenskappe)	330 (Ekonomie)	22,11
	301 (Sosiologie)	17,09
	360 (Maatskaplike probleme en dienste)	14,07
	320 (Staatsleer)	13,57
	340 (Die Reg)	11,56
400 (Taalkunde)	439.36 (Afrikaans)	26,32
	420 (Engels)	21,05
500 (Suiwer Wetenskappe)	530 (Fisika)	16,67
	570 (Menswetenskappe)	16,67
	510 (Wiskunde)	14,58
	550 (Aardkunde)	14,58
600 (Toegepaste Wetenskappe)	610 (Geneeskunde)	36,17
	650 (Administratiewe Wetenskappe)	27,66
	630 (Landbou)	21,28
700 (Kuns en Ontspanning)	740 (Tekenkuns en Sierkunste)	24,00
	780 (Musiek)	24,00
	709 (Kunsgeografie en Geskiedenis)	16,00
800 (Letterkunde)	820 (Engels)	36,08
	839.36 (Afrikaans)	24,74
	800-809 (Algemene Literatuur)	14,43
900 (Geskiedenis en Aardrykskunde)	968 (Suid-Afrikaanse Geskiedenis)	46,84
	940 (Europese Geskiedenis)	18,99
	910 (Aardrykskunde)	12,66

Die verskillende fakulteite van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, asook die departemente wat in hierdie fakulteite

verteenvoerdig word, kan in 'n groot mate afgelei word van tabel 7. Dit blyk dus dat katalogusgebruik ten nouste saamhang met die samestelling van die universiteit, asook met die vakke wat gedoseer word. Die afwesigheid van die klasse 370 (Opvoedkunde) en 720 (Argitektuur) is opvallend. Een rede hiervoor is dat die inligting wat opvoedkundestudente verlang, dikwels in die literatuur van ander vakgebiede aangetref word. Naas bogenoemde rede, kan die swak gebruik van boeke in die 370-klas verder toegeskryf word aan die volgende twee moontlikhede: òf die Fakulteit Opvoedkunde se kursusse is teksboekgeoriënteerd, òf die studente vind die boeke wat hulle benodig op die reserwerak. Verdere studie word vereis om egter die werklike redes te bepaal. Die swak benutting van die 720-klas (Argitektuur) is te wyte aan die feit dat die Departement Argitektuur se boeke in hulle eie gebou gehuisves word. Die gebruikers vind hulle inligting dus daar.

Geen vergelykbare resultate in hierdie verband kon in ander studies opgespoor word nie.

4.2.2.2.2 Redes waarom die katalogus geraadpleeg word

Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers inligting vir werkopdragte soek, is getoets. Vraag 4 van die vraelys is vir hierdie doel gebruik, terwyl tabel 8 die resultate hiervan aandui.

TABEL 8

REDES WAAROM DIE KATALOGUS GERAADPLEEG WORD

Rede	Aantal	%
Werkopdrag	350	51,17
Onderrig	17	2,49
Navorsing	68	9,94
Persoonlike gebruik	59	8,63
Byleeswerk	72	10,53
Ander redes	118	17,25
Totaal	684	100,01

Die katalogus word die meeste geraadpleeg ten einde inligting vir werkopdragte te bekom (51,17%). Hierdie bevinding stem ooreen met dié van ander studies (2:26; 4:22; 18:26; 26:68; 31:21). Daarenteen word dit in 'n mindere mate geraadpleeg om "ander redes" (17,25%). Wat laasgenoemde antwoord betref, het biblioteekpersoneel die grootste persentasie (91,52%) uitgemaak.

Min gebruikers maak van die katalogus gebruik vir byleeswerk (10,53%), navorsing (9,94%) of persoonlike gebruik (8,63%). Inligting in verband met onderrig is ook baie min gesoek (2,49%). Die studie vind verder dat die katalogus 74,12% om akademiese redes geraadpleeg word, terwyl dit 25,88% om persoonlike en ander redes benut word.

Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers inligting vir werkopdragte soek, word dus bevestig. Hierdie studie het ook aan die lig gebring dat die katalogus baie gebruik word deur biblioteekpersoneel wat probleme in verband met hulle werk wil oplos. Dit word egter min geraadpleeg vir byleeswerk, navorsing en persoonlike gebruik. Vir onderrigdoeleindes word dit baie min benut.

Twee afleidings kan gemaak word uit die bevindings dat die katalogus min geraadpleeg word vir onderrig en navorsing: of daar bestaan min behoefte aan mikro-ontsluiting, of die katalogus word min vir onderrig- en navorsingdoeleindes gebruik, omdat mikro-ontsluiting nie op hierdie stadium in die katalogus aangebied word nie. Slegs verdere studie sal kan aandui watter een van die twee afleidings van toepassing is op die biblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Aangesien die katalogus meesal gebruik word vir werkopdragte en min vir byleeswerk en navorsing, moet die ontsluiting van die biblioteekmateriaal grootliks daarop gemik wees om inligting vir werkopdragte op so 'n maklike wyse as moontlik aan studente beskikbaar te stel.

4.2.2.2.2.1 Kategorieë gebruikers versus redes

'n Vergelyking van die resultate van vraag 1 (kategorieë gebruikers) met dié van vraag 4 (redes), het die volgende aan die lig gebring (Tabel 9):

TABEL 9

GEBRUIKERSKATEGORIEË VERSUS REDES

Redes	Voorgraads		Diploma		Nagraads		Studente- totaal		Dosente		Bib. per- soneel		Ander personeel		Ander gebruikers	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Werkopdrag	255	73,70	33	70,21	48	51,61	336	69,14	0	0,00	1	0,85	0	0,00	13	65,00
Onderrig	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	16	41,03	0	0,00	1	4,55	0	0,00
Navorsing	4	1,16	3	6,38	33	35,48	40	8,23	17	43,59	0	0,00	9	40,91	2	10,00
Persoonlik	30	8,67	7	14,89	3	3,23	40	8,23	2	5,13	8	6,84	5	22,73	4	20,00
Byleeswerk	55	15,90	4	8,51	9	9,68	68	13,99	3	7,69	0	0,00	1	4,55	0	0,00
Ander redes	2	0,58	0	0,00	0	0,00	2	0,41	1	2,56	108	92,31	6	27,27	1	5,00
Totaal	346	100,01	47	99,99	93	100,00	486	100,00	39	100,00	117	100,00	22	100,01	20	100,00

4.2.2.2.2.1.1 Voorgraadse studente

Die meeste voorgraadse studente gebruik die katalogus vir werkopdragte (73,7%). Hierdie resultaat stem ooreen met dié van ander studies (26:69; 31:21). Die 1,16% voorgraadse studente wat wel aangedui het dat hulle die katalogus vir navorsing raadpleeg, het waarskynlik "werkopdrag" of "byleeswerk" bedoel. Die ondersoeker kom tot hierdie gevolgtrekking, aangesien navorsing normaalweg nie van voorgraadse studente vereis word nie. Hierdie betrokke studente het waarskynlik die begrip navorsing te wyd geïnterpreteer. Slegs 15,9% van die voorgraadse gebruikers het die katalogus vir byleeswerk geraadpleeg.

4.2.2.2.2.1.2 Diplomastudente

Dieselfde afleiding as dié vir voorgraadse studente, kan gemaak word in die geval van die 6,38% diplomastudente wat aangedui het dat hulle inligting vir navorsing verlang. Ook hulle raadpleeg die katalogus meesal vir werkopdragte (70,21%). Dit word egter min deur hulle gebruik vir byleeswerk (8,51%). Voorts benut die diplomastudente die katalogus heelwat meer vir persoonlike gebruik (14,89%), as voorgraadse studente (8,67%) en nagraadse studente (3,23%).

4.2.2.2.2.1.3 Nagraadse studente

Ook nagraadse studente maak meesal van die katalogus gebruik vir werkopdragte (51,61%). Dit stem ooreen met die bevinding van Palmer (26:69). Die 51,61% nagraadse studente is heelwat minder as die persentasie vir voorgraadse en diplomastudente onderskeidelik. Hierdie verskynsel is egter verstaanbaar, aangesien baie nagraadse studente, as gevolg van die aard van hulle studies, die katalogus vir navorsing raadpleeg (35,48%). Hulle maak min van die katalogus gebruik vir byleeswerk (9,68%) en persoonlike gebruik (3,23%).

4.2.2.2.2.1.4 Studentetotaal

In totaal het die studente die katalogus meer geraadpleeg vir byleeswerk (13,99%), as dosente (7,69%) en ander personeel (4,55%). Hulle het die katalogus 69,14% vir werkopdragte gebruik.

Die 8,23% wat aangedui is vir navorsing, is waarskynlik foutief, aangesien vermoed word dat sommige voorgraadse en diplomagebruikers die begrip "navorsing" te wyd geïnterpreteer het. Die katalogus word min benut vir navorsing, 'n feit wat verstaanbaar is, aangesien die meeste studente besig is met voorgraadse studie wat nie juis navorsing verg nie.

4.2.2.2.2.1.5 Dosente

Die meeste dosente raadpleeg die katalogus vir navorsing (43,59%). Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Palmer (26:69). Hierdie 43,59% vorm die hoogste persentasie van al die kategorieë, "ander gebruikers" uitgesonderd. Dit word verklaar deur die feit dat van dosente verwag word om navorsing te doen. Gevolglik raadpleeg byna net soveel dosente (41,03%) die katalogus vir onderrig- as vir navorsingdoeleindes. Die katalogus word egter deur min dosente benut vir byleeswerk (7,69%) en persoonlike gebruik (5,13%).

4.2.2.2.2.1.6 Biblioteekpersoneel

Die meeste biblioteekpersoneel raadpleeg die katalogus om ander redes as vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik en byleeswerk (92,31%). Hierdie bevinding stem ooreen met dié van Palmer (26:69). Hierdie ander redes is deur hulle gespesifiseer as navrae in verband met hulle werk en as hulpverlening aan die gebruikers. Die een personeellid (0,85%) wat aangedui het dat hy die katalogus vir 'n werkopdrag geraadpleeg het, het waarskynlik nie die instruksie "slegs studente" by die betrokke antwoord opgemerk nie. Waarskynlik het hy ook die katalogus in verband met sy werk geraadpleeg.

4.2.2.2.2.1.7 Ander universiteitspersoneel

Die ander universiteitspersoneel raadpleeg die katalogus meesal vir navorsing (40,91%). Dit stem ooreen met die bevinding van Palmer (26:69). Dit is egter moontlik dat sommige respondente die term "navorsing" te wyd geïnterpreteer het. Aan die anderkant moet egter in gedagte gehou word dat heelwat tegniese assistente en ander universiteitspersoneel wel nou gemoeid is

met navorsing. Daarom kan hierdie persentasie as korrek aanvaar word. Die ander universiteitspersoneel wat aangedui het dat hulle die katalogus om ander redes raadpleeg as vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik of byleeswerk, het gespesifiseer dat hulle die katalogus raadpleeg vir navrae in verband met hulle werk. 'n Professor wil byvoorbeeld vasstel of sekere werke in die biblioteek aanwesig is en stuur dus sy assistent om dit te kontroleer. Die een persoon wat aangedui het dat hy die katalogus wel vir onderrig raadpleeg, is waarskynlik behulpsaam met die aanbieding van praktiese klasse.

4.2.2.2.2.1.8 Ander gebruikers

Die meeste ander gebruikers raadpleeg die katalogus vir werkopdragte (65%). Studente van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege maak 45% van die kategorie "ander gebruikers" uit.¹⁾ Bestudering van die vraelyste het aan die lig gebring dat al hierdie studente die katalogus vir werkopdragte geraadpleeg het. Dit verklaar gedeeltelik die rede waarom die katalogus deur soveel ander gebruikers vir werkopdragte gebruik is. Bogenoemde gebruikers het die katalogus meer om persoonlike redes geraadpleeg as enige ander kategorie (20%). Van die twee persone wat aangedui het dat hulle die katalogus vir navorsing geraadpleeg het, was een 'n besoekende Amerikaanse professor. Volgens Palmer (26:69) raadpleeg ander gebruikers die katalogus meesal vir navorsing, gevolg deur persoonlike redes.

4.2.2.2.2.2 Samevatting

Hierdie studie het bevind dat meer as die helfte van die gebruikers die katalogus vir werkopdragte raadpleeg. Die gebruik daarvan vir navorsing en byleeswerk is heelwat minder, hoewel tog belangrik. Voorts is die katalogus van kardinale belang vir die biblioteekpersoneel, aangesien hulle dit intensief raadpleeg in verband met hulle werk. Al die verskillende groepe gebruikers maak min van die katalogus gebruik vir onderrigdoeleindes.

Indien die aantal dosente wat die katalogus vir onderrig geraadpleeg

1) Vide, Tabel 4, p. 40

het, egter vergelyk word met die totale getal dosente wat aan die studie deelgeneem het, kan die afleiding gemaak word dat die katalogus wel vir hulle belangrik is wat onderrig betref.

4.2.2.2.3 Wat die gebruikers soek

Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers spesifieke boeke soek waarvan die skrywers en/of titels aan hulle bekend is, is getoets. Vir hierdie doel is vraag 5 van die vraelys ingespan. Tabel 10 dui die resultate hiervan aan.

TABEL 10
WAT DIE GEBRUIKERS SOEK

Soek:	Aantal	%
Spesifieke boek	319	46,64
Onderwerp of persoon	311	45,47
Bibliografiese inligting	45	6,58
Ander inligting	7	1,02
Geen antwoord	2	0,29
Totaal	684	100,00

Die meerderheid van die katalogusgebruikers soek spesifieke boeke (46,64%), terwyl bykans net soveel van hulle op soek is na inligting oor sekere onderwerpe of persone (45,47%). Ander studies het gevind dat die oorgrote meerderheid van die gebruikers spesifieke boeke soek, gevolg deur onderwerpsinligting (18:45; 26:70; 27:18; 35:230). Die gemiddelde persentasies van hierdie studies is 63 vir spesifieke boeke en 32 vir onderwerpsinligting.

Later in hierdie studie word gevind dat 31,49% van die gebruikers wat die klapper raadpleeg, hiervandaan direk na die rakke gaan, sonder om die sistematiese katalogus te raadpleeg. ¹⁾ Dit verklaar dan waarom so 'n hoë persentasie

1) Vide, 4.2.5.2, p. 95

gebruikers in hierdie studie onderwerpsinligting soek. Daarenteen verlang min gebruikers bibliografiese inligting (6,58%) of ander inligting (1,02%). Volgens die ander studies in hierdie verband, word die katalogus gemiddeld 6% vir bibliografiese inligting geraadpleeg.

Twee persone het nie vraag 5 beantwoord nie. Dit het egter geen noemenswaardige uitwerking op die resultate tot gevolg gehad nie.

Die hipotese dat die meeste katalogusbruikers spesifieke boeke, soek, waarvan die skrywers en/of titels aan hulle bekend is, word dus bevestig. Die katalogus word egter byna net soveel oor spesifieke onderwerpe of persone geraadpleeg.

4.2.2.2.3.1 Wat die gebruikers soek versus kategorieë gebruikers

'n Vergelyking van die resultate van vraag 1 (kategorieë gebruikers) met dié van vraag 5 (wat die gebruikers soek), het die volgende aan die lig gebring (Tabel 11):

4.2.2.2.3.1.1 Voorgraadse studente

Voorgraadse studente het merendeels (52,31%) onderwerpsinligting verlang, gevolg deur spesifieke boeke (43,64%). Dit stem ooreen met die bevindings van Jackson (11:10). Palmer en Penalosa (26:71; 27:34) het egter op hulle beurt vasgestel dat voorgraadse studente meesal spesifieke boeke soek.

Wanneer hierdie betrokke studente van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat die biblioteek besoek, is hulle meesal nie bewus van watter boeke daar oor hulle spesifieke onderwerpe bestaan nie. Slegs 3,47% voorgraadse studente het bibliografiese inligting gesoek. Die twee persone (0,58%) wat nie die vraag beantwoord het nie, beïnvloed nie die resultate op enige noemenswaardige wyse nie.

4.2.2.2.3.1.2 Diplomastudente

Die rangorde van die tipes inligting wat deur diplomastudente verlang word, stem ooreen met dié wat by voorgraadse studente

TABEL 11

WAT DIE GEBRUIKERS SOEK VERSUS KATEGORIEË GEBRUIKERS

Kategorieë	Voorgraads		Diploma		Nagraads		Studente- totaal		Dosente		Bib. perso- neel		Ander perso- neel		Ander ge- bruikers	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Spesifieke boek	151	43,64	19	40,43	51	54,84	221	45,47	29	74,36	46	39,32	16	72,73	7	35,00
Onderwerp	181	52,31	27	57,45	39	41,94	247	50,82	6	15,38	42	35,90	3	13,64	13	65,00
Bibliografiese inligting	12	3,47	1	2,13	3	3,23	16	3,29	3	7,69	23	19,66	3	13,64	0	0,00
Ander inligting	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	1	2,56	6	5,13	0	0,00	0	0,00
Geen antwoord	2	0,58	0	0,00	0	0,00	2	0,41	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00
Totaal	346	100,00	47	100,01	93	100,01	486	99,99	39	99,99	117	100,01	22	100,01	20	100,00

aangetref word: die meeste gebruikers (57,45%) het onderwerpsinligting gesoek, gevolg deur spesifieke boeke (40,43%). By diplomastudente is die verskil tussen dié twee persentasies groter as by voorgraadse studente, naamlik 17,02%. Wanneer diplomastudente die biblioteek besoek, is hulle dus in 'n mindere mate as voorgraadse studente bewus van watter boeke oor hulle spesifieke onderwerpe bestaan. Slegs een persoon (2,13%) het bibliografiese inligting gesoek.

4.2.2.2.3.1.3 Nagraadse studente

By nagraadse studente verskil die prentjie aansienlik van dié by voorgraadse en diplomastudente: nagraadse studente het merendeels (54,84%) spesifieke boeke gesoek, gevolg deur 41,94% van hulle wat inligting oor onderwerpe of persone verlang het. Dit lewer 'n verskil van 12,9%. Dit wil dus voorkom asof nagraadse studente meesal voor hulle die biblioteek besoek, bewus is van die boeke wat oor hulle onderwerpe beskikbaar is. Gevolglik raadpleeg hulle die katalogus hoofsaaklik om vas te stel of die biblioteek wel hierdie boeke besit. Slegs 3,23% nagraadse studente het bibliografiese inligting verlang.

4.2.2.2.3.1.4 Studentetotaal

Wat die totale aantal studente betref, soek die meeste katalogusgebruikers inligting oor onderwerpe of persone (50,82%), gevolg deur spesifieke boeke (45,47%). Slegs 3,29% studente verlang bibliografiese inligting.

Die katalogus bestaan dus vir die studente, veral vir voorgraadse en diplomastudente, nie net uit 'n blote vindlys van spesifieke items nie, maar dien ook as 'n instrument vir onderwerpsontsluiting.

4.2.2.2.3.1.5 Dosente

Wanneer die katalogus deur dosente gebruik word, is hulle merendeels (74,36%) op soek na spesifieke boeke. Hulle verlang selde inligting oor onderwerpe of persone (15,38%), terwyl die katalogus ook baie min (7,69%) vir bibliografiese inligting geraadpleeg word. Hierdie resultate dui aan dat, net soos in die geval van

nagraadse studente, dosente meesal reeds bewus is van die boeke wat oor hulle spesifieke onderwerpe beskikbaar is wanneer hulle die biblioteek besoek. Hulle gebruik die katalogus dus bloot om vas te stel of die verlangde materiaal wel in voorraad is. Hierdie bevinding geld egter in 'n baie groter mate vir dosente as vir nagraadse studente. Daarom kom dit voor asof die gebruik van die katalogus vir onderwerpsontsluiting afneem namate 'n gebruiker se opvoedkundige kwalifikasies styg. Hierdie bevinding stem ooreen met dié van ander studies (11:9; 26:71; 27:34).

Dosente het dus nie behoefte aan mikro-ontsluiting wanneer hulle die katalogus raadpleeg nie. Hierdie bevinding hou belangrike implikasies vir katalogusbou in : wat onderwerpsontsluiting betref, moet studente se behoeftes voorkeur geniet, aangesien hulle die katalogus baie meer (50,82%) vir onderwerpsontsluiting raadpleeg as dosente (15,38%). Vir laasgenoemde dien die katalogus grotendeels (74,36%) as 'n vindlys.

4.2.2.2.3.1.6 Biblioteekpersoneel

Die meeste biblioteekpersoneel (39,32%) soek spesifieke boeke, gevolg deur onderwerpsinligting (35,9%) en bibliografiese inligting (19,66%). Volgens Palmer (26:71) soek die oorgrote meerderheid van die biblioteekpersoneel spesifieke boeke, gevolg deur bibliografiese en onderwerpsinligting. In hierdie studie is die persentasie biblioteekpersoneel wat bibliografiese inligting verlang, naamlik 19,66, die hoogste vir al die kategorieë gebruikers. Hierdie resultate hou verband met die daaglikse pligte van die biblioteekpersoneel : hulle moet dikwels kontroleer of die biblioteek 'n sekere boek besit, watter boeke oor 'n spesifieke onderwerp die biblioteek in voorraad het, asook waar dit geklassifiseer is. Verder word bibliografiese inligting dikwels verlang vir katalogisering, boekbestellings, ensovoorts.

Die rede waarom die persentasie vir onderwerpsinligting hier hoër is as by Palmer, is dat sy studie betrekking het op 'n biblioteek wat veral deur nagraadse gebruikers besoek word (26:64). Hulle raadpleeg die katalogus minder vir onderwerpsinligting as voorgraadse studente (26:71). Die personeel word dus nie so dikwels genader om hulp te verleen met onderwerpsontsluiting

as wat die geval is by voorgraadse studente nie.

4.2.2.2.3.1.7 Ander universiteitspersoneel

Die meeste ander universiteitspersoneel (72,73%) raadpleeg die katalogus met die doel om spesifieke boeke te soek. Voorts gebruik hulle dit ewe veel (13,64%) om bibliografiese inligting en onderwerpsinligting te bekom. Volgens Palmer (26:71) sien die volgorde van die tipes inligting wat verlang word, s6 daaruit : spesifieke boeke, onderwerpsinligting en bibliografiese inligting. Die rede waarom hierdie groep se persentasie vir bibliografiese inligting soveel hoër is as dié van die studente en dosente, is geleë in die feit dat hulle dikwels uit tegniese assistente bestaan wat verwysings van die dosente en navorsers moet kontroleer.

4.2.2.2.3.1.8 Ander gebruikers

Die ander gebruikers raadpleeg die katalogus meesal (65%) vir onderwerpsinligting. Die studente van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege vorm 45% van die kategorie "ander gebruikers." 1) Bestudering van die vraelyste het aan die lig gebring dat al hierdie studente op soek was na onderwerpsinligting. Dit verklaar dus gedeeltelik die rede waarom die persentasie ander gebruikers wat onderwerpsinligting verlang het, so hoog is. Verder word die katalogus slegs gebruik om spesifieke boeke te soek (35%). Palmer (26:71) het gevind dat ander gebruikers meesal spesifieke boeke soek, gevolg deur onderwerpsinligting en bibliografiese inligting.

4.2.2.2.3.2 Wat die gebruikers soek versus die redes waarom hulle die katalogus raadpleeg

Die resultate van vraag 5 (wat die gebruikers soek) is vergelyk met dié van vraag 4 (die redes waarom die gebruikers die katalogus raadpleeg). Tabel 12 dui die resultate hiervan aan. Geen vergelykbare resultate kon in ander studies opgespoor word nie.

1) Vide, 4.2.1.2.3.5, p. 42

TABEL 12

WAT DIE GEBRUIKERS SOEK VERSUS DIE REDES WAAROM HULLE DIE KATALOGUS RAADPLEEG

Redes	Spesifieke boek		Onderwerp		Bibliogr. inligting		Ander inligting		Geen antwoord	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Werkopdragte	147	46,08	189	60,77	13	28,89	0	0,00	1	50,00
Onderrig	16	5,02	1	0,32	0	0,00	0	0,00	0	0,00
Navorsing	36	11,29	26	8,36	6	13,33	0	0,00	0	0,00
Persoonlik	33	10,34	23	7,40	2	4,44	1	14,29	0	0,00
Byleeswerk	43	13,48	27	8,68	1	2,22	0	0,00	1	50,00
Ander redes	44	13,79	45	14,47	23	51,11	6	85,71	0	0,00
Totaal	319	100,00	311	100,00	45	99,99	7	100,00	2	100,00

4.2.2.2.3.2.1 Spesifieke boeke

Spesifieke boeke word deur die meeste katalogusgebruikers gesoek vir werkopdragte (46,08%), gevolg deur ander redes (13,79%). Hierdie ander redes is meesal deur biblioteekpersoneel aangedui wat die katalogus moes raadpleeg as deel van hulle daaglikse werk. Feitlik net soveel gebruikers (13,48%) verlang spesifieke boeke vir byleswerk. Vir navorsing het 11,29% gebruikers spesifieke boeke gesoek, terwyl 10,34% gebruikers dit om persoonlike redes verlang het. Min katalogusgebruikers daarenteen soek spesifieke boeke vir onderrig.

4.2.2.2.3.2.2 Inligting oor 'n onderwerp of persoon

Katalogusgebruikers wat onderwerpsinligting soek, benodig dit meesal vir werkopdragte (60,77%), gevolg deur ander redes (14,47%). Die betrokke gebruikers wat ander redes aangedui het, het meesal uit biblioteekpersoneel bestaan wat die katalogus in verband met hulle werk moes raadpleeg. Min gebruikers wat onderwerpsinligting soek, doen dit vir byleswerk (8,68%), navorsing (8,36%) of om persoonlike redes (7,4%). Baie min katalogusgebruikers verlang onderwerpsinligting vir onderrig (0,32%).

4.2.2.2.3.2.3 Bibliografiese inligting

Die gebruikers wat die katalogus raadpleeg vir bibliografiese inligting, doen dit meesal om ander redes (51,11%). In dié geval bestaan die gebruikers merendeels uit biblioteekpersoneel wat die inligting in verband met hulle werk benodig. 'n Redelike hoeveelheid gebruikers (28,89%) verlang bibliografiese inligting vir werkopdragte, gevolg deur navorsing (13,33%). Bibliografiese inligting word baie min om persoonlike redes (4,44%) en vir byleswerk (2,22%) benodig. Geen dosent het aangedui dat hy bibliografiese inligting vir onderrigdoeleindes verlang nie.

4.2.2.2.3.2.4 Ander inligting

Die gebruikers wat die katalogus vir ander inligting geraadpleeg het, het ook meesal die kategorie "Ander" by vraag 4 ingevul (85,71%). Dit was biblioteekpersoneel wat die katalogus in

verband met hulle werk geraadpleeg het.

4.2.2.2.3.3 Die redes waarom die gebruikers die katalogus raadpleeg versus wat hulle soek

Die resultate van vraag 4 (die redes waarom die gebruikers die katalogus raadpleeg) is vergelyk met dié van vraag 5 (wat die gebruikers soek). Tabel 13 dui die resultate van hierdie vergelyking aan. Geen vergelykbare resultate in hierdie verband kon in ander studies opgespoor word nie.

4.2.2.2.3.3.1 Werkopdrag

Die meeste gebruikers wat die katalogus raadpleeg vir werkopdragte, is op soek na onderwerpsinligting (54%), terwyl spesifieke boeke wat verlang word, tweede op die ranglys is (42%). Baie min gebruikers (3,71%) soek bibliografiese inligting vir werkopdragte in die katalogus. Wanneer studente wat werkopdragte ontvang het die katalogus raadpleeg, weet hulle dus meesal nie watter inligting oor hulle spesifieke onderwerpe beskikbaar is nie.

4.2.2.2.3.3.2 Onderrig

Die meeste dosente wat die katalogus raadpleeg, soek spesifieke boeke (94,12%). Slegs 5,88% verlang inligting oor onderwerpe of persone. Hierdie gegewens dui daarop dat dosente meesal reeds bewus is van die inligting wat oor hulle onderwerpe beskikbaar is en die katalogus gevolglik slegs raadpleeg ten einde vas te stel of die biblioteek oor daardie spesifieke inligting beskik. Die dosente het nie juis behoefte aan bibliografiese inligting vir onderrigdoeleindes nie.

4.2.2.2.3.3.3 Navorsing

Die meeste navorsers is op soek na spesifieke boeke (52,94%), terwyl soektogte na inligting oor onderwerpe of persone

TABEL 13

DIE REDES WAAROM DIE GEBRUIKERS DIE KATALOGUS RAADPLEEG VERSUS WAT HULLE SOEK

Soektog	Werkopdragte		Onderrig		Navorsing		Persoonlik		Byleeswerk		Ander redes	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Spesifieke boek	147	42,00	16	94,12	36	52,94	33	55,93	43	59,72	44	37,29
Onderwerp	189	54,00	1	5,88	26	38,24	23	38,98	27	37,50	45	38,14
Bibliografiese inligting	13	3,71	0	0,00	6	8,82	2	3,39	1	1,39	23	19,49
Ander inligting	0	0,00	0	0,00	0	0,00	1	1,69	0	0,00	6	5,08
Geen antwoord	1	0,29	0	0,00	0	0,00	0	0,00	1	1,39	0	0,00
Totaal	350	100,00	17	100,00	68	100,00	59	99,99	72	100,00	118	100,00

tweede op die ranglys is (38,24%). Baie min navorsers verlang bibliografiese inligting (8,82%). Net soos in die geval van dosente is navorsers dus meesal reeds vertrouwd met die inligting wat oor hulle onderwerpe beskikbaar is. Die katalogus word dus slegs geraadpleeg om vas te stel of die biblioteek wel oor die betrokke materiaal beskik.

4.2.2.2.3.3.4 Persoonlike gebruik

Die meeste gebruikers wat die katalogus om persoonlike redes raadpleeg (55,93%), soek spesifieke boeke, gevolg deur inligting oor onderwerpe of persone (38,98%). Baie min van hulle raadpleeg die katalogus vir bibliografiese inligting (3,39%) of om ander redes (1,69%).

4.2.2.2.3.3.5 Byleeswerk

Die meerderheid van die gebruikers wat die katalogus raadpleeg vir byleeswerk, is op soek na spesifieke boeke (59,72%). Inligting wat verlang word oor onderwerpe of persone (37,5%), volg tweede. Slegs een gebruiker (1,39%) het aangedui dat hy bibliografiese inligting vir sy byleeswerk verlang het.

4.2.2.2.3.3.6 Ander redes

Die gebruikers wat die katalogus om ander redes benut, soek meesal (38,14%) inligting oor onderwerpe of persone. Die katalogus word byna net soveel gebruik (37,29%) om spesifieke boeke op te spoor. In vergelyking met al die ander redes waarom die katalogus gebruik word, word dit die meeste (19,49%) vir bibliografiese inligting benut deur gebruikers wat dit om ander redes raadpleeg. Die biblioteekpersoneel wat die katalogus dikwels moet raadpleeg om bibliografiese besonderhede te kontroleer, is daarvoor verantwoordelik dat die persentasie vir bibliografiese inligting soveel hoër is as dié vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik en byleeswerk.

4.2.2.2.3.4 Samevatting

Die resultate van hierdie studie dui dus die volgende aan:

4.2.2.2.3.4.1 Ongeveer ewe veel gebruikers raadpleeg die katalogus met die doel om spesifieke boeke of onderwerpsinligting

te bekom. Baie min gebruikers soek bibliografiese of ander inligting.

4.2.2.2.3.4.2 Onderwerpsinligting word meesal vir werkopdragte benodig. Vir die doeleindes van onderrig, navorsing, persoonlike gebruik en byleswerk, word hoofsaaklik van die katalogus gebruik gemaak om spesifieke boeke op te spoor.

4.2.2.2.3.4.3 Hoe hoër 'n gebruiker se akademiese kwalifikasies, hoe minder word die katalogus geraadpleeg vir onderwerpsontsluiting. Dit wil dus voorkom asof hierdie gebruikers hulle verwysings uit ander bronne as die katalogus verkry en laasgenoemde slegs gebruik om vas te stel of die werke wat hulle soek, wel in die biblioteek aangetref word.

4.2.2.2.3.4.4 Die katalogus word in 'n groter mate deur die biblioteekpersoneel as enige ander groep geraadpleeg vir bibliografiese inligting.

4.2.2.2.3.4.5 Katalogusgebruik hang ten nouste saam met die samestelling van die universiteit en die vakke wat gedoseer word.

4.2.3 Gebruiksfrekwensie van die verskillende items op die kataloguskaart

4.2.3.1 Inleiding

Tydens katalogisering word 'n groot hoeveelheid inligting van allerlei aard op die kataloguskaart aangebring, sonder dat die bibliotekaris bewus is van die mate waarin dit deur die gebruikers benut word. Hierdie studie het die volgende probeer vasstel:

4.2.3.1.1 In watter mate word die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg (vraag 6 van die vraelys). Die hipotese dat slegs die skrywer, titel, onderwerpsnommer, raknommer en datum baie geraadpleeg word, is getoets

4.2.3.1.2 In watter mate studente, dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel en besoekers onderskeidelik die verskillende items op die kataloguskaart gebruik (vraag 1 versus 6).

4.2.3.1.3 In watter mate gebruikers wat die katalogus vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleeswerk, ensovoorts raadpleeg, die verskillende items gebruik (vraag 4 versus 6).

4.2.3.1.4 In watter mate die verskillende items geraadpleeg word vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleeswerk, ensovoorts (vraag 6 versus 4).

4.2.3.1.5 In watter mate gebruikers wat spesifieke boeke, inligting oor onderwerpe of persone, bibliografiese inligting, ensovoorts soek, die verskillende items raadpleeg (vraag 5 versus 6).

4.2.3.1.6 In watter mate die verskillende items geraadpleeg word vir spesifieke boeke, inligting oor onderwerpe of persone, bibliografiese inligting, ensovoorts (vraag 6 versus 5).

4.2.3.2 In watter mate die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg word

Ten einde die hipotese dat slegs die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum baie geraadpleeg word, te toets, is vraag 6 gebruik. Die antwoorde op die vraag word in rangorde volgens gebruiksfrekwensie op tabel 14 aangedui. Hierdie resultate kan egter nie as volkome betroubaar beskou word nie, aangesien persoonlike waarneming aan die lig gebring het dat sommige gebruikers al die items op die kataloguskaart aan die hand van die konsepkaart nagegaan het. Hulle het dan aangedui dat hulle al die items geraadpleeg het. Sommige gebruikers daarenteen, het slegs die items waarvoor hulle die katalogus in die eerste instansie geraadpleeg het, byvoorbeeld die titel, afgemerk en die res geïgnoreer.

Tydens hierdie studie is gevind dat 18,72% gebruikers direk

TABEL 14

ITEMS GERAADPLEEG

Item	Aantal	%
Titel	439	64,18
Skrywer	438	64,04
Raknommer	376	54,97
Onderwerpsnommer	203	29,68
Datum	71	10,38
Uitgawe	48	7,02
Medeskrywer	47	6,87
Plek	46	6,73
Aantal stelle/eksemplare	44	6,43
Uitgewer	40	5,85
Volumes	40	5,85
Inhoudsmelding	29	4,24
Toevoegingsnommer	24	3,51
Reeksmelding	20	2,92
Besitsmelding	17	2,49
Vertaler	16	2,34
Illustrasies	10	1,46
Bladsye	10	1,46
Grootte	5	0,73
ISBN	4	0,58
Totaal	1927	

Die persentasies is as volg bepaal:

$$\frac{\text{aantal items}}{684} \times 100$$

vanaf die klapper na die rakke gegaan het en dus geen item op die kataloguskaart geraadpleeg het nie. Sodanige gebruikers is wel in die studie opgeneem, omdat die klapper deel van die katalogus uitmaak. Hulle het egter die persentasies vir vraag 6 afwaarts beïnvloed.

Vir die ontleding van die resultate is 25% en meer as goed beskou, terwyl 10% tot 24% as redelik aanvaar is. Onder 10% is as swak beskou.

Volgens hierdie studie word die skrywer en titel ewe veel geraadpleeg (64%). Palmer (26:83) het egter vasgestel dat die titel 2% meer as die skrywer gebruik word. Afgesien van die skrywer en titel, word die raknommer en die onderwerpsnommer baie benut, naamlik, 54,97% en 29,68% onderskeidelik. Die datum van uitgawe word redelik baie geraadpleeg (10,38%). Minder as 10% van die katalogusgebruikers gebruik die res van die items. Twee items, naamlik die grootte en die ISBN, het 'n gebruiksfrekwensie van minder as 1%.

Die hipotese dat slegs die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum baie geraadpleeg word, word dus weerlê. Hierdie studie het gevind dat slegs die skrywer, titel, raknommer en onderwerpsnommer baie geraadpleeg word, terwyl die datum matig en al die ander items min benut word. Volgens ander studies ¹⁾ word die skrywer, titel, onderwerp, raknommer en datum baie geraadpleeg en die uitgawe, plek en uitgewer, redelik.

4.2.3.3 Kategorieë gebruikers versus items geraadpleeg

Ten einde vas te stel in watter mate studente, dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel en ander gebruikers die verskillende items op die kataloguskaart raadpleeg, is die resultate van vraag 1 (kategorieë) vergelyk met dié van vraag 6 (items). Tabel 15 dui die resultate in hierdie verband aan.

4.2.3.3.1 Voorgraadse studente

Voorgraadse studente raadpleeg die titel die meeste (66,47%), gevolg deur die skrywer (62,72%). Die raknommer en onderwerpsnommer word ook baie gebruik (56,36% en 32,37% onderskeidelik). Al die ander items word minder as 9% benut. Voorgraadse studente

1) Vide, 2.4.3, p.18

TABEL 15

GEBRUIKERS VERSUS ITEMS GERAADPLEEG

Items geraadpleeg	Voorgraads		Diploma		Nagraads		Studente- totaal		Dosente		Biblioteek- personeel		Ander personeel		Ander ge- bruikers	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Onderwerpsno.	112	32,37	13	27,45	23	24,73	149	30,41	3	7,69	35	29,91	5	22,73	12	68,75
Raknommer	195	56,36	20	43,14	56	60,22	273	56,41	22	48,72	57	63,64	14	62,50	12	54,97
Skrywer	217	62,72	20	45,10	70	75,27	310	63,27	30	76,92	67	57,26	20	90,91	14	68,75
Medeskrywer	26	7,51	2	3,92	10	10,75	38	7,76	2	5,13	5	4,27	1	4,55	1	6,25
Titel	230	66,47	21	47,06	60	64,52	314	64,08	29	74,36	71	60,68	15	68,18	13	62,50
Vertaler	8	2,31	0	0,00	3	3,23	11	2,24	0	0,00	4	3,42	0	0,00	1	6,25
Uitgawe	24	6,94	1	1,96	3	3,23	28	5,71	0	0,00	14	11,97	3	13,64	3	18,75
Plek	22	6,36	2	3,92	5	5,38	29	5,92	1	2,56	7	5,98	4	18,18	5	31,25
Uitgewer	20	5,78	2	3,92	5	5,38	27	5,51	1	2,56	6	5,13	4	18,18	2	12,50
Datum	30	8,67	3	5,88	10	10,75	43	8,76	2	5,13	17	14,53	4	18,18	5	31,25
Volumes	20	5,78	3	5,88	6	6,45	29	5,92	1	2,56	6	5,13	1	4,55	3	18,75
Bladsye	2	0,58	2	3,92	0	0,00	4	0,82	0	0,00	3	2,56	1	4,55	2	12,50
Illustrasies	8	2,31	0	0,00	0	0,00	8	1,63	0	0,00	2	1,71	0	0,00	0	0,00
Grootte	2	0,58	1	1,96	0	0,00	3	0,61	0	0,00	1	0,85	0	0,00	1	6,25
Reeks	3	0,87	1	1,96	0	0,00	4	0,82	0	0,00	14	11,97	0	0,00	2	12,50
Inhoud	17	4,91	2	3,92	2	2,15	21	4,29	0	0,00	6	5,13	0	0,00	2	12,50
ISBN	0	0,00	0	0,00	1	1,08	1	0,20	0	0,00	1	0,85	1	4,55	1	6,25
Stelle/eksemp.	21	6,07	0	0,00	9	9,68	30	6,12	1	2,56	12	10,26	1	4,55	0	0,00
Besit	7	2,02	0	0,00	1	1,08	8	1,63	2	5,13	5	4,27	2	9,09	0	0,00
Toev. no.	4	1,16	2	3,92	2	2,15	8	1,63	0	0,00	15	12,82	0	0,00	1	6,25
Totaal	968		95		266		1338		94		348		76		80	
Items per geb	2,9		2,02		2,86		2,73		2,41		2,97		3,45		4,00	

Tabel 15 vervolg.....

Totaal = 1927 items

Items per gebruiker = 2,82

Die persentasies is bereken volgens die totale vir elke kategorie gebruikers, soos aangedui op Tabel 2, p. 35

raadpleeg 2,8 items per gebruiker.

4.2.3.3.2 Diplomastudente

Net soos in die geval van voorgraadse studente, raadpleeg diploma-studente die titel (47,06%), skrywer (45,1%), raknommer (43,14%) en onderwerpsnommer (27,45%) baie. Al die ander items word minder as 6% benut. Diplomastudente raadpleeg 2,02 items per gebruiker.

4.2.3.3.3 Nagraadse studente

Nagraadse studente raadpleeg die skrywer (75,27%) amper 11% meer as die titel (64,52%). Hulle is die enigste groep studente wat die skrywer meer as die titel gebruik. Hulle raadpleeg ook die raknommer (60,22%) meer as die ander groepe studente, maar die onderwerpsnommer (24,73%) daarenteen, minder. Die medeskrywer en datum word elk meer as 10% deur hulle benut en die aantal stelle of eksemplare meer as 9%. Al die ander items word minder as 7% gebruik. Nagraadse studente raadpleeg 2,86 items per gebruiker.

4.2.3.3.4 Studentetotaal

In totaal raadpleeg die studente die skrywer en titel bykans ewe veel (63,27% en 64,08% onderskeidelik). Die raknommer (56,41%) word 26% meer as die onderwerpsnommer benut. Al die ander items word minder as 9% gebruik. Die studente raadpleeg 2,73 items per gebruiker.

4.2.3.3.5 Dosente

Dosente raadpleeg die skrywer (76,92%), titel (74,36%) en raknommer (48,72%) baie. Al die ander items word minder as 8% gebruik. Hulle is die enigste groep gebruikers wat die onderwerpsnommer sō min (7,69%) benut. Dosente raadpleeg 2,41 items per gebruiker.

4.2.3.3.6 Biblioteekpersoneel

Biblioteekpersoneel raadpleeg die titel (60,68%), skrywer (57,26%), raknommer (63,64%) en onderwerpsnommer (29,91%) baie. Die uit-

gawe, datum, reeksmelding, aantal stalle of eksemplare, asook die toevoegingsnommer, word tussen 10% en 15% geraadpleeg. Al die ander items word minder as 6% benut. Die biblioteekpersoneel is die enigste groep gebruikers wat al die items benut. Hulle raadpleeg 2,97 items per gebruiker.

4.2.3.3.7 Ander universiteitspersoneel

Die ander universiteitspersoneel raadpleeg die skrywer (90,91%) baie meer as enige ander groep. Die titel (68,18%), asook die raknommer (62,5%) word baie geraadpleeg, terwyl die onderwerpsnommer (22,73%) redelik gebruik word. Hulle benut die plek, uitgewer, datum (18,18% elk) en die uitgawe (13,64%) meer as die studente, dosente en biblioteekpersoneel. Al die ander items word minder as 10% benut. Ander universiteitspersoneel raadpleeg 3,45 items per gebruiker.

4.2.3.3.8 Ander gebruikers

Die ander gebruikers raadpleeg die skrywer en die onderwerpsnommer (68,75% elk) die meeste, gevolg deur die titel (62,5%), raknommer (54,97%) en die datum en plek (31,25% elk). Die aantal volumes en die uitgawe word redelik (18,75%) benut en die uitgewer, bladsye, reeksmelding en inhoudsmelding 12,5% elk. Al die ander items word 6,25% benut. Ander gebruikers raadpleeg 4 items per gebruiker.

Hierdie resultate bevestig die vroeëre afleiding ¹⁾, naamlik dat die katalogus minder vir onderwerpsontsluiting gebruik word namate die gebruiker se akademiese kwalifikasies styg. Die biblioteekpersoneel is die enigste groep gebruikers wat al die items benut. Dit word verklaar deur die aard van hulle werk. Die skrywer, uitgawe, plek, uitgewer en datum word heelwat meer deur ander universiteitspersoneel as deur ander groepe geraadpleeg, besoekers uitgesonderd. Die verklaring hiervoor is dat dié kategorie gebruikers dikwels hierdie betrokke items moet nagaan voordat nuwe boeke vir hulle departemente bestel

1) Vide, 4.2.2.2.3.4.3, p. 64

kan word. Die dosente gee aan minder items aandag as enige ander groep. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hulle so vertrouwd met hulle betrokke literatuur is, dat hulle nie nodig het om meer as die minimum besonderhede in die katalogus na te gaan nie. Die kategorie "ander gebruikers" het aangedui dat hulle die meeste items per gebruiker raadpleeg, naamlik 4. Hierdie resultaat is egter nie betroubaar nie. Bestudering van die vraelyste het aan die lig gebring dat twee respondente uit skoliere bestaan het wat inligting oor die Rhodesiese geskiedenis gesoek het. Benewens die items wat deur ander gebruikers baie en redelik baie geraadpleeg word, het hierdie twee gebruikers ook die volgende items aangedui: uitgawe, plek van uitgawe, uitgewer, aantal volumes, aantal bladsye, grootte, inhoudsmelding, ISBN en toevoegingsnommer. Persoonlike waarneming van een skolier het aan die lig gebring dat hy al die items op die konsepkaart met 'n kataloguskaart vergelyk het. Daarna het hy al die ooreenstemmende items op die vraelys afgemerkt, asof hy hulle geraadpleeg het. 'n Besoekende Amerikaanse professor het twaalf opeenvolgende items afgemerkt.

In ander studies (2:45; 4:31; 24:635; 26:82; 31:25) is vasgestel dat die gebruiker meer items op die kataloguskaart benut namate sy akademiese kwalifikasies styg. Hierdie studie se bevinding is dat gebruik van die verskillende items styg van 2,02 vir diplomastudente, na 2,8 vir voorgraadse studente, na 2,86 vir nagraadse studente. Wat dosente betref, daal dit egter na 2,41 items. Volgens bostaande studies word feitlik al die items op die kataloguskaart beter benut deur nagraadse as deur voorgraadse studente. Hierdie studie vind daarenteen, dat nagraadse studente slegs die skrywer, raknommer, medeskrywer, vertaler, datum, volumes, ISBN en aantal stelle of eksemplare meer raadpleeg as voorgraadse studente. Die rede vir hierdie verskil is moeilik om te bepaal. Geen afleiding kan in hierdie verband gemaak word nie, aangesien te min besonderhede bekend is oor die aard en omstandighede van ander studies. Volgens hierdie studie is biblioteekpersoneel die enigste groep gebruikers wat al die items op die kataloguskaart gebruik. Hall en Seal (9:6) het gevind dat hierdie kategorie gebruikers groter behoefte het aan 'n gedetailleerde katalogus as ander gebruikers.

Palmer (26:82) het vasgestel dat gemiddeld 4,4 items per gebruiker geraadpleeg word, terwyl hierdie studie, daarenteen, vind dat gemiddeld 2,82 items per gebruiker geraadpleeg word. Gedurende hierdie ondersoek het 128 gebruikers direk vanaf die klapper tot die sistematiese katalogus na die rakke gegaan, sonder om die sistematiese katalogus te benut. Indien hierdie getal buite rekening gelaat word, raadpleeg die gebruikers gemiddeld 3,47 items elk.

4.2.3.4 Redes versus items geraadpleeg

Ten einde te bepaal in watter mate gebruikers wat die katalogus raadpleeg vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleswerk, ensovoorts, die verskillende items op die kataloguskaart benut, is die resultate van vraag 4 (redes) vergelyk met dié van vraag 6 (items). Tabel 16 dui die resultate hiervan aan.

4.2.3.4.1 Werkopdragte

Vir werkopdragte word die titel die meeste geraadpleeg (23,05%), gevolg deur die skrywer (22,01%) en die raknommer (19,94%). Die onderwerpsnommer word 11,84% benut. Al die ander items word minder as 4% gebruik. Vir werkopdragte word alle items op die kataloguskaart benut.

4.2.3.4.2 Onderrig

Vir onderrigdoeleindes word die skrywer die meeste geraadpleeg (34,15%), gevolg deur die titel (31,71%) en die raknommer (24,39%). Die onderwerpsnommer word slegs 4,88% gebruik. Die enigste ander items wat vir onderrigdoeleindes benut word, is die medeskrywer en die aantal stelle of eksemplare (2,44% elk).

4.2.3.4.3 Navorsing

Vir navorsing word die skrywer die meeste geraadpleeg (25,12%), gevolg deur die titel (21,8%) en die raknommer (19,91%). Die onderwerpsnommer word 6,16% gebruik. Al die ander items word minder as 5% geraadpleeg. Die enigste items wat nie benut word nie, is die illustrasies en die grootte.

TABEL 16

REDES VERSUS ITEMS GERAADPLEEG

Items geraadpleeg	Werkopdrag		Onderrig		Navorsing		Persoonlik		Byleeswerk		Ander redes	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Onderwerpsnommer	114	11,84	2	4,88	13	6,16	18	11,04	18	8,87	38	10,98
Raknommer	192	19,94	10	24,39	42	19,91	31	19,02	43	21,18	58	16,76
Skrywer	212	22,01	14	34,15	53	25,12	38	23,31	54	26,60	67	19,36
Medeskrywer	21	2,18	1	2,44	6	2,84	5	3,07	9	4,43	5	1,46
Titel	222	23,05	13	31,71	46	21,80	36	22,09	51	25,12	71	20,52
Vertaler	6	0,62	0	0,00	3	1,42	3	1,84	1	0,49	3	0,87
Uitgawe	22	2,28	0	0,00	5	2,37	4	2,45	4	1,97	13	3,76
Plek	27	2,80	0	0,00	8	3,79	3	1,84	1	0,49	7	2,02
Uitgewer	22	2,28	0	0,00	7	3,32	3	1,84	2	0,99	6	1,73
Datum	36	3,74	0	0,00	10	4,74	2	1,23	6	2,96	17	4,91
Volumes	25	2,60	0	0,00	4	1,90	2	1,23	3	1,48	6	1,73
Bladsye	4	0,42	0	0,00	1	0,47	1	0,61	1	0,49	3	0,87
Illustrasies	5	0,52	0	0,00	0	0,00	3	1,84	1	0,49	1	0,29
Grootte	3	0,31	0	0,00	0	0,00	0	0,00	1	0,49	1	0,29
Reeks	4	0,42	0	0,00	1	0,47	3	1,84	0	0,00	12	3,47
Inhoudsmelding	17	1,77	0	0,00	1	0,47	3	1,84	3	1,48	5	1,46
ISBN	1	0,10	0	0,00	1	0,47	1	0,61	0	0,00	1	0,29
Aantal stelle of eksemplare	20	2,08	1	2,44	3	1,42	5	3,07	4	1,97	11	3,18
Besitsmelding	5	0,52	0	0,00	5	2,37	1	0,61	0	0,00	6	1,73
Toevoegingsnommer	5	0,52	0	0,00	2	0,95	1	0,61	1	0,49	15	4,34
Totaal	963	100,00	41	100,01	211	99,99	163	99,99	203	99,99	346	100,02

4.2.3.4.4 Persoonlike gebruik

Vir persoonlike gebruik word die skrywer die meeste geraadpleeg (23,31%), gevolg deur die titel (22,09%) en die raknommer (19,02%). Die onderwerpsnommer word 11,04% gebruik, terwyl al die ander items minder as 4% benut word. Slegs die grootte word nie gebruik nie.

4.2.3.4.5 Byleeswerk

Die skrywer word die meeste vir byleeswerk gebruik (26,6%), gevolg deur die titel (25,12%) en die raknommer (21,18%). Die onderwerpsnommer word 8,87% geraadpleeg en al die ander items minder as 5%. Die reeksmelding en besitsmelding word glad nie benut nie.

4.2.3.4.6 Ander redes

Indien die katalogus om ander redes as die voorafgaande geraadpleeg word, word die titel die meeste benut (20,52%), gevolg deur die skrywer (19,36%) en die raknommer (16,76%). Die onderwerpsnommer word 10,98% geraadpleeg, terwyl al die ander items minder as 5% gebruik word. Alle items word benut.

Om kortliks saam te vat, kan dus beweer word dat die skrywer die meeste geraadpleeg word vir onderrig, navorsing, persoonlike gebruik en byleeswerk. Vir werkopdragte en ander redes word die titel die meeste gebruik. Die onderwerpsnommer word die meeste geraadpleeg vir werkopdragte en die minste vir onderrig en navorsing. Dit bevestig die vroeëre afleiding¹⁾, naamlik dat die katalogus minder vir onderwerpsontsluiting gebruik word namate die gebruiker se akademiese kwalifikasies styg.

Geen vergelykbare resultate in hierdie verband kon in ander studies gevind word nie.

4.2.3.5 Items geraadpleeg versus redes

Met die doel om vas te stel in watter mate die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg word vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleeswerk, ensovoorts, is die resultate van vraag 6 (items) vergelyk met dié van vraag 4 (redes). Tabel 17 dui die resultate aan.

1) Vide, 4.2.2.2.3.4.3, p. 64

TABEL 17

ITEMS GERAADPLEEG VERSUS REDES

Redes	Onderwerps- nommer		Raknommer		Skrywer		Medeskrywer		Titel		Vertaler		Uitgawe		Plek		Uitgewer	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Werkopdrag	114	56,16	192	51,06	212	48,40	21	44,68	222	50,57	6	37,50	22	45,83	27	58,70	22	55,00
Onderrig	2	0,99	10	2,66	14	3,20	1	2,13	13	2,96	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00
Navorsing	13	6,40	42	11,17	53	12,10	6	12,77	46	10,48	3	18,75	5	10,42	8	17,39	7	17,50
Persoonlik	18	8,87	31	8,24	38	8,68	5	10,64	36	8,20	3	18,75	4	8,33	3	6,52	3	7,50
Byleeswerk	18	8,87	43	11,44	54	12,33	9	19,15	51	11,62	1	6,25	4	8,33	1	2,17	2	5,00
Ander redes	38	18,72	58	15,43	67	15,30	5	10,64	71	16,17	3	18,75	13	27,08	7	15,22	6	15,00
Totaal	203	100,01	376	100,00	438	100,01	47	100,01	439	100,00	16	100,00	48	99,99	46	100,00	40	100,00

Tabel 17 vervolg op p. 77

TABEL 17 (vervolg)

ITEMS GERAADPLEEG VERSUS REDES (vervolg)

Redes	Datum		Volumes		Bladsye		Illustrasies		Grootte		Reeks		Inhoud		ISBN		Stelle ens.		Besit		Toevoegingsno.	
	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%
Werkopdrag	36	50,70	25	62,50	4	40,00	5	50,00	3	60,00	4	20,00	17	58,62	1	25,00	20	45,45	5	29,41	5	20,83
Onderrig	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	1	2,27	0	0,00	0	0,00
Navorsing	10	14,08	4	10,00	1	10,00	0	0,00	0	0,00	1	5,00	1	3,45	1	25,00	3	6,82	5	29,41	2	8,33
Persoonlik	2	2,82	2	5,00	1	10,00	3	30,00	0	0,00	3	15,00	3	10,34	1	25,00	5	11,36	1	5,88	1	4,17
Byleswerk	6	8,45	3	7,50	1	10,00	1	10,00	1	20,00	0	0,00	3	10,34	0	0,00	4	9,09	0	0,00	1	4,17
Ander redes	17	23,94	6	15,00	3	30,00	1	10,00	1	20,00	12	60,00	5	17,24	1	25,00	11	25,00	6	35,29	15	62,50
Totaal	71	99,99	40	100,00	10	100,00	10	100,00	5	100,00	20	100,00	29	99,99	4	100,00	44	99,99	17	99,99	24	100,00

Al die items word die meeste vir werkopdragte geraadpleeg. Uitsonderinge in hierdie verband is die ISBN wat ewe veel vir werkopdragte, navorsing, persoonlike gebruik, sowel as ander redes, geraadpleeg word, en die besitsmelding wat ewe veel vir werkopdragte en navorsing gebruik word. Met die uitsondering van illustrasies wat 10% geraadpleeg word, word al die ander items meer as 10% gebruik om ander redes as werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik en byleeswerk. Items met 'n lae gebruiksfrekwensie vir bogenoemde redes, word beter benut om ander redes. Hierdie ander redes is meesal as sodanig aangedui deur biblioteekpersoneel en ander universiteitspersoneel wat die katalogus moes raadpleeg vir allerlei bibliografiese besonderhede in verband met boekbestellings, hulpverlening aan die gebruikers, ensovoorts.

Geen vergelykbare resultate in hierdie verband kon in ander studies opgespoor word nie.

4.2.3.6 Tipes inligting versus items geraadpleeg

Ten einde te bepaal in watter mate gebruikers wat die katalogus raadpleeg vir spesifieke boeke, inligting oor onderwerpe of persone, bibliografiese inligting, ensovoorts, die verskillende items op die kataloguskaart raadpleeg, is die resultate van vraag 5 (tipes inligting) vergelyk met dié van vraag 6 (items). Tabel 18 dui die resultate in hierdie verband aan.

4.2.3.6.1 Spesifieke boek

Om 'n spesifieke boek te verkry, word die skrywer die meeste (27,26%) geraadpleeg, gevolg deur die titel (25,05%). Die raknommer word 19,94% benut, terwyl die ander items minder as 10% gebruik word.

4.2.3.6.2 Inligting oor 'n onderwerp of persoon

Om inligting oor 'n onderwerp of persoon te bekom, word die raknommer (21,25%), onderwerpsnommer (20,69%) en titel (20,28%) bykans ewe veel gebruik. Die skrywer word 17,08% geraadpleeg. Al die ander items word minder as 10% benut.

TABEL 18

TIPES INLIGTING VERSUS ITEMS GERAADPLEEG

Items	Spesifieke boek		Onderwerp		Bibliografiese inligting		Ander inligting	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Onderw. no.	50	4,82	149	20,69	3	1,94	0	0,00
Raknommer	207	19,94	153	21,25	12	7,74	3	27,27
Skrywer	283	27,26	123	17,08	28	18,06	3	27,27
Medeskrywer	31	2,99	14	1,94	2	1,29	0	0,00
Titel	260	25,05	146	20,28	30	19,35	3	27,27
Vertaler	11	1,06	5	0,69	0	0,00	0	0,00
Uitgawe	25	2,41	11	1,53	12	7,74	0	0,00
Plek	18	1,73	15	2,08	13	8,39	0	0,00
Uitgewer	17	1,64	12	1,67	11	7,10	0	0,00
Datum	32	3,08	26	3,61	12	7,74	1	9,09
Volumes	21	2,02	14	1,94	5	3,23	0	0,00
Bladsye	7	0,67	2	0,28	1	0,65	0	0,00
Illustrasies	3	0,29	7	0,97	0	0,00	0	0,00
Grootte	2	0,19	2	0,28	1	0,65	0	0,00
Reeks	5	0,48	5	0,69	9	5,81	1	9,09
Inhoudsmelding	12	1,16	15	2,08	2	1,29	0	0,00
ISBN	3	0,29	1	0,14	0	0,00	0	0,00
Aantal stelle/ eksemplare	32	3,08	8	1,11	4	2,58	0	0,00
Besitsmelding	7	0,67	7	0,97	3	1,94	0	0,00
Toevoegingsno.	12	1,16	5	0,69	7	4,52	0	0,00
Totaal	1038	99,99	720	99,97	155	100,02	11	99,99

4.2.3.6.3 Bibliografiese inligting

Vir bibliografiese inligting word die titel die meeste (19,35%) geraadpleeg, gevolg deur die skrywer (18,06%). Al die ander items word minder as 10% gebruik. Die verspreiding tussen die items is hier egter meer reëlmatig as by die ander tipes inligting.

4.2.3.6.4 Ander inligting

Vir ander inligting word die raknommer, skrywer en titel ewe veel (27,27%) geraadpleeg, en die uitgewer en reeksmelding ewe veel (9,09%). Tydens die studie was dit die enigste items wat deur gebruikers wat ander inligting gesoek het, geraadpleeg is.

Geen vergelykbare resultate kon in ander studies gevind word nie.

4.2.3.7 Items geraadpleeg versus tipes inligting

Met die doel om vas te stel in watter mate gebruikers die verskillende items op die kataloguskaart raadpleeg vir spesifieke boeke, inligting oor onderwerpe of persone, bibliografiese inligting, ensovoorts, is die resultate van vraag 6 (items) vergelyk met dié van vraag 5 (tipes inligting). Tabel 19 dui die resultate hiervan aan.

Die meeste items word hoofsaaklik geraadpleeg vir spesifieke boeke, behalwe die volgende gevalle:

4.2.3.7.1 Onderwerpsnommer

Die onderwerpsnommer word die meeste (73,76%) geraadpleeg vir die doel waarom dit voorsien word, naamlik vir inligting oor 'n onderwerp of persoon. Sommige van die 24,75% gebruikers wat aangedui het dat hulle dit vir 'n spesifieke boek raadpleeg, het waarskynlik die raknommer bedoel, aangesien selfs biblioteekpersoneel dikwels die raknommer met die onderwerpsnommer verwar. Dit gebeur ook soms dat 'n gebruiker nie 'n boek se skrywer of titel kan onthou nie, maar wel die onderwerpsnommer in die sistematiese katalogus. Op hierdie wyse word 'n spesifieke boek dan opgespoor.

4.2.3.7.2 Grootte

Ewe veel gebruikers (40%) het aangedui dat hulle die grootte raadpleeg vir 'n spesifieke boek en inligting oor 'n onderwerp. In albei gevalle het twee gebruikers aangetoon dat hulle die grootte gebruik.

TABEL 19

ITEMS GERAADPLEEG VERSUS Tipes INLIGTING

Tipes inligting	ITEMS																							
	Onderwerpno.		Raknommer		Skrywer		Medeskrywer		Titel		Vertaler		Uitgawe		Plek		Uitgewer		Datum		Volumes		Bladsye	
	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%
Spesifieke boek	50	24,75	207	55,20	283	64,76	31	65,96	260	59,23	11	68,75	25	52,08	18	39,13	17	42,50	32	45,07	21	52,50	7	70,00
Onderwerp	149	73,76	153	40,80	123	28,15	14	29,79	146	33,26	5	31,25	11	22,92	15	32,61	12	30,00	26	36,62	14	35,00	2	20,00
Bib. inl.	3	1,49	12	3,20	28	6,41	2	4,26	30	6,83	0	0,00	12	25,00	13	28,26	11	27,50	12	16,90	5	12,50	1	10,00
Ander inligting	0	0,00	3	0,80	3	0,69	0	0,00	3	0,68	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	1	1,41	0	0,00	0	0,00
Totaal	202	100,00	375	100,00	437	100,01	47	100,01	439	100,00	16	100,00	48	100,00	46	100,00	40	100,00	71	100,00	40	100,00	10	100,00

Tipes inligting	ITEMS															
	Illustrasies		Grootte		Reeks		Inhoud		ISBN		Stelle/Eks.		Besit		Toevoegingsnommer	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Spes. boek	3	30,00	2	40,00	5	25,00	12	41,38	3	75,00	32	72,73	7	41,18	12	50,00
Onderwerp	7	70,00	2	40,00	5	25,00	15	51,72	1	25,00	8	18,18	7	41,18	5	20,83
Bib. inligting	0	0,00	1	20,00	9	45,00	2	6,90	0	0,00	4	9,09	3	17,65	7	29,17
Ander inl.	0	0,00	0	0,00	1	5,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00
Totaal	10	100,00	5	100,00	20	100,00	29	100,00	4	100,00	44	100,00	17	100,01	24	100,00

4.2.3.7.3 Reeks

Die reeks word die meeste (45%) geraadpleeg deur gebruikers wat addisionele bibliografiese inligting verlang. Dit word ewe veel (25%) gebruik deur gebruikers wat 'n spesifieke boek en inligting oor 'n onderwerp soek. 'n Totaal van twintig gebruikers het aangedui dat hulle die reeks gebruik.

4.2.3.7.4 Besitsmelding

Ewe veel gebruikers (41,18%) raadpleeg die besitsmelding vir 'n spesifieke boek en inligting oor 'n onderwerp. Sewentien gebruikers het aangedui dat hulle die besitsmelding nagaan.

Die verskillende items word min vir bibliografiese inligting geraadpleeg, behalwe in die geval van grootte (20%), reeks (45%), besitsmelding (17,65%) en toevoegingsnommer (29,17%). Die totale aantal gebruikers wat aangedui het dat hulle hierdie items raadpleeg, sien as volg daaruit:

grootte	:	1
reeks	:	9
besitsmelding	:	3
toevoegingsnommer	:	7

Bogenoemde persentasies is dus betreklik hoog, vergeleke met dié vir die ander items. In die geheel gesien is dit egter nie indrukwekkend nie.

Dieselfde afleiding geld vir al die items behalwe onderwerpsnommer, raknommer, skrywer en titel.

Geen vergelykbare resultate in hierdie verband kon in ander studies opgespoor word nie.

4.2.3.8 Samevatting

Die resultate van hierdie studie dui aan dat die skrywer, titel, raknommer en onderwerpsnommer deur meer as 'n kwart van die katalogusgebruikers geraadpleeg word. Die datum word deur net meer as 'n tiende geraadpleeg, terwyl die res van die items

op die kataloguskaart min gebruik word.

'n Vroeëre afleiding ¹⁾, naamlik dat die katalogus minder vir onderwerpsontsluiting benut word namate die gebruiker se akademiese kwalifikasies styg, is weer eens bevestig. Dit is gedoen deur die kategorieë te vergelyk met die items wat op die kaartjies geraadpleeg is. Ook is gevind dat die biblioteekpersoneel die enigste groep gebruikers is wat al die items op die kataloguskaart benut. Die gebruikers raadpleeg gemiddeld 2,82 items per persoon. Nagraadse studente benut effens meer items per persoon as voorgraadse studente, terwyl dosente minder items per persoon as voorgraadse studente raadpleeg.

Al die items op die kataloguskaart word meesal gebruik vir werkopdragte. Dit stem ooreen met 'n vroeëre bevinding ²⁾, naamlik dat die katalogus die meeste vir werkopdragte geraadpleeg word.

Die meeste items word veral geraadpleeg om 'n spesifieke boek op te spoor, behalwe in die geval van die volgende: die onderwerpsnommer wat meesal gebruik word om inligting oor 'n onderwerp of persoon te bekom, die grootte wat ewe veel geraadpleeg word ten einde 'n spesifieke boek en inligting oor 'n onderwerp of persoon te verkry, die reeksmelding wat meesal benut word vir addisionele bibliografiese inligting en die besitsmelding wat ewe veel gebruik word om 'n spesifieke boek, asook inligting oor 'n onderwerp, te bekom.

4.2.4 Werslae met die gebruik van die katalogus

4.2.4.1 Inleiding

Vir die doeleindes van hierdie studie moes die katalogusgebruikers slegs aandui of hulle die inligting waarvoor hulle die katalogus geraadpleeg het, wel gevind het. Dit was nie die doel van hierdie ondersoek om vas te stel wat die redes vir die mislukking in hierdie verband was nie. Dit is 'n onderwerp wat vir 'n opvolgstudie gebruik kan word. In verband met die sukses al dan nie wat betref die gebruik van die katalogus, het die

1) Vide, 4.2.2.2.3.4.3, p. 64

2) Vide, 4.2.2.2.2, p. 48

ondersoek die volgende probeer vasstel:

4.2.4.1.1 In watter mate die gebruikers die inligting waarvoor hulle die katalogus raadpleeg, vind (vraag 7 van die vraelys). Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers suksesvol is wat betref hulle raadpleging van die katalogus, is getoets.

4.2.4.1.2 In watter mate voorgraadse studente, diplomastudente, nagraadse studente, dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel en ander gebruikers welslae behaal met hulle raadpleging van die katalogus (vraag 1 versus 7).

4.2.4.1.3 In watter mate gebruikers van die verskillende fakulteite suksesvol is in hulle raadpleging van die katalogus (vraag 7 versus 2).

4.2.4.1.4 In watter mate gebruikers wat die katalogus raadpleeg vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleeswerk, ensovoorts, sukses het met hulle raadpleging van die katalogus (vraag 4 versus 7).

4.2.4.1.5 In watter mate gebruikers wat die katalogus raadpleeg vir spesifieke boeke, onderwerpsinligting, bibliografiese inligting, ensovoorts, suksesvol is in hulle raadpleging van die katalogus (vraag 5 versus 7).

4.2.4.1.6 In watter mate gebruikers wat sukses het met hulle gebruik van die katalogus, laasgenoemde raadpleeg vir spesifieke boeke, inligting oor onderwerpe of persone, bibliografiese inligting, ensovoorts (vraag 7 versus 5).

4.2.4.2 In watter mate gebruikers die inligting waarvoor hulle die katalogus raadpleeg, vind

Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers suksesvol is wat betref hulle raadpleging van die katalogus, is getoets. Vir hierdie doel is vraag 7 van die vraelys ingespan. Tabel 20 dui die resultate in hierdie verband aan.

TABEL 20

WELSLAE

Welslae	Aantal	%
Suksesvol	559	81,73
Onsuksesvol	109	15,94
Geen antwoord	16	2,34
Totaal	684	100,01

Die meeste katalogusgebruikers (81,73%) is suksesvol in hulle raadpleging van die katalogus. Die 2,34% gebruikers wat in gebreke gebly het om die vraag te beantwoord, het geen noemenswaardige uitwerking op die resultate nie. Die bevindings van ander studies in hierdie verband wissel van 72,8% (35:232) tot 90% (2:32). Dit bied 'n gemiddelde van 81,25% vir die studies wat geraadpleeg is (2:32; 11:15,16; 18:50; 26:79; 35:232).

Daar kan dus gekonstateer word dat die kaartkatalogus van die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat 'n doeltreffende instrument tot die ontsluiting van die boekevoorraad is. Hierdie gevolgtrekking is veral geldig as in aanmerking geneem word dat die gebruikers self verantwoordelik is vir sommige mislukkinge wat betref die gebruik van die katalogus. Gebrek aan welslae kan dus nie altyd toegeskryf word aan tekortkominge in die katalogus self nie. Daarbenewens raadpleeg die gebruikers soms die katalogus om verwysings op te spoor wat nie in die biblioteek beskikbaar is nie.

Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers suksesvol is wat betref hulle raadpleging van die katalogus, is dus bevestig.

4.2.4.3 Die kategorieë gebruikers versus welslae

Om die welslae van die soektogte volgens die kategorieë gebruikers te bepaal, is die resultate van vraag 1 (kategorieë) vergelyk met dié van vraag 7 (welslae). Tabel 21 dui die resultate van hierdie vergelyking aan.

TABEL 21

GEBRUIKERSKATEGORIEË VERSUS WELSLAE

Welslae	Voorgraads		Diploma		Nagraads		Studente- totaal		Dosente		Biblioteek- personeel		Ander personeel		Ander gebruikers	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Sukksesvol	277	80,06	33	70,21	76	81,72	386	79,42	35	89,74	103	88,03	19	86,36	16	80,00
Onsukksesvol	59	17,05	11	23,40	15	16,13	85	17,49	4	10,26	13	11,11	3	13,64	4	20,00
Geen antwoord	10	2,89	3	6,38	2	2,15	15	3,09	0	0,00	1	0,85	0	0,00	0	0,00
Totaal	346	100,00	47	99,99	93	100,00	486	100,00	39	100,00	117	99,99	22	100,00	20	100,00

Dosente behaal die meeste sukses (89,74%) met die gebruik van die katalogus, gevolg deur die biblioteekpersoneel (88,03%). Ander universiteitspersoneel is 86,36% suksesvol. Hierdie kategorie gebruikers word gevolg deur nagraadse studente (81,72%) en voorgraadse studente (80,06%). Voorgraadse studente se sukses (80,06%) is effens onder die gemiddelde, terwyl diplomastudente die minste sukses (70,21%) behaal. Die persentasie vir die studentetotaal (79,42%) is onder die gemiddelde.

Volgens Amos (2:32) is voorgraadse studente 14,02% meer suksesvol as nagraadse studente. Hierdie studie vind, daarenteen, dat nagraadse studente 1,66% meer sukses behaal as voorgraadse studente. Palmer (26:79) het, net soos hierdie studie, vasgestel dat dosente en nagraadse studente meer suksesvol is as voorgraadse studente in die raadpleging van die katalogus. Nagraadse studente en dosente behaal waarskynlik meer sukses as voorgraadse en diplomastudente, omdat hulle meer ondervinding van die katalogus het as laasgenoemde kategorieë. Die ander universiteitspersoneel bestaan dikwels uit vakkundige beamptes en navorsers wat ook in besit is van nagraadse kwalifikasies. Laasgenoemde feit verklaar hulle hoë persentasie sukses. Hoe hoër 'n gebruiker se akademiese kwalifikasies, hoe groter is dus sy welslae met die gebruik van die katalogus. Dit laat die vraag ontstaan of die katalogus nie moontlik in 'n mate vereenvoudig kan word om die persentasie welslae vir voorgraadse en diplomastudente te verhoog nie. Terselfdertyd kan meer soekpunte moontlik voorsien word.

Die biblioteekpersoneel se groot welslae in hierdie studie kan daaraan toegeskryf word dat hulle, uit die aard van hulle werk, goed vertrouwd is met die katalogus. Hulle 88,03% sukses is des te meer betekenisvol as in aanmerking geneem word dat die katalogus dikwels geraadpleeg word deur biblioteekpersoneel sonder tersiêre kwalifikasies.

4.2.4.4 Die fakulteite versus welslae

Ten einde die welslae van die soektogte volgens die fakulteite te bepaal, is die resultate van vraag 2 (fakulteite) vergelyk met dié van vraag 7 (welslae). Tabel 22 dui die resultate

hiervan in rangorde van sukses aan.

TABEL 22

WELSLAE VERSUS FAKULTEITE

Fakulteit	Aantal	%
Bloemfonteinse Onderwyserskollege	8	88,89
Geen fakulteit	117	87,97
Natuurwetenskappe	43	87,76
Ekonomiese & Administratiewe Wetenskappe	38	84,44
Sosiale Wetenskappe	58	82,86
Lettere en Wysbegeerte	223	80,51
Geneeskunde	6	75,00
Landbou	14	73,68
Regsgelerdheid	25	73,53
Opvoedkunde	27	67,50

Die katalogusgebruikers van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege het die meeste sukses behaal. Die gebruikers wat aan geen fakulteit verbonde is nie, asook dié van die Fakulteit Natuurwetenskappe, het ongeveer ewe veel sukses behaal (87,97% en 87,76% onderskeidelik). Die gebruikers afkomstig van die Fakulteite Landbou en Regsgelerdheid het ook ongeveer ewe veel sukses behaal (73,68% en 73,53% onderskeidelik). Daarenteen het die gebruikers van die Fakulteit Opvoedkunde die minste sukses behaal (67,5%). Blykbaar bestaan daar dus geen verband tussen die gebruiksfrekwensie van die katalogus volgens fakulteite en die welslae wat die fakulteite behaal nie¹⁾. Dit is egter wel so dat sommige fakulteite met 'n lae gebruiksfrekwensie (Geneeskunde, Landbou, Regsgelerdheid en Opvoedkunde) betreklik min sukses behaal het. In teenstelling daarmee is 'n fakulteit met 'n hoë gebruiksfrekwensie, naamlik Lettere en Wysbegeerte, sesde op die ranglys, terwyl die Bloemfonteinse

1) Vide, Tabel 3, p.38

Onderwyserskollege met 'n lae gebruiksfrekwensie, eerste op hierdie lys voorkom.

Die Fakulteit Opvoedkunde het die minste sukses behaal (67,5%). Die diplomastudente, wat grotendeels uit opvoedkundestudente bestaan, het ook die minste sukses gehad (70,21%)¹⁾. Dit wil dus voorkom asof veral die gebruikers wat afkomstig is van die Fakulteit Opvoedkunde, verantwoordelik gehou kan word vir die min sukses wat diplomastudente behaal met die raadpleging van die katalogus. Die moontlikheid bestaan dat die dosente werkopdragte uitdeel oor onderwerpe waarvoor min of geen inligting in die biblioteek beskikbaar is nie.

4.2.4.5 Die redes vir die gebruik van die katalogus versus welslae

Met die doel om die redes vir die gebruik van die katalogus volgens die welslae te bepaal, is die resultate van vraag 4 (redes) met dié van vraag 7 (welslae) vergelyk. Tabel 23 dui die resultate aan.

TABEL 23

REDES VERSUS WELSLAE

Welslae	Werkopdrag		Onderrig		Navorsing		Persoonlike gebruik		Byleeswerk		Ander redes	
	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%
Suksesvol	278	79,43	15	88,24	56	82,35	44	74,58	61	84,72	105	88,98
Onsuksesvol	60	17,14	2	11,76	11	16,18	14	23,73	10	13,89	12	10,17
Geen antwoord	12	3,43	0	0,00	1	1,47	1	1,69	1	1,39	1	0,85
Totaal	350	100,00	17	100,00	68	100,00	59	100,00	72	100,00	118	100,00

1) Vide, 4.2.4.3, p. 87

Die katalogusgebruikers wat ander redes as werkopdragte, onder-
rig, navorsing, persoonlike gebruik en byleeswerk aangedui het,
het die meeste sukses behaal (88,98%). Gebruikers wat hierdie
antwoorde verstrek het, het hoofsaaklik uit biblioteekpersoneel
bestaan. Dit klop met die 88,03% biblioteekpersoneel wat aan-
gedui het dat hulle sukses behaal het. ¹⁾

Die gebruikers wat die katalogus vir onderrig gebruik het, het
88,24% sukses behaal. Dié wat dit weer vir byleeswerk gebruik
het, was 84,72% suksesvol, gevolg deur navorsers (82,35%). Die
minste welslae is behaal deur gebruikers wat die katalogus vir
werkopdragte (79,43%) en om persoonlike redes (74,58%) geraad-
pleeg het. Hulle bestaan meesal uit voorgraadse en diploma-
studente wat werkopdragte moet voltooi. ²⁾ Voorgraadse stu-
dente se sukses is effens onder die gemiddelde (80,06%), terwyl
diplomastudente die minste welslae met die gebruik van die
katalogus behaal (70,21%). ³⁾ Dit verklaar dus die rede waarom
gebruikers wat die katalogus vir werkopdragte raadpleeg, so min
sukses behaal. Die oorsaak vir die swak prestasie van gebrui-
kers wat die katalogus om persoonlike redes raadpleeg, is geleë
in die feit dat die biblioteekmateriaal en derhalwe ook die
katalogus, op die akademiese gebruikers toegespits is. Daar-
enteen verlang gebruikers met persoonlike redes meesal nie
inligting vir opvoedkundige doeleindes nie.

Volgens Palmer (27:79) het persone wat die katalogus vir onder-
rig geraadpleeg het, die meeste sukses behaal (90,28%), gevolg
deur werkopdragte (86%), navorsing (84,25%), persoonlike ge-
bruik (83,75%) en ander redes (81,12%).

4.2.4.6 Die inligting wat die gebruikers soek versus welslae

In hierdie studie is gepoog om vas te stel in watter mate kata-
logusgebruikers wat 'n spesifieke boek, inligting oor 'n onderwerp

1) Vide, Tabel 21, p.86

2) Vide, Tabel 9, p.49

3) Vide, 4.2.4.3, p. 87

of persoon, bibliografiese inligting, ensovoorts soek, welslae in hierdie verband behaal. Derhalwe is die resultate van vraag 5 (inligting) vergelyk met dié van vraag 7 (welslae). Tabel 24 dui vervolgens die resultate aan.

TABEL 24
INLIGTING GESOEK VERSUS WELSLAE

Welslae	Spesifieke boek		Onderwerp		Bibliografiese inligting		Ander inligting		Geen antwoord	
	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%
Suksesvol	263	82,45	250	80,39	37	82,22	7	100,00	2	100,00
Onsuksesvol	53	16,61	49	15,76	7	15,56	0	0,00	0	0,00
Geen antwoord	3	0,94	12	3,86	1	2,22	0	0,00	0	0,00
Totaal	319	100,00	311	100,01	45	100,00	7	100,00	2	100,00

Van die gebruikers wat spesifieke boeke soek, behaal 82,45% welslae. Dié wat bibliografiese inligting verlang, is feitlik net so suksesvol (82,22%), terwyl gebruikers wat op soek is na inligting oor 'n onderwerp of persoon, 80,39% sukses behaal. Daar bestaan dus geen verskil tussen die sukses van gebruikers wat spesifieke boeke soek en dié van persone wat bibliografiese inligting verlang nie. Die gebruikers wat onderwerpsinligting verlang se laer persentasie hou verband met die laer persentasie sukses wat gebruikers wat inligting vir werkopdragte soek, behaal. ¹⁾ Onderwerpsinligting word meesal vir werkopdragte benodig. ²⁾

Ander studies (12:13; 19:50; 27:79) het vasgestel dat gebruikers wat bibliografiese besonderhede soek, die meeste sukses behaal (85,27% gemiddeld), gevolg deur dié wat onderwerpsinligting (84,34% gemiddeld) en spesifieke titels (79,27% gemiddeld) soek. Met sy studie het Palmer (27:79) bevind dat gebruikers

1) Vide, 4.2.4.5, p.90

2) Vide, 4.2.2.2.3.2.2, p.60

wat die katalogus om ander redes as bogenoemde raadpleeg, 84,15% suksesvol is.

4.2.4.7 Welslae versus die inligting wat die gebruikers soek

Ten einde te vergelyk hoeveel katalogusgebruikers wat welslae al dan nie met die gebruik van die katalogus behaal, 'n spesifieke boek, onderwerpsinligting, bibliografiese inligting of ander inligting verlang, is die resultate van vraag 7 (welslae) vergelyk met dié van vraag 5 (inligting). Tabel 25 dui die resultate in hierdie verband aan.

TABEL 25

WELSLAE VERSUS INLIGTING GESOEK

Inligting gesoek	Suksesvol		Onsuksesvol		Geen antwoord	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Spesifieke boek	263	47,05	53	48,62	3	18,75
Onderwerp	250	44,72	49	44,95	12	75,00
Bibliografiese inligting	37	6,62	7	6,42	1	6,25
Ander inligting	7	1,25	0	0,00	0	0,00
Geen antwoord	2	0,36	0	0,00	0	0,00
Totaal	559	100,00	109	99,99	16	100,00

Van die gebruikers wat welslae behaal, verlang 47,05% spesifieke boeke, 44,72 onderwerpsinligting, 6,62% bibliografiese inligting en 1,25% ander inligting. Die persentasies vir onsuksesvolle gebruikers volg min of meer dieselfde patroon:

48,62 soek spesifieke boeke, 44,95% verlang onderwerpsinligting, terwyl 6,42% op soek is na bibliografiese inligting. Geen noemenswaardige verband bestaan dus tussen die sukses al dan nie van die katalogusgebruiker en die tipe inligting wat hy verlang nie.

4.2.4.8 Samevatting

Op die vraag wat die aard van die katalogusgebruiker se sukses al dan nie, is, bevind hierdie studie dus die volgende:

4.2.4.8.1 Die katalogusgebruiker vind in 'n groot mate die inligting wat hy verlang, wel in die katalogus (81,73%).

4.2.4.8.2 Hoe hoër 'n gebruiker se opvoedkundige kwalifikasies is, hoe suksesvoller is hy in die gebruik van die katalogus.

4.2.4.8.3 Biblioteekpersoneel wat uit die aard van hulle werk die katalogus dikwels moet raadpleeg, is feitlik net so suksesvol (88,03%) soos dosente (89,74%).

4.2.4.8.4 Die gebruiksfrekwensie van die verskillende fakulteite bepaal nie die mate van welslae wat hulle met hulle soektogte in die katalogus behaal nie.

4.2.4.8.5 Wat die verskillende redes vir die gebruik van die katalogus betref, behaal biblioteekpersoneel die meeste sukses met hulle soektogte (88,98%).

4.2.4.8.6 Meer sukses word behaal indien die redes vir die raadpleging van die katalogus gepaard gaan met hoër opvoedkundige kwalifikasies, byvoorbeeld onderrig (88,24%), byleeswerk (84,72%) en navorsing (82,35%). Insgelyks word minder sukses behaal indien die redes vir die gebruik van die katalogus gepaard gaan met laer akademiese kwalifikasies, byvoorbeeld werkopdragte (79,43%). Die katalogus kan dus vereenvoudig word, terwyl meer soekpunte ook verskaf kan word. Sodoende kan voorgraadse gebruikers in staat gestel word om groter sukses te behaal.

4.2.4.8.7 Daar bestaan min verskil tussen die tipes inligting wat gebruikers verlang en die welslae wat hulle met die gebruik van die katalogus behaal.

4.2.5 Die gebruik van die klapper tot die sistematiese katalogus

4.2.5.1 Inleiding

Wat betref die gebruik van die klapper tot die sistematiese katalogus, het hierdie studie deur middel van vrae 8 en 9 op die vraelys, die volgende probeer vasstel:

4.2.5.1.1 In watter mate die gebruikers die klapper tot die sistematiese katalogus raadpleeg (vraag 8 van die vraelys). Die

volgende twee hipoteses is getoets:

- 4.2.5.1.1.1 Die meeste katalogusgebruikers raadpleeg die klapper tot die sistematiese katalogus in Afrikaans.
- 4.2.5.1.1.2 Die meeste nagraadse gebruikers raadpleeg die klapper tot die sistematiese katalogus in Engels.
- 4.2.5.1.2 In watter mate die gebruikers wat die klapper tot die sistematiese katalogus raadpleeg uit studente, dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel of ander gebruikers bestaan (vraag 8 versus 1).
- 4.2.5.1.3 In watter mate studente, dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel en ander gebruikers die klapper tot die sistematiese katalogus raadpleeg (vraag 1 versus 8).
- 4.2.5.1.4 In watter mate die verskillende fakulteit die klapper tot die sistematiese katalogus raadpleeg (vraag 2 versus 8).
- 4.2.5.1.5 In watter mate gebruikers wat die katalogus vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleeswerk, ensovoorts raadpleeg, die klapper tot die sistematiese katalogus gebruik (vraag 4 versus 8).
- 4.2.5.1.6 In watter mate gebruikers wat die klapper tot die sistematiese katalogus raadpleeg, dit doen vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleeswerk, ensovoorts (vraag 8 versus 4).
- 4.2.5.1.7 In watter mate gebruikers wat die katalogus vir spesifieke boeke, onderwerpsinligting, bibliografiese inligting, ensovoorts raadpleeg, die klapper tot die sistematiese katalogus gebruik (vraag 5 versus 8).
- 4.2.5.1.8 In watter tale die gebruikers die klapper tot die sistematiese katalogus raadpleeg (vraag 9).
- 4.2.5.1.9 In watter mate studente, dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel en ander gebruikers die klapper in Afrikaans, Engels, ensovoorts raadpleeg (vraag 1 versus 9).
- 4.2.5.1.10 In watter mate bestaan die gebruikers wat die klapper in Afrikaans, Engels, ensovoorts raadpleeg, uit studente,

dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel en ander gebruikers (vraag 9 versus 1).

4.2.5.2 In watter mate die gebruikers die klapper raadpleeg

Met die doel om vas te stel in watter mate die katalogusgebruikers die klapper tot die sistematiese katalogus raadpleeg, is vraag 8 aangewend. Tabel 26 dui die betrokke resultate aan. Geen vergelykbare resultate kon in ander studies opgespoor word nie.

TABEL 26
KLAPPER GERAADPLEEG

	Aantal	%
Ja	289	42,25
Nee	383	55,99
Geen antwoord	12	1,75
Totaal	684	99,99

Van die 684 katalogusgebruikers wat die vraelys voltooi het, het 289 (42,25%) die klapper geraadpleeg. Minder as die helfte van die katalogusgebruikers maak dus gebruik van die klapper tot die sistematiese katalogus. Uit die geleedere van dié wat die klapper wel geraadpleeg het, het 91 (31,49%) in gebreke gebly om die sistematiese katalogus te raadpleeg en het hulle direk vanaf die klapper na die rakke gegaan. Bykans 'n derde van die katalogusgebruikers wat die klapper benut, beskou dit dus as 'n sleutel tot die rakke in plaas van tot die sistematiese katalogus. Hierdie bevinding word gestaaf deur die feit dat terloopse navrae dan ook aan die lig gebring het dat sommige van hierdie gebruikers onder die indruk verkeer dat dit juis die primêre doel van die klapper is. Hierdie studie het nie beoog om die omvang van die gebruiker se onkunde met betrekking tot die eintlike doel van die klapper te bepaal nie.

4.2.5.3 Klappergebruik versus kategorieë gebruikers

Die antwoorde van vraag 8 is vergelyk met dié van vraag 1, ten einde te bepaal hoeveel gebruikers van die klapper onderskeidelik

uit studente, dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel en ander gebruikers bestaan. Tabel 27 dui vervolgens die resultate in hierdie verband aan.

TABEL 27

KLAPPERGEBRUIK VERSUS KATEGORIEË GEBRUIKERS

Gebruikers	Gebruik van klapper					
	Ja		Nee		Geen antwoord	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Voorgraads	166	57,44	170	44,39	10	83,33
Diploma	28	9,69	18	4,70	1	8,33
Nagraads	36	12,46	57	14,88	0	0,00
Studentetotaal	230	79,58	245	63,97	11	91,66
Dosente	6	2,08	33	8,62	0	0,00
Bib. personeel	33	11,42	83	21,67	1	8,33
Ander personeel	6	2,08	16	4,18	0	0,00
Ander gebruikers	14	4,84	6	1,57	0	0,00
Totaal	289	100,00	383	100,00	12	99,99

Die meeste katalogusgebruikers wat die klapper geraadpleeg het, het bestaan uit studente (79,58%), van wie 57,44% voorgraadse studente was, gevolg deur nagraadse studente (12,46%) en diploma-studente (9,69%). Die studente word gevolg deur biblioteekpersoneel (11,42%). Die dosente en ander universiteitspersoneel gebruik die klapper die minste (2,08% elk). Hierdie volgorde stem ooreen met dié van tabel 2.¹⁾, behalwe dat die persentasie vir ander universiteitspersoneel in daardie geval minder is as dié vir dosente. Die gebruikspatroon van die klapper volg dus grootliks dié van die katalogus as 'n geheel.

Die klapper word dus in 'n baie groot mate tot voordeel van die studente opgestel. By die samestelling daarvan is dit gevolglik 'n faktor wat deeglik mee rekening gehou moet word.

1) Vide, Tabel 2, p. 35

4.2.5.4 Kategorieë gebruikers versus klappergebruik

Ten einde te bepaal hoeveel studente, dosente, biblioteekpersoneel, ander universiteitspersoneel en ander gebruikers wat die katalogus geraadpleeg het, terselfdertyd van die klapper gebruik gemaak het, is die resultate van vraag 1 vergelyk met dié van vraag 8. Tabel 28 dui die resultate in hierdie verband aan.

4.2.5.4.1 Voorgraadse studente

Altesaam 47,98% voorgraadse studente het aangedui dat hulle wel die klapper gebruik het. Dit is egter moontlik dat sommige van die 2,89% voorgraadse studente wat in gebreke gebly het om vraag 8 te beantwoord, tog wel die klapper geraadpleeg het. Indien dit so aanvaar word, beteken dit dat feitlik die helfte van die voorgraadse katalogusgebruikers ook die klapper raadpleeg.

4.2.5.4.2 Diplomastudente

Die meerderheid van die diplomastudente (59,57%) wat die katalogus gebruik, raadpleeg ook die klapper. Hierdie resultate kan as betroubaar beskou word, aangesien slegs een diplomastudent nie die betrokke vraag beantwoord het nie. Naas die kategorie "ander gebruikers", behaal diplomastudente die minste welslae met die gebruik van die katalogus.¹⁾ Hulle is ook die groep wat, naas die ander gebruikers, die meeste op soek is na onderwerpsinligting.²⁾ Terselfdertyd word die klapper die tweede meeste deur hierdie kategorie gebruikers geraadpleeg. Die moontlikheid bestaan dus dat die klapper tot die sistematiese katalogus nie in die behoeftes van diplomastudente voorsien nie.

4.2.5.4.3 Nagraadse studente

Slegs 38,71% nagraadse studente wat die katalogus gebruik, raadpleeg die klapper. Dit is 9,27% minder as voorgraadse studente en 20,86% minder as diplomastudente. Hoe hoër studente se akademiese status dus is, hoe minder raadpleeg hulle

1) Vide, Tabel 21, p.86

2) Vide, Tabel 11, p. 55

TABEL 28

KATEGORIEË GEbruikers VERSUS KLAPPERGEBRUIK

Klapper- gebruik	Voorgraads		Diploma		Nagraads		Studente- totaal		Dosente		Biblioteek- personeel		Ander personeel		Ander gebruikers	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Ja	166	47,98	28	59,57	36	38,71	230	47,33	6	15,38	33	28,21	6	27,27	14	70,00
Nee	170	49,13	18	38,30	57	61,29	245	50,41	33	84,62	83	70,94	16	72,73	6	30,00
Geen ant- woord	10	2,89	1	2,13	0	0,00	11	2,26	0	0,00	1	0,85	0	0,00	0	0,00
Totaal	346	100,00	47	100,00	93	100,00	486	100,00	39	100,00	117	100,00	22	100,00	20	100,00

die klapper. Aangesien diplomastudente meesal gegradeerd is, behoort hierdie stelling streng gesproke, ook op hulle van toepassing te wees. Net soos in die geval van voorgraadse studente, word in die onderrig van diplomastudente egter hoofsaaklik gebruik gemaak van formele klasonderrig. Hier in die klas maak hulle dikwels vir die eerste keer kennis met onderwerpe of sekere aspekte van onderwerpe. Wanneer werkopdragte vervolgens aan hulle uitgedeel word, is hulle geheel en al op die katalogus aangewese vir onderwerpsinligting, dit wil sê indien hulle nie vooraf deur die dosent van 'n bronnelys voorsien is nie. Studente wat besig is met gevorderde, nagraadse opleiding, beskik gewoonlik oor goeie agtergrondkennis van hulle onderskeie studierigtings, terwyl hulle ook bewus is van die materiaal wat oor hulle vakgebiede beskikbaar is. Hierdie studente maak waarskynlik ook meer gebruik van tydskrifindekse vir resente inligting as wat die geval is by voorgraadse en diplomastudente. Derhalwe hoef hulle nie die klapper so dikwels te raadpleeg nie.

4.2.5.4.4 Studentetotaal

In hierdie studie is vasgestel dat minder as die helfte van die studente (47,33%) wat die katalogus gebruik, die klapper raadpleeg. Die elf gebruikers (2,26%) wat nie die betrokke vraag beantwoord het nie, bring waarskynlik nie 'n verandering in hierdie resultaat teweeg nie.

4.2.5.4.5 Dosente

Slegs 15,38% van die dosente wat die katalogus gebruik, raadpleeg die klapper. Dit is heelwat minder as die 38,71% nagraadse gebruikers wat wel die klapper raadpleeg. Hierdie resultaat strook dus met 'n vroeëre bevinding by vraag 5, naamlik dat 'n gebruiker die katalogus minder vir onderwerpsinligting benut namate sy akademiese kwalifikasies styg. ¹⁾

4.2.5.4.6 Biblioteekpersoneel

Betreklik min biblioteekpersoneel wat die katalogus gebruik (28,21%)

1) Vide, 4.2.2.2.3.4.3, p. 64

raadpleeg die klapper. Hierdie resultaat kan toegeskryf word aan die feit dat die biblioteekpersoneel wat die klapper die meeste benodig, naamlik die klassifiseerders, van 'n gesagslêer in hulle kantoor gebruik maak.

4.2.5.4.7 Ander universiteitspersoneel

Die klapper word betreklik min deur ander universiteitspersoneel (27,27%) gebruik. Die verklaring hiervoor is geleë in die feit dat hierdie groep in 'n groot mate uit vakkundiges of kantoorhulp bestaan. Hulle is werksaam by die verskillende fakulteite en raadpleeg dikwels die katalogus, namens die dosente, met die doel om vas te stel of die biblioteek oor sekere titels beskik. Hierdie spesifieke gebruik van die katalogus vind plaas met die oog op onderrig, navorsing of boekbestellings. Vroeër in hierdie studie is aan die lig gebring dat 40,91% van die ander universiteitspersoneel die katalogus vir navorsing raadpleeg. ¹⁾ Daar is ook gevind dat gebruikers met hoër akademiese kwalifikasies die katalogus minder vir onderwerpsontsluiting gebruik. ²⁾ As in aanmerking geneem word dat heelwat vakkundiges oor nagraadse kwalifikasies beskik, is dit duidelik waarom 'n hoër persentasie van hulle nie die klapper geraadpleeg het nie.

4.2.5.4.8 Ander gebruikers

Die meeste ander gebruikers (70%) het van die klapper gebruik gemaak. 45% Van die kategorie "ander gebruikers" bestaan uit studente van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege. ³⁾ Hiervan het 77,78% die klapper geraadpleeg, ⁴⁾ dit wil sê 50% van die ander gebruikers wat aangedui het dat hulle die klapper geraadpleeg het. Hierdie studente vorm dus 'n aansienlike persentasie van die ander gebruikers wat die klapper benut.

Uit 'n vergelyking van hierdie resultate blyk dit dus duidelik

1) Vide, 4.2.2.2.2.1.7, p. 51

2) Vide, 4.2.2.2.3.4.3, p. 64

3) Vide, 4.2.1.2.3.5, p. 42

4) Vide, 4.2.5.5, p. 101

dat gebruik van die klapper afneem namate 'n gebruiker se akademiese kwalifikasies toeneem. Dit stem ooreen met 'n vorige bevinding, naamlik dat die katalogus minder vir onderwerpsontsluiting benut word namate 'n gebruiker se akademiese kwalifikasies styg. ¹⁾

4.2.5.5 Fakulteite versus klappergebruik

Met die doel om te bepaal hoeveel gebruikers afkomstig van die verskillende fakulteite die klapper raadpleeg, is die resultate van vraag 2 vergelyk met dié van vraag 8. Tabel 29 dui die resultate hiervan aan.

Die oorgrote meerderheid van die katalogusgebruikers afkomstig van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege wat die katalogus gebruik, raadpleeg terselfdertyd die klapper (77,78%).

Gebruikers afkomstig van die Fakulteite Landbou en Geneeskunde maak heelwat van die klapper gebruik (63,16% en 62,5% onderskeidelik). Dus wil dit voorkom asof hierdie twee fakulteite se biblioteekbehoefte meer onderwerpsgerig is as dié van die ander. Die persentasies van die ander fakulteite sien in volgorde as volg daaruit: Ekonomiese en Administratiewe Wetenskappe (51,11%), Sosiale Wetenskappe (50%), Regsgeleerdheid (47,06%), Natuurwetenskappe (46,94%), Opvoedkunde (42,5%) en Lettere en Wysbegeerte (39,71%). Dit is verrassend dat die laagste persentasie aan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte toegeken word. 'n Moontlike rede hiervoor is dat die betrokke fakulteit meer van die reserwerakstelsel gebruik maak as ander fakulteite. Voorts verlang gebruikers afkomstig van hierdie fakulteit, moontlik in 'n groter mate spesifieke titels, aangesien die dosente hulle voorsien van literatuurlyste vir bronne wat nie op die reserwerak beskikbaar is nie. 'n Definitiewe rede is egter dat die verskillende letterkundes se "onderwerpe" dikwels uit skrywers en/of titels bestaan.

4.2.5.6. Redes versus klappergebruik

Ten einde vas te stel hoeveel gebruikers wat die katalogus

1) Vide, 4.2.2.2.3.4.3, p. 64

TABEL 29

FAKULTEITE VERSUS KLAPPERGEBRUIK

Klapper geraad- pleeg	Geen fa- kulteit		Ek. & Ad. Wetensk.		Let. & Wysbeg.		Opvoed- kunde		Regsge- leerdheid		Sosiale Wetensk.		Natuur- wetensk.		Landbou		Genees- kunde		B.O.K.	
	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%
Ja	41	30,83	23	51,11	110	39,71	17	42,50	16	47,06	35	50,00	23	46,94	12	63,16	5	62,50	7	77,78
Nee	91	68,42	21	46,67	160	57,76	22	55,00	18	52,94	33	47,14	26	53,06	7	36,84	3	37,50	2	22,22
Geen antwoord	1	0,75	1	2,22	7	2,53	1	2,50	0	0,00	2	2,86	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00
Totaal	133	100,00	45	100,00	277	100,00	400	100,00	34	100,00	70	100,00	49	100,00	19	100,00	8	100,00	9	100,00

raadpleeg vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleswerk, ensovoorts, terselfdertyd die klapper gebruik, is die antwoorde van vraag 4 vergelyk met dié van vraag 8. Tabel 30 dui die resultate hiervan aan.

TABEL 30
REDES VERSUS KLAPPERGEBRUIK

Klapper geraadpleeg	Werkopdrag		Onderrig		Navorsing		Persoonlik		Byleswerk		Ander redes	
	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%	To-taal	%
Ja	172	49,14	3	17,65	24	35,29	28	47,46	28	38,89	34	28,81
Nee	168	48,00	14	82,35	44	64,71	30	50,85	44	61,11	83	70,34
Geen antwoord	10	2,86	0	0,00	0	0,00	1	1,69	0	0,00	1	0,85
Totaal	350	100,00	17	100,00	68	100,00	59	100,00	72	100,00	118	100,00

Van die gebruikers wat die katalogus vir werkopdragte raadpleeg, maak 49,14% van die klapper gebruik, gevolg deur persoonlike gebruik (47,46%), byleswerk (38,89%), navorsing (35,29%) en ander redes (28,81%). Die klapper word die minste benut deur gebruikers wat die katalogus vir onderrigdoeleindes raadpleeg (17,65%).¹⁾

4.2.5.7 Klappergebruik versus redes

Met die doel om te bepaal hoeveel gebruikers wat die klapper raadpleeg, dit vir die doeleindes van werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleswerk, ensovoorts doen, is die antwoorde van vraag 8 vergelyk met dié van vraag 4. Tabel 31 dui die betrokke resultate aan.

Die meerderheid van die gebruikers wat die klapper raadpleeg, doen dit vir die doeleindes van werkopdragte (59,52%), gevolg deur ander redes (11,76%), byleswerk en persoonlike gebruik (9,69% elk), navorsing (8,3%) en onderrig (1,04%).²⁾

1) Vide, 4.2.2.2.3.4.3, p. 64

2) Vide, 4.2.2.2.3.4.3, p. 64

TABEL 31

KLAPPERGEBRUIK VERSUS REDES

Redes	Ja		Nee		Geen antwoord	
	Totaal	%	Totaal	%	totaal	%
Werkopdrag	172	59,52	168	43,86	10	83,33
Onderrig	3	1,04	14	3,66	0	0,00
Navorsing	24	8,30	44	11,49	0	0,00
Persoonlik	28	9,69	30	7,83	1	8,33
Byleeswerk	28	9,69	44	11,49	0	0,00
Ander redes	34	11,76	83	21,67	1	8,33
Totaal	289	100,00	383	100,00	12	99,99

4.2.5.8 Inligting gesoek versus klappergebruik

Ten einde vas te stel in watter mate gebruikers wat spesifieke boeke, inligting oor onderwerpe of persone, bibliografiese inligting, ensovoorts soek, terselfdertyd die klapper raadpleeg, is die antwoorde van vraag 5 vergelyk met dié van vraag 8. Tabel 32 dui vervolgens die resultate aan.

TABEL 32

INLIGTING GESOEK VERSUS KLAPPERGEBRUIK

Klappergebruik	Spesifieke boek		Onderwerp		Bibliografiese inl.		Ander redes		Geen antwoord	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Ja	59	18,50	217	69,77	8	17,78	4	57,14	1	50,00
Nee	254	79,62	89	28,62	37	82,22	2	28,57	1	50,00
Geen antwoord	6	1,88	5	1,61	0	0,00	1	14,29	0	0,00
Totaal	319	100,00	311	100,00	45	100,00	7	100,00	2	100,00

Van die gebruikers wat inligting oor spesifieke onderwerpe of persone verlang, gebruik 69,77% die klapper. Altesaam 28,62% gebruikers het aangedui dat hulle wel inligting oor

onderwerpe of persone soek, maar nie die klapper geraadpleeg het nie. Sommige van hierdie groep het waarskynlik probeer om in die outeur/titelkatalogus inligting op te spoor. Aangesien sommige gebruikers bekend is met die klassifikasienommer wat op hulle onderwerpe betrekking het, raadpleeg hulle die sistematiese katalogus direk. Om ander redes word die klapper deur 57,14% gebruikers geraadpleeg. Die klapper word 17,78% benut deur gebruikers wat bibliografiese inligting verlang. Ten einde spesifieke titels op te spoor, raadpleeg 18,5% gebruikers die klapper. Laasgenoemde twee resultate kan toegeskryf word aan die gebruikers se onkunde wat betref die funksie van die klapper. Gebruikers soek dikwels spesifieke werke in die klapper voordat hulle uiteindelik by die outeur/titelkatalogus uitkom. Ook onderwerpsinligting word dikwels in die outeur/titelkatalogus gesoek, aangesien hulle nie bewus is van die werklike funksie van die klapper en die sistematiese katalogus nie. Baie gebruikers, in hierdie betrokke studie soveel as 31,5%, beskou die klapper as 'n direkte sleutel tot die magasyn. Daar heers dus beslis onkunde onder die gebruikers tén opsigte van die verskillende komponente van die katalogus, asook die funksie van elk.

4.2.5.9 Tale waarin gebruikers klapper raadpleeg

Die hipotese dat die meeste gebruikers die klapper tot die sistematiese katalogus in Afrikaans raadpleeg, is getoets. Vir hierdie doel is vraag 9 ingespan. Tabel 33 dui vervolgens die resultate aan.

TABEL 33

TALE WAARIN GEBRUIKERS KLAPPER RAADPLEEG

Taal	Totaal	%
Afrikaans	224	67,88
Engels	101	30,61
Duits	5	1,52
Totaal	330	100,01

Sommige gebruikers het die klapper in Afrikaans sowel as

Engels geraadpleeg. Die groototaal van 330 dui dus nie op die aantal gebruikers wat die klapper geraadpleeg het nie, maar wel op die betrokke tale waarvan in die klapper gebruik gemaak is.

Met behulp van vraag 8 is vasgestel dat 289 gebruikers die klapper geraadpleeg het.¹⁾ Van hierdie totaal het veertig (13,84%) dit in Afrikaans sowel as Engels gebruik. Een gebruiker het die klapper in drie tale geraadpleeg.

Die klapper is die meeste (67,88%) in Afrikaans geraadpleeg, gevolg deur Engels (30,61%). Die vyf keer (1,52%) wat dit in 'n ander taal as Afrikaans en/of Engels geraadpleeg is, is van Duits gebruik gemaak. Die hipotese dat die meeste gebruikers die klapper tot die sistematiese katalogus in Afrikaans raadpleeg, is dus bevestig.

4.2.5.10 Kategorieë gebruikers versus tale

Die hipotese dat die meeste nagraadse gebruikers die klapper tot die sistematiese katalogus in Engels raadpleeg, is getoets. Vraag 1 is dus met vraag 9 vergelyk, ten einde te bepaal in watter mate die verskillende kategorieë gebruikers wat die klapper geraadpleeg het, dit in Afrikaans, Engels of Duits gedoen het. Tabel 34 dui die resultate in hierdie verband aan.

4.2.5.10.1 Voorgraadse studente

Voorgraadse studente het die klapper 188 keer in die verskillende tale geraadpleeg. Hiervan was dit 65,96% in Afrikaans, 31,38% in Engels en 2,66% in Duits. Altesaam 166 voorgraadse studente het aangedui dat hulle van die klapper gebruik gemaak het.²⁾ Ses-en-twintig van hulle, dit wil sê 15,66%, het dus die klapper in meer as een taal geraadpleeg. Tabel 35 dui aan in watter mate individuele voorgraadse studente die verskillende tale in die klapper geraadpleeg het.

1) Vide, 4.2.5.2, p.95

2) Vide, Tabel 27, p. 96

TABEL 34

KATEGORIEË GEBRUIKERS VERSUS TALE

Taal	Voorgraads		Diploma		Nagraads		Studente- totaal		Dosente		Biblioteek- personeel		Ander per- soneel		Ander gebruikers	
	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%	To- taal	%
Afrikaans	124	65,96	22	78,57	35	74,47	180	68,44	5	71,43	27	69,23	4	57,14	8	57,14
Engels	59	31,38	6	21,43	12	25,53	78	29,66	2	28,57	12	30,77	3	42,86	6	42,86
Duits	5	2,66	0	0,00	0	0,00	5	1,90	0	0,00	0	0,00	0	0,00	0	0,00
Totaal	188	100,00	28	100,00	47	100,00	263	100,00	7	100,00	39	100,00	7	100,00	14	100,00

Groottotaal: 330.

TABEL 35

TALE WAARIN INDIVIDUELE VOORGRAADSE STUDENTE DIE KLAPPER RAADPLEEG

Taal	Aantal	%
Afrikaans	103	62,05
Engels	37	22,29
Duits	4	2,41
Afrikaans & Engels	21	12,65
Engels & Duits	1	0,60
Totaal	166	100,00

Twee-en-twintig studente, dit wil sê 13,25%, het die klapper in meer as een taal geraadpleeg. Dit is deur 62,05% studente slegs in Afrikaans, 22,29% slegs in Engels en 2,41% slegs in Duits geraadpleeg. Hoewel Afrikaans dus by voorgraadse studente voorkeur geniet wanneer hulle die klapper raadpleeg, verkies baie van hulle slegs Engels of Afrikaans sowel as Engels.

4.2.5.10.2 Diplomastudente

Die klapper is 28 keer in die verskillende tale deur diplomastudente geraadpleeg. Hiervan was dit 78,57% in Afrikaans en 21,43% in Engels. Diplomastudente raadpleeg die klapper dus in 'n groter mate in Afrikaans as wat die geval is by voorgraadse studente. Altesaam 28 diplomastudente het aangedui dat hulle die klapper gebruik het.¹⁾ Die klapper is terselfdertyd 28 keer in die verskillende tale geraadpleeg. Dit wil dus voorkom asof die klapper in slegs een taal deur diplomastudente benut word.

4.2.5.10.3 Nagraadse studente

Nagraadse studente het die klapper 47 keer in die verskillende tale geraadpleeg. Hiervan was dit 74,47% in Afrikaans en 25,53% in Engels. Hierdie betrokke studente maak dus in 'n groter mate van die klapper in Afrikaans gebruik as wat selfs die geval is by voorgraadse studente. Die hipotese dat die meeste nagraadse gebruikers die klapper tot die sistematiese katalogus in Engels raadpleeg, is dus weerlê. Altesaam 36 nagraadse studente het

1) Vide, Tabel 27, p. 96

aangedui dat hulle die klapper gebruik het. ¹⁾ Elf van hulle, dit wil sê 23,4%, het dit dus in Afrikaans sowel as Engels geraadpleeg. Dit is dus duidelik dat 'n groter persentasie na-graadse as voorgraadse studente die klapper in albei tale raadpleeg.

4.2.5.10.4 Studentetotaal

Die totale aantal studente het die klapper 263 keer in die verskillende tale geraadpleeg. Hiervan was dit 68,44% in Afrikaans, 29,66% in Engels en 1,9% in Duits. Altesaam 230 studente het aangedui dat hulle wel van die klapper gebruik gemaak het. ²⁾ Drie-en-dertig van hulle, dit wil sê 14,35%, het die klapper dus in Afrikaans sowel as Engels geraadpleeg.

4.2.5.10.5 Dosente

Dosente het die klapper 7 keer in die verskillende tale geraadpleeg. Hiervan was dit 71,43% in Afrikaans en 28,57% in Engels. Altesaam 6 dosente het aangedui dat hulle van die klapper gebruik gemaak het. ³⁾ Een van hulle, dit wil sê 14,29%, het dus in beide tale van die klapper gebruik gemaak.

4.2.5.10.6 Biblioteekpersoneel

Die biblioteekpersoneel het die klapper 39 keer in die verskillende tale geraadpleeg. Hiervan was dit 69,23% in Afrikaans en 30,77% in Engels. Die klapper word veral deur die klassifiseerders gebruik en dit geskied meesal in Engels. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat hulle merendeels Engelse bronne klassifiseer. 'n Identiese klapper wat in hulle kantoor beskikbaar is, word gewoonlik vir klassifikasiedoeleindes gebruik. Indien dit nie vir hierdie addisionele klapper was nie, sou die persentasie vir Engels heelwat hoër gewees het wat die biblioteekpersoneel betref.

4.2.5.10.7 Ander universiteitspersoneel

Die ander universiteitspersoneel het die klapper 7 keer in die verskillende tale geraadpleeg. Hiervan was dit 57,14% in

1) Vide, Tabel 27, p. 95

2) Vide, Tabel 27, p. 95

3) Vide, Tabel 27, p. 95

Afrikaans en 42,86% in Engels. Altesaam 6 universiteitspersoneellede het aangedui dat hulle die klapper gebruik het. ¹⁾ Een van hulle, dit wil sê 16,67%, het dus in Afrikaans sowel as Engels van die klapper gebruik gemaak.

4.2.5.10.8 Ander gebruikers

Ander gebruikers het die klapper 14 keer in die verskillende tale geraadpleeg. Hiervan was dit 57,14% in Afrikaans en 42,86% in Engels. Altesaam 14 ander gebruikers het aangedui dat hulle wel die klapper benut het. ¹⁾ Nie een van hulle het dus die klapper in meer as een taal geraadpleeg nie.

4.2.5.11 Tale versus kategorieë gebruikers

Met die doel om vas te stel hoeveel keer die gebruikers wat die klapper in die onderskeie tale geraadpleeg het, uit studente, dosente, biblioteekpersoneel, ander personeel, ensovoorts bestaan het, is vraag 9 met vraag 1 vergelyk. Tabel 36 dui vervolgens die resultate aan.

TABEL 36

TALE VERSUS KATEGORIEË GEBRUIKERS

Kategorieë	Afrikaans		Engels		Duits	
	Totaal	%	Totaal	%	Totaal	%
Voorgraads	124	55,11	59	59,00	5	100,00
Diploma	22	9,78	6	6,00	0	0,00
Nagraads	35	15,55	12	12,00	0	0,00
Studentetotaal	181	80,44	77	77,00	5	100,00
Dosente	5	2,22	2	2,00	0	0,00
Biblioteekpersoneel	27	12,00	12	12,00	0	0,00
Ander personeel	4	1,78	3	3,00	0	0,00
Ander gebruikers	8	3,56	6	6,00	0	0,00
Totaal	225	100,00	100	100,00	5	100,00

Groottotaal: 330

1. Vide, Tabel 27, p. 96

4.2.5.11.1 Afrikaans

Die klapper is by 225 geleenthede in Afrikaans geraadpleeg. Dit is die meeste deur voorgraadse studente gebruik (55,11%), gevolg deur nagraadse studente (15,55%), biblioteekpersoneel (12%) en diplomastudente (9,78%). Ander gebruikers (3,56%), dosente (2,22%) en ander universiteitspersoneel (1,78%) maak die kleinste persentasie katalogusgebruikers uit wat in Afrikaans van die klapper gebruik gemaak het.

4.2.5.11.2 Engels

Die klapper is by 100 geleenthede in Engels geraadpleeg. Die gebruiksvolgorde volgens die verskillende kategorieë gebruikers, volg grootliks dieselfde patroon as in die geval van Afrikaans. Die enigste uitsondering is dat nagraadse studente en die biblioteekpersoneel die klapper ewe veel in Engels geraadpleeg het en dat dosente dit die minste in dié taal benut het. Voorgraadse studente het dit 59% geraadpleeg, gevolg deur nagraadse studente en biblioteekpersoneel (12% elk). Diplomastudente (6%), ander gebruikers (6%), ander universiteitspersoneel (3%) en dosente (2%) maak elk minder as 7% van die totale aantal gebruikers uit wat van die klapper in Engels gebruik gemaak het.

4.2.5.11.3 Duits

Die vyf gebruikers wat aangedui het dat hulle die klapper in Duits geraadpleeg het, was almal voorgraadse studente. Moontlik weet die meer gevorderde gebruiker uit ondervinding dat die klapper slegs in Afrikaans en/of Engels geraadpleeg word.

4.2.5.12 Samevatting

Wat die gebruik van die klapper tot die sistematiese katalogus betref, bevind hierdie studie dus die volgende:

4.2.5.12.1 Minder as die helfte van die katalogusgebruikers benut die klapper tot die sistematiese katalogus.

4.2.5.12.2 Bykans een derde van die klappergebruikers gaan direk vanaf die klapper na die rakke, sonder om vooraf die sistematiese katalogus te raadpleeg.

4.2.5.12.3 Wat die verskillende kategorieë gebruikers betref, stem die gebruikspatroon van die klapper grootliks ooreen met dié van die katalogus as 'n geheel.

4.2.5.12.4 Hoe hoër die gebruikers se akademiese kwalifikasies, hoe minder maak hulle van die klapper gebruik.

4.2.5.12.5 Die meeste gebruikers afkomstig van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege en die Fakulteite Landbou, Geneeskunde en Ekonomiese en Administratiewe Wetenskappe, raadpleeg die klapper. Katalogusgebruikers afkomstig van die Fakulteit Letter en Wysbegeerte, daarenteen, maak die minste van die klapper gebruik.

4.2.5.12.6 Gebruikers is dikwels nie bewus van die funksie van die klapper nie en raadpleeg dit met die doel om bibliografiese besonderhede of spesifieke titels te bekom. Die oorgrote meerderheid van die gebruikers maak egter van die klapper gebruik vir onderwerpsontsluiting.

4.2.5.12.7 Die meeste van die gebruikers raadpleeg die klapper in Afrikaans. Hierdie bevinding geld ook vir elke gebruikerskategorie. Voorts word die klapper baie in Engels geraadpleeg, hoewel meer as die helfte minder as in Afrikaans. Redelik baie gebruikers maak van die klapper in Afrikaans sowel as Engels gebruik.

4.2.6 Bykomende inligting

Hoewel tydens die beplanning van hierdie studie die vermoede bestaan het dat die meeste gebruikers baie min items op die kataloguskaart benut, is nietemin besluit om te probeer vasstel of daar moontlik inligting bestaan wat geraadpleeg sou gewees het, indien dit wel op die kataloguskaartjie aangebring was. Vir hierdie doel is vraag 10 gebruik. Slegs 12 gebruikers (1,75%) het laat blyk dat hulle nie tevrede is met die inligting soos dit tans op die kaartjies verstrekkend word nie. Sewe antwoorde het gedui op onkunde aangaande die aard en inhoud van die katalogus. Voorbeelde hiervan is die volgende:

"Duidelik aantal kopieë"

"Onderwerpsindeks"

"In watter biblioteek beskikbaar?"

"Die volledige titel en ondertitel"

"Ek sou graag wou sien dat verwante bronne ook genoem word."

Een gebruiker verlang 'n bondige samevatting van die boek se inhoud, terwyl twee in die boeke se pryse belangstel. Een biblioteekpersoneellid sou dit verwelkom as die boekhandelaars op die kaartjies verstrek word, terwyl een gebruiker die inligting op die kaartjies graag in 'n duideliker volgorde sou wou sien.

Hierdie studie bring dus aan die lig dat 'n oorweldigende meerderheid van die katalogusgebruikers geen uitgesproke behoefte aan bykomende inligting op die kataloguskaart het nie. Die meeste gebruikers wat wel bykomende inligting verlang, se antwoorde getuig eerder van onkunde as wat dit spesifiek dui op onvoldoende inligting op die kataloguskaartjies.

4.2.7 Slot

In hierdie hoofstuk is 'n ontleding van die vraelyste se resultate gedoen. In die volgende hoofstuk sal 'n samevatting van die bevindings gegee word. Na aanleiding van hierdie bevindings, sal dan vervolgens gevolgtrekkings gemaak word. Ook word die implikasies van 'n rekenaarmatige katalogus in verkorte vorm behandel, waarna oorgegaan sal word tot 'n bespreking van die opmerkings deur gebruikers, asook persoonlike waarnemings. Ten slotte sal verdere navorsingsvelde aangedui word.

HOOFSTUK 5GEVOLGTREKKINGS EN VERDERE NAVORSING5.1 Inleiding

Met hierdie studie is beoog om die katalogusgebruik van die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat te bepaal. Verder is nagegaan of 'n verkorte rekenaarmatige katalogus in die meeste gebruikers se behoeftes sal voorsien. Antwoorde moes derhalwe op die volgende vrae gevind word:

5.1.1 Wie gebruik die katalogus? Die volgende twee hipoteses is getoets:

5.1.1.1 Die grootste persentasie katalogusgebruikers bestaan uit voorgraadse studente.

5.1.1.2 Die meeste katalogusgebruikers is afkomstig van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

5.1.2 Hoekom word die katalogus geraadpleeg? Die volgende twee hipoteses is getoets:

5.1.2.1 Die meeste katalogusgebruikers soek inligting vir werkopdragte.

5.1.2.2 Die meeste katalogusgebruikers is op soek na spesifieke boeke waarvan die skrywers en/of titels aan hulle bekend is.

5.1.3 In watter mate word die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg? Die hipotese dat slegs die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum baie geraadpleeg word, is getoets.

5.1.4 Hoe suksesvol is die katalogusgebruiker? Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers suksesvol is in hulle raadpleging van die katalogus, is getoets.

5.1.5 Hoe word die klapper tot die sistematiese katalogus gebruik? Die volgende twee hipoteses is getoets:

5.1.5.1 Die meeste katalogusgebruikers raadpleeg die klapper

tot die sistematiese katalogus in Afrikaans.

5.1.5.2 Die meeste nagraadse gebruikers raadpleeg die klapper tot die sistematiese katalogus in Engels.

5.1.6 Verlang die gebruikers bykomende inligting op die kataloguskaart?

5.1.7 Kan 'n verkorte rekenaarmatige katalogus voorsien word?

Alvorens die ondersoek self bespreek is, is in hoofstuk 2 'n samevatting gegee van die resultate van vergelykbare studies in hierdie verband wat in ander universiteitsbiblioteke uitgevoer is. In hoofstuk 3 is die metode van ondersoek verduidelik, terwyl die bevindings van die studie in hoofstuk 4 bespreek is.

In hierdie hoofstuk word vervolgens 'n opsomming van die bevindings van hierdie studie gegee. Daarna word gevolgtrekkings gemaak na aanleiding van hierdie resultate. Spesiale aandag word geskenk aan die vraag of 'n verkorte rekenaarmatige katalogus voorsien kan word. Opmerkings deur gebruikers, asook persoonlike waarnemings wat tydens hierdie ondersoek gedoen is, word vervolgens bespreek. Ten slotte word aanbevelings vir verdere navorsing gemaak.

5.2 Opsomming van bevindings

5.2.1 Wie gebruik die katalogus?

In antwoord op die vraag wie die katalogus gebruik, vind hierdie studie, net soos ander studies in hierdie verband, dat dit meestal deur studente geraadpleeg word. Voorts bring hierdie ondersoek aan die lig dat voorgraadse gebruikers die katalogus die meeste raadpleeg, gevolg deur bibliotekpersoneel, nagraadse studente en diplomastudente. Daarenteen word dit die minste gebruik deur dosente, ander personeel en besoekers. Indien die getalle egter met die universum vergelyk word, gebruik die bibliotekpersoneel die katalogus verreweg die intensiefste, gevolg deur dosente en voorgraadse studente. Die hipotese dat voorgraadse studente die grootste persentasie katalogusgebruikers uitmaak, is dus bevestig, met die voorbehoud dat die

prentjie verander wanneer die universum in aanmerking geneem word. Wanneer dit gebeur, blyk dit dat, met die uitsondering van die biblioteekpersoneel, die katalogus swak deur ander groepe gebruikers benut word.

Hierdie studie het vasgestel dat die meeste katalogusgebruikers afkomstig is van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. Dit geld ook vir die kategorieë voorgraadse studente, nagraadse studente, dosente en ander universiteitspersoneel. Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers afkomstig is van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, is dus bevestig.

5.2.2 Hoekom word die katalogus geraadpleeg?

Hierdie studie het eerstens probeer vasstel oor watter onderwerpe die katalogus die meeste geraadpleeg word. Tweedens is 'n poging aangewend om te bepaal of dit vir werkopdragte, onderlig, navorsing, persoonlike gebruik, byleeswerk of om ander redes gebruik word. Derdens is vasgestel of die gebruikers spesifieke boeke, onderwerpsinligting of addisionele bibliografiese inligting verlang.

Volgens hierdie studie word die meeste inligting op die verskillende gebiede van die sosiale wetenskappe gesoek. In ooreenstemming met ander studies, stel hierdie ondersoek vas dat die meerderheid van die katalogusgebruikers inligting vir werkopdragte soek: vir hierdie doel word die katalogus deur meer as die helfte van die gebruikers geraadpleeg. Die gebruik daarvan vir navorsing en byleeswerk is heelwat minder, maar tog belangrik. Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers inligting vir werkopdragte soek, is dus bevestig. Hierdie studie vind ook dat die katalogus baie deur biblioteekpersoneel in verband met hulle werk geraadpleeg word. Dosente gebruik dit egter min vir onderrigdoeleindes. Die gebruikers van die Fakulteite Landbou, Geneeskunde asook Ekonomiese en Administratiewe Wetenskappe se behoeftes is meer onderwerpsgerig as dié van ander gebruikers.

Net soos ander studies, bring hierdie ondersoek ook aan die lig dat die katalogus veral geraadpleeg word met die doel om spesi-

fieke boeke of onderwerpsinligting te bekom. In teenstelling met ander studies, stel hierdie ondersoek egter vas dat daar min verskil bestaan tussen die persentasies vir gebruikers wat onderwerpsinligting en spesifieke boeke soek: die katalogus is slegs 1,17% meer vir spesifieke boeke geraadpleeg as vir onderwerpsinligting. Die hipotese dat die katalogusgebruikers meesal spesifieke boeke soek waarvan die skrywers en/of titels aan hulle bekend is, is dus bevestig.

Onderwerpsinligting word die meeste benodig deur gebruikers wat werkopdragte moet voltooi. Vir onderrig, navorsing en byleeswerk word die katalogus meesal gebruik om spesifieke titels op te spoor. Hierdie studie vind ook, net soos ander in dié verband, dat die katalogus minder vir onderwerpsontsluiting gebruik word namate 'n gebruiker se akademiese kwalifikasies styg. Wat die opsporing van bibliografiese inligting betref, word die katalogus meer deur die biblioteekpersoneel gebruik as deur enige ander groep.

5.2.3 In watter mate word die verskillende items op die kataloguskaart geraadpleeg?

Hierdie studie het in die eerste plek die algemene gebruik van die verskillende items op die kataloguskaart probeer vasstel. In die tweede plek is daar gepoog om te bepaal in watter mate die verskillende kategorieë gebruikers die items benut, terwyl in die derde plek vasgestel is in hoeverre die items geraadpleeg word vir werkopdragte, onderrig, navorsing, persoonlike gebruik, byleeswerk, ensovoorts. In die vierde plek is daar 'n poging aangewend om te bepaal in watter mate die items benut word ten einde spesifieke boeke, onderwerpsinligting of addisionele bibliografiese inligting op te spoor.

In antwoord op die vraag wat die algemene gebruik van die verskillende items op die kataloguskaart is, is dit die bevinding van hierdie studie dat die skrywer, titel, raknommer en onderwerpsnommer baie geraadpleeg word. Die datum word matig geraadpleeg, terwyl al die ander items op die kataloguskaart min gebruik word.

Die hipotese dat slegs die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum baie gebruik word, word dus weerlê. Volgens ander studies word die skrywer, titel, onderwerp, raknommer en datum baie geraadpleeg, terwyl die uitgawe, plek en uitgewer redelik gebruik word.

Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat die gebruikers gemiddeld 2,82 items per persoon benut. Volgens die resultate van ander studies benut 'n gebruiker meer items op die kataloguskaart namate sy akademiese kwalifikasies styg. Hierdie studie bevind dat nagraadse studente ietwat meer items benut as voorgraadse en diplomastudente, maar dat dosente minder items raadpleeg as voorgraadse studente.

Al die items word die meeste vir werkopdragte geraadpleeg. Die meeste items word hoofsaaklik geraadpleeg om spesifieke boeke op te spoor. Die onderwerpsnommer word egter meesal gebruik om onderwerpsinligting te bekom.

5.2.4 Hoe suksesvol is die katalogusgebruiker?

Die ondersoeker het eerstens probeer vasstel wat die algemene sukses is waarmee gebruikers die katalogus raadpleeg. Tweedens is bepaal hoe suksesvol die verskillende kategorieë gebruikers, asook gebruikers afkomstig van die verskillende fakulteite, is in hulle gebruik van die katalogus. Derdens is vasgestel watter mate van sukses gebruikers wat die katalogus raadpleeg vir werkopdragte, onderrig, persoonlike gebruik, byleeswerk, ensovoorts behaal. Vierdens is bepaal hoe suksesvol gebruikers is wat die katalogus raadpleeg met die doel om spesifieke boeke, onderwerpsinligting of addisionele bibliografiese inligting op te spoor.

Wat betref die algemene sukses wat behaal word met die gebruik van die katalogus, het hierdie studie aan die lig gebring dat 81,73% katalogusgebruikers wel die inligting vind waarvoor hulle die katalogus raadpleeg. Die hipotese dat die meeste katalogusgebruikers suksesvol is met hulle raadpleging van die katalogus, is dus bevestig. Ook volgens die resultate van ander studies is gebruikers meesal suksesvol.

Volgens hierdie ondersoek behaal gebruikers meer sukses namate hulle opvoedkundige kwalifikasies styg. Biblioteekpersoneel en dosente is feitlik ewe suksesvol in hulle raadpleging van die katalogus. Geen verband kon gevind word tussen die gebruiksfrekwensie van die verskillende fakulteite en hulle welslae met die gebruik van die katalogus nie.

Daar bestaan min verskil tussen die tipes inligting wat gebruikers in die katalogus soek en die mate van welslae wat hulle behaal. Gebruikers wat die katalogus raadpleeg vir onderrig, byleswerk en navorsing, is suksesvoller in hulle gebruik van die katalogus as dié wat dit raadpleeg vir werkopdragte.

5.2.5 Hoe word die klapper tot die sistematiese katalogus gebruik?

Hierdie studie het ten eerste beoog om die algemene gebruik van die klapper tot die sistematiese katalogus te probeer vasstel. Ten tweede is bepaal in watter mate die verskillende kategorieë gebruikers die klapper raadpleeg en van watter fakulteite hulle afkomstig is. Ten derde is gepoog om vas te stel in watter tale die klapper geraadpleeg word, asook watter tale deur die verskillende kategorieë gebruikers verkies word.

Wat die algemene gebruik van die klapper tot die sistematiese katalogus betref, het hierdie studie aan die lig gebring dat dit deur minder as die helfte katalogusgebruikers geraadpleeg word. Bykans 'n derde van die klappergebruikers gaan vanaf die klapper direk na die rakke, sonder om die sistematiese katalogus te gebruik.

Wat die verskillende kategorieë gebruikers betref, stem die gebruikspatroon van die klapper ooreen met dié van die hele katalogus: studente benut die klapper baie, maar dosente, daarenteen, min. Voorts geld die volgende ook hier: hoe hoër die gebruikers se akademiese kwalifikasies, hoe minder behoefte het hulle aan gebruikmaking van die klapper.

Die meeste katalogusgebruikers wat afkomstig is van die Bloem-

fonteinse Onderwyserskollege en die Fakulteite Landbou, Geneeskunde en Ekonomiese en Administratiewe Wetenskappe, raadpleeg die klapper. In teenstelling hiermee word die klapper egter min benut deur die gebruikers afkomstig van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

Die oorgrote meerderheid gebruikers raadpleeg die klapper in Afrikaans. Dit geld ook vir al die kategorieë gebruikers. Die hipotese dat die klapper deur die meeste katalogusgebruikers in Afrikaans geraadpleeg word, is dus bevestig. Die verdere hipotese, naamlik dat die meeste nagraadse gebruikers die klapper in Engels raadpleeg, is egter weerlê. Dit word wel baie in Engels geraadpleeg, maar meer as die helfte minder as in Afrikaans. Redelik baie gebruikers raadpleeg die klapper in Afrikaans sowel as Engels.

5.2.6 Verlang die gebruikers bykomende inligting op die kataloguskaart?

Volgens hierdie studie verlang slegs 1,75% gebruikers bykomende inligting op die kataloguskaart. Die tipes bykomende inligting wat deur hulle gespesifiseer is, word egter dikwels reeds op die kataloguskaart aangetref. Hierdie bevinding dui aan dat gebruikers nie altyd bewus is van al die inligting wat op die kataloguskaart aangetref word nie. Sommige antwoorde het getuig van 'n gebrek aan kennis wat die funksie van 'n biblioteek-katalogus betref.

Die feit dat slegs een gebruiker 'n aanduiding van die boeke se inhoud op die kataloguskaart verlang, is insiggewend: dit dui daarop dat daar nie so 'n groot behoefte aan inhoudsmelding op die kataloguskaart bestaan as wat soms beweer word nie, al tans nie by die katalogusgebruikers van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat nie.

Geen versoek is gerig vir sogenaamde mikro-ontsluiting nie.

5.3 Gevolgtrekkings en aanbevelings

Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat die katalogus

meesal deur studente gebruik word, waarvan voorgraadse studente die grootste persentasie uitmaak. Verder is vasgestel dat die katalogus merendeels vir werkopdragte gebruik word, maar dat gebruikers nie baie suksesvol is in dié verband nie. Derhalwe word aanbeveel dat inligtingsontsluiting by die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat veral gerig moet wees op die voltooiing van werkopdragte deur studente. In hierdie opsig moet die behoeftes van voorgraadse studente, wat minder ervare biblioteekgebruikers is, veral in ag geneem word. Indien die biblioteek beoog om in die toekoms 'n vakbibliotekarisstelsel in te voer, sal die behoeftes van die vakbibliotekarisse ook in ag geneem moet word, veral wat die ontsluiting van meer gevorderde navrae betref.

Volgens hierdie studie word die katalogus min deur dosente en navorsers gebruik met die doel om onderwerpsinligting te bekom. Derhalwe wil dit voorkom asof daar, wat die katalogus betref, min behoefte aan mikro-ontsluiting bestaan. Daar kan egter ook geredeneer word dat dosente en navorsers die katalogus meer vir onderswerpsontsluiting sou benut het, indien mikro-ontsluiting wel in gebruik was.

'n Verdere bevinding van hierdie studie is dat, met die uitsondering van biblioteekpersoneel, die katalogus nie druk gebruik word nie. Katalogusgebruik hang waarskynlik nou saam met biblioteekgebruik in die algemeen. Derhalwe word aanbeveel dat 'n nouer skakeling met die verskillende fakulteite en departemente bewerkstellig sal word, ten einde biblioteekgebruik en daardeur ook katalogusgebruik aan te moedig. Daar kan in hierdie verband veral klem gelê word op fakulteite wat nie oor hulle eie biblioteke beskik nie, maar die Hoofbiblioteek nogtans swak benut.

Die feit dat die katalogus so baie vir onderwerpsontsluiting benut word, laat die ondersoeker tot die gevolgtrekking kom dat dit nie 'n blote vindlys is nie. Daar word dus aanbeveel dat daar by toekomstige beplanning rekening gehou sal word met hierdie feit, sodat dit nie tot 'n blote vindlys gereduseer word nie.

Hierdie studie het vasgestel dat die meeste katalogusgebruikers

wel die inligting wat hulle verlang in die katalogus opspoor. Ongelukkig is nie nagegaan hoeveel inligting wat nie opgespoor kon word nie, wel in die katalogus aanwesig was nie. Na aanleiding van ondervinding wat spesifiek in hierdie verband met katalogusgebruikers opgedoen is, kan egter aangeneem word dat dit dikwels die geval is. Die skuld hiervoor kan egter nie altyd voor die gebruiker se deur gelê word nie. Hierdie ondersoek kom dus tot die gevolgtrekking dat groter welslae in die vooruitsig gestel kan word indien die katalogus vereenvoudig word. Dit kan bewerkstellig word deur minder bibliografiese items op die kataloguskaart aan te bring, meer soekpunte te voorsien, asook meer skakelen kruisverwysings. Ook die liassering kan vereenvoudig word. Indien die Hoofbiblioteek dit oorweeg om oor te skakel na 'n woordeboekkatalogus, moet egter besin word of dit nie wyser sal wees om die onderwerpsgedeelte nogtans te skei van die outeur/titelkatalogus nie. Onderwerpsinskrywings wat tussen outeur- en titelinskrywings geliasseer is, sal die ordening, gesien uit die gebruiker se oogpunt, nog meer ingewikkeld laat voorkom. Ook is die ondersoeker van mening dat 'n katalogus in boek- of mikroform die gebruiker makliker in staat sal stel om tersaaklike inligting op te spoor, aangesien hy dan met slegs 'n oogopslag sal kan vasstel of 'n bepaalde outeur of titel in voorraad is. Dit impliseer vir die gebruiker ook 'n tydbesparing deurdat die, in sommige gevalle eindelose, omblaai van kaarte dan uitgeskakel sal word. Met die beoogde rekenarisering van die katalogus, beplan die biblioteek 'n moontlike boekkatalogus. Hierdie gedagte word dus deur die ondersoeker onderskryf.

Hierdie ondersoek het aan die lig gebring dat gebruikers met hoër akademiese kwalifikasies en gevolglik dus meer ondervinding van literatuursoektogte, die meeste sukses behaal met die gebruik van die katalogus. Derhalwe word aanbeveel dat meer hulp aan die minder ervare katalogusgebruiker verleen sal word. Hierdie hulp kan op individuele vlak aangebied word, sowel as in groepsverband in die vorm van lesings. Aan die begin van studente se eerste jaar op universiteit, word wel 'n oriënteringsbesoek aan die biblioteek gebring. By daardie geleentheid word die samestelling van die katalogus, asook die inhoud op die kataloguskaart, aan hulle verduidelik. Volgens getuienis

van die studente self gee hulle min aandag aan die inligting wat by daardie geleentheid aan hulle oorgedra word. Ter verskoning word aangevoer dat die groepe wat die biblioteek besoek te groot is, dat hulle moeg is van al die oriënteringslesings wat hulle tot op daardie stadium moes bywoon en dat hulle nog nie lank genoeg op universiteit is om te besef dat dit noodsaaklike inligting is wat aan hulle gegee word nie. Elke student ontvang wel 'n Handleiding vir Biblioteekgebruik waarin verduidelik word hoe inligting vanuit die katalogus verkry kan word. Dit wil egter voorkom asof studente ook daaraan min erg het. Dus beveel die ondersoeker aan dat lesings oor die samestelling en gebruik van die katalogus aangebied word nadat studente reeds 'n paar maande lank op universiteit is, moontlik gedurende die tweede kwartaal. Bywoning van hierdie lesings moet op 'n vrywillige basis geskied. Dit sal verseker dat slegs gebruikers wat 'n werklike behoefte aan die inligting het en dus daarby baat sal vind, dit bywoon. Die lesings kan met gereelde tussenposes, een keer per kwartaal byvoorbeeld, aangebied word.

Wat die klapper tot die sistematiese katalogus betref, het hierdie studie die volgende vasgestel: bykans een derde van die gebruikers wat die klapper raadpleeg, begewe hulle direk daarvan na die rakke, sonder om vooraf die sistematiese katalogus te raadpleeg. Daar kan geredeneer word dat dit vir hierdie gebruikers 'n te omslagtige proses is om eers die sistematiese katalogus te raadpleeg, voordat hulle in elk geval na die rakke moet gaan. Ondervinding dui egter daarop dat hulle nie bewus is van die feit dat die klapper die sleutel tot die sistematiese katalogus is nie. Laasgenoemde word geredelik geraadpleeg nadat die ware funksie van die klapper aan hulle verduidelik is en ook aan hulle gedemonstreer is hoe belangrike, tersaaklike inligting misgeloop kan word indien die sistematiese katalogus geïgnoreer word. Hierdie bevinding en waarneming onderstreep die ondersoeker se aanbevelings in die vorige paragraaf.

Hierdie ondersoek het ook die feit na vore laat tree dat die klapper tot die sistematiese katalogus meesal deur studente, veral voorgraadse studente, gebruik word. By die opstel van die klapper is dit 'n faktor wat wel deeglik in ag geneem moet word. Dit is moontlik dat kettingindeksering byvoorbeeld moeilik

deur voorgraadse gebruikers gesnap word. Library of Congress saakhoofde gaan in die gerekenariseerde katalogus ingevoer word. Biblioteekpersoneel van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat wat ondervinding van beide metodes het, beweer egter dat Library of Congress saakhoofde nie so spesifiek soos kettingindeksering is nie. Die ondersoeker beveel dus aan dat hierdie twee stelsels deeglik teen mekaar opgeweeg sal word voordat 'n finale besluit ten gunste van een van die twee geneem word.

'n Verdere bevinding van hierdie studie is dat die klapper tot die sistematiese katalogus nie in die behoeftes van diplomastudente voorsien nie. Die meeste van hierdie gebruikers was afkomstig van die Departement Biblioteekkunde en die Fakulteit Opvoedkunde. Met die samestelling van die klapper moet die besondere behoeftes van hierdie studente dus spesiale aandag geniet.

Verder is ook vasgestel dat gebruikers afkomstig van die Fakulteite Landbou, Geneeskunde asook Ekonomiese en Administratiewe Wetenskappe se behoeftes meer onderwerpsgerig is as dié van die gebruikers afkomstig van ander fakulteite. Die indekseerders kan dus ook hierdie aspek in gedagte hou wanneer die klapper saamgestel word.

Volgens hierdie studie raadpleeg gebruikers die klapper meesal in Afrikaans. Aangesien die meeste lesings in Afrikaans aangebied word en die studente dus meer vertrou is met die Afrikaanse terminologie wat op hulle vakke van toepassing is, is dit slegs logies om te aanvaar dat hulle sal verkies om die klapper in Afrikaans te raadpleeg. Wanneer vakbibliotekarisse se hulp ingeroep word, word hulle slegs by hoë uitsondering van Engelse terminologie voorsien. Derhalwe is die ondersoeker van mening dat 'n tweetalige klapper onnodig is indien dit so effektief as moontlik in Afrikaans aangebied word. Sou die biblioteek besluit om oor te skakel na saakhoofde, behoort Afrikaanse saakhoofde dus voldoende te wees. Dit is egter so dat 'n klapper in Engels vir die klassifiseerders van meer nut is, aangesien hulle meesal Engelse materiaal hanteer en dus beter bekend is met die Engelse terminologie. Die indeks wat hulle vir klassifikasiedoeleindes

gebruik, is ook in Engels saamgestel. Hierdie probleem kan egter omseil word deur 'n gesagslêer saam te stel wat hulle van die Engelse terme na die Afrikaanse ekwivalente sal verwys. Die ondersoeker is van mening dat die biblioteekpersoneel se behoeftes nie voorkeur behoort te geniet by die samestelling van 'n katalogus nie, maar wel dié van die ander gebruikers vir wie dit in die eerste plek bedoel is.

Persoonlike waarneming gedurende hierdie studie, asook oor 'n langer tydperk, het aan die lig gebring dat gebruikers dikwels nie bewus is van die funksie van die klapper nie: dit word byvoorbeeld geraadpleeg met die doel om bibliografiese besonderhede of spesifieke boeke op te spoor. Hierdie fout word meesal begaan deur persone wat die katalogus die eerste keer gebruik. Dit is 'n aanduiding dat 'n katalogus wat bestaan uit 'n skrywer/titel afdeling, 'n aparte sistematiese katalogus en 'n afsonderlike klapper, vir 'n oningeligte gebruiker verwarrend is. Daarbenewens is dit ook omslagtig.

Sommige bibliotekaris is van mening dat die kataloguskaart ook 'n bondige samevatting van die boek se inhoud behoort te bevat. Volgens hierdie studie het die gebruikers van die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat min uitgesproke behoefte aan so 'n toevoeging: slegs een gebruiker het aangedui dat hy inligting in hierdie verband op die kataloguskaart verlang.

Vraag 6 van die vraelys met sy konsepkaart was vir baie gebruikers 'n openbaring. Hulle het laat blyk dat hulle nooit voorheen daarvan bewus was dat 'n kataloguskaart soveel inligting bevat nie. Dit is 'n verdere bewys van die vroeëre stelling dat die studente min waarde heg aan die oriënteringslesing aan die begin van hulle eerste jaar, asook aan die biblioteekhandleiding. Dit laat die ondersoeker vermoed dat baie versigtig te werk gegaan moet word alvorens items uit 'n toekomstige katalogus gelaat word. Indien gebruikers suksesvol opgelei kan word in katalogusgebruik, bestaan die moontlikheid dat die bibliografiese items op die kataloguskaart beter benut sal word.

5.4 Kan 'n verkorte rekenaarmatige katalogus voorsien word?

Vroeër in hierdie studie is vasgestel dat slegs die skrywer, titel, raknommer en onderwerpsnommer baie geraadpleeg word, terwyl die datum matig en al die ander items op die kataloguskaart minder as 10% gebruik word. ¹⁾ Die indruk word dus geskep dat dit die enigste items is wat op 'n verkorte rekenaarmatige katalogus moet verskyn om die oorgrote meerderheid van die gebruikers tevrede te stel. Voorts is vasgestel dat die gebruikers elk gemiddeld 2,82 items benut. ²⁾

'n Ontleding van die items wat deur die verskillende kategorieë gebruikers geraadpleeg word ³⁾, het aan die lig gebring dat na-graadse studente ook die medeskrywer meer as 10% raadpleeg, terwyl die aantal stalle of eksemplare bykans 10% benut word. Biblioteekpersoneel raadpleeg ook die uitgawe, reeksmelding en toevoegingsnommer meer as 10%. Die uitgawe, plek en uitgewer word deur ander universiteitspersoneel ook meer as 10% gebruik. Ander gebruikers raadpleeg die uitgawe, plek, uitgewer, volumes, bladsye, reeksmelding en inhoudsmelding ook meer as 10%. In die geheel gesien, maak die addisionele items egter 'n klein persentasie uit.

'n Ontleding van die redes waarom gebruikers die verskillende items geraadpleeg het ⁴⁾, het aan die lig gebring dat vir werk-opdragte, persoonlike gebruik, byleeswerk en om ander redes, slegs die onderwerpsnommer, raknommer, skrywer en titel meer as 10% geraadpleeg word. Vir onderrig- en navorsingdoeleindes word slegs die raknommer, skrywer en titel meer as 10% gebruik.

Deur middel van 'n ontleding van die tipes inligting waarvoor gebruikers die verskillende items geraadpleeg het ⁵⁾, is vasgestel

1) Vide, 4.2.3.2, p. 67

2) Vide, Tabel 15, p. 69

3) Vide, Tabel 15, p. 68

4) Vide, Tabel 16, p. 74

5) Vide, Tabel 18, p. 79

dat, ten einde 'n spesifieke boek op te spoor, slegs die raknommer, skrywer en titel meer as 10% geraadpleeg word. Met die doel om onderwerpsinligting te bekom, word ook die onderwerpsnommer meer as 10% benut. Slegs die skrywer en titel word meer as 10% geraadpleeg in die opsporing van bibliografiese inligting.

Daar kan dus met redelike sekerheid aanvaar word dat 'n verkorte rekenaarmatige katalogus wat slegs die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum bevat, die meeste katalogusgebruikers, met die uitsondering van biblioteekpersoneel en ander universiteitspersoneel, sal tevrede stel.

Volgens Chwe (6:97) is dit ekonomies ongeregverdig en, uit 'n funksionele oogpunt gesien, ondoeltreffend om al die tradisionele items in 'n nuwe tipe katalogus aan te bring. Lipetz (18:71) is egter van mening dat ander items as die skrywer, titel en onderwerp van soveel waarde vir die katalogusgebruikers is, dat hulle selfs in 'n duur, gerekennariseerde katalogus nie sonder meer weggelaat moet word nie. Met sy studie het Palmer (26:85,86) vasgestel dat 'n rekenaarmatige katalogus wat slegs die skrywer, titel, raknommer, saakhoof en datum bevat, aan 84% gebruikers se behoeftes sal voldoen, terwyl die toevoeging van die inhoudsmelding 90% tevredenheid sal verskaf. Beide Lipetz en Palmer stel voor dat verdere studie in hierdie verband onderneem word, alvorens oorgegaan word tot die daarstelling van 'n verkorte katalogus.

Die enigste studie wat prakties die nut van 'n verkorte katalogus as alternatief vir 'n volledige katalogus probeer vasstel het, is dié van Hall en Seal (9:5-8). Volgens hulle beweer die meeste gebruikers dat hulle 'n verkorte katalogus sonder die skrywers se voorname, uitgewers, plekke van uitgawe, reeksmeldings en ISBN's verkies. Geen kwantitatiewe bewys is egter beskikbaar om bogenoemde bevindings te boekstaaf nie. Hall en Seal beyeel soortgelyke studies in ander biblioteke aan. Met sy studie oor die naamkatalogus van die Randse Afrikaanse Universiteit, het van der Merwe (37:98,130) gevind dat slegs 11% van die gebruikers 'n behoefte aan vollediger gegewens het as bloot die skrywer, titel, standnommer, uitgawe, besitsmelding,

aantal volumes en jaar wat in die biblioteek se huidige rekenaarmatige katalogus in boekvorm voorkom.

Alvorens 'n biblioteek besluit om oor te skakel na 'n verkorte katalogus, moet egter eers deeglik nagegaan word watter alternatiewe bibliografiese bronne beskikbaar is vir dié gebruikers wat wel vollediger inligting verlang. Wat betref die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, moet daar tussen die volgende groepe gebruikers onderskei word:

5.4.1 Studente en dosente: Hulle maak meesal gebruik van die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum. Daarbenewens raadpleeg nagraadse studente ook die medeskrywer meer as 10% en die aantal stelle of eksemplare bykans 10%.

5.4.2 Biblioteekpersoneel: Behalwe die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum, word ook die uitgawe, reeksmelding en toevoegingsnommer meer as 10% deur hulle geraadpleeg. Biblioteekpersoneel gebruik die katalogus baie intensief in verband met hulle werk.

5.4.3 Ander universiteitspersoneel: Benewens die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum, raadpleeg ander universiteitspersoneel ook die uitgawe, plek en uitgewer meer as 10%. Hulle is verplig om die katalogus dikwels te raadpleeg, ten einde boekbestellings vir hulle departemente te kontroleer of bibliografiese besonderhede vir dosente en navorsers op te spoor.

5.4.4 Ander gebruikers: Volgens die resultate van hierdie studie raadpleeg hulle, benewens die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum, ook die uitgawe, plek, uitgewer, volumes, bladsye, reeksmelding en inhoudsmelding meer as 10%. Daar was egter aanduidings dat hierdie bevinding vir dié groep nie betroubaar is nie.

Dit blyk dus dat, met die uitsondering van biblioteek- en ander universiteitspersoneel, die oorblywende 79,68% katalogusgebruikers ten tye van die ondersoek min behoefte aan meer items as die skrywer, titel, raknommer, onderwerpsnommer en datum gehad het. 'n Verkorte katalogus wat die genoemde vyf

elemente bevat, kan dus aan hulle voorsien word. Die vraag ontstaan nou wat gedoen kan word om in die behoeftes van die oorblywende 20,32% gebruikers te voorsien, asook die enkelinge in die meerderheidsgroep wat wel soms meer inligting verlang. Tydens die rekenarisering van die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se katalogus, gaan die huidige kaartkatalogus vervang word deur 'n boekkatalogus. Al hierdie faktore moet in ag geneem word wanneer die volgende verskillende moontlikhede oorweeg word:

- Ander bibliografiese bronne

Die Hoofbiblioteek beskik oor verskeie bibliografiese bronne waarin bykomende inligting opgespoor kan word, byvoorbeeld Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie, National Union Catalog, Book Publishing Record, British National Bibliography, Books in Print, Accumulated Book Index, Deutsche Bibliographie, ensovoorts. Aangesien hierdie bronne in die eerste plek vir gebruik deur die biblioteekpersoneel aangeskaf is, word dit op sō 'n wyse geberg dat dit vir hulle binne maklike bereik is. Soms word bogenoemde stelle wel deur ander gebruikers geraadpleeg. Dit vereis egter dat hulle die gebruiksarea moet verlaat en na die Ontsluitingsafdeling of die Bestelafdeling moet gaan. Vir die gemiddelde gebruiker verskaf die raadpleging van die bronne dus 'n mate van ongerief. Afgesien hiervan, bevat hierdie bibliografiese bronne nie plaaslike inligting soos biblioteekbesit en die toevoegingsnommer nie. Gevolglik sal hulle nie altyd van nut wees vir veral biblioteekpersoneel en ander universiteitspersoneel nie.

- Inligting vanuit die rekenaar

Indien die biblioteek intyds met die rekenaar gekoppel gaan wees, kan bykomende bibliografiese inligting op diē wyse bekom word. Dit is egter te betwyfel of die gemiddelde gebruiker in staat sal wees om die terminale te hanteer. Moontlik sal die biblioteekpersoneel die nodige kundigheid in hierdie verband kan bemeester aangesien hulle, as gevolg van die aard van hulle werk, verplig sal wees om so 'n terminaal dikwels te hanteer.

Aangesien 'n boekkatalogus slegs periodiek op datum gehou kan word, sal katalogusinligting wat nog nie in die verkorte boekkatalogus beskikbaar is nie, direk vanaf die rekenaar verkry kan word. Sodoende sal die gebruiker verseker wees van die nuutste beskikbare inligting.

Indien die biblioteek besluit om van 'n bondelstelsel gebruik te maak vir katalogusnavrae, sal gebruikers in 'n mate daardeur verontrief word. Alhoewel hulle dikwels bereid is om uitstel te verleen wat betref die verkryging van inligting, besoek gebruikers nietemin die biblioteek met die hoop dat hulle die verlangde inligting dadelik sal bekom. Voorts is hulle gewoonlik haastig, omdat hulle hul spesifieke soektogte tot op die tippie uitgestel het. Dit is wel moontlik dat biblioteekpersoneel sekere katalogusnavrae in verband met hulle werk, in bondelvorm kan saamstel. Dit is dan ook inderdaad wenslik dat dit soveel as moontlik op hierdie wyse gedoen sal word, ten einde rekenaartyd en koste te besnoei. Ook biblioteekpersoneel moet egter dikwels inligting so spoedig as moontlik bekom: 'n katalogiseerder se gedagtegang word byvoorbeeld onderbreek indien sy 'n tyd lank vir antwoorde op haar katalogusnavrae moet wag. Dit werk nadelig in op produktiwiteit, konsentrasie en werksgehalte.

- Inligting vanuit 'n addisionele katalogus in volledige vorm

Die ondersoeker is van mening dat 'n addisionele katalogus waarin die volledige inligting beskikbaar is, 'n beter oplossing vir hierdie probleem sal bied. Volledige inligting word tans volgens SAMARC op die rekenaar ingevoer. 'n Addisionele katalogus met volledige inligting kan dus vanaf hierdie rekords in boek- of mikroform voorsien word. As gevolg van die drukte by die katalogus gedurende spitsure, sal 'n paar kopieë van die rekenaarmatige katalogus beskikbaar gestel moet word. Aangesien die ondersoekspan tydens die opname vir hierdie studie soms moes bontstaan om voor te bly, is dit vir die ondersoeker 'n uitgemaakte saak dat 'n hele aantal kopieë van die rekenaargeproduseerde katalogus gelyk-

tydig in die katalogusarea beskikbaar sal moet wees. Een of twee eksemplare kan volledige inligting verskaf. Hierdie katalogusse hoef nie noodwendig in boekvorm te verskyn nie, maar kan ook in mikrovorm beskikbaar gestel word. Eksemplare van so 'n katalogus wat aan die biblioteekpersoneel in hulle onderskeie werkareas voorsien kan word, sal hulle in staat stel om dringende navrae op hierdie wyse te beantwoord.

Dit is dus hierdie studie se bevinding dat 'n rekenaarmatige katalogus in verkorte vorm wel aan die algemene gebruikerspubliek, byvoorbeeld studente en dosente, voorsien kan word. Die voorbehoud word egter gestel dat dit moontlik moet wees om vollediger inligting, sonder lang verdragings of ongerief, te kan bekom.

5.5 Opmerkings deur gebruikers en persoonlike waarnemings

Ten einde aan katalogusgebruikers die geleentheid te bied om hulle menings te lug oor enige aspek van katalogusgebruik, is 'n opmerkingsparagraaf net na vraag 10 aangebring. Altesaam 101 gebruikers (14,77%) het dié geleentheid benut. Heelwat van hulle se opmerkings het egter nie op die katalogus betrekking nie. Agt gebruikers het die kandidaat sukses toegewens met haar studies, terwyl een gekla het dat hy haastig is en nie nog tyd het om vorms in te vul nie. Sommige gebruikers het gekla oor leemtes in die boekevoorraad. Ander het weer beweer dat die biblioteek baie of besonder goed is. Een gebruiker het die studente se probleme in verband met biblioteekgebruik toegeskryf aan gebrekkige leiding en hulp van die kant van die dosente. 'n Ander een het oor verlore boeke gekla, terwyl nog een gebruiker se klagte was dat die biblioteek deurmekaar is, aangesien boeke oor 'n spesifieke vakgebied op verskillende plekke aangetref word. Laasgenoemde is dus 'n klassifikasieprobleem.

Sommige opmerkings getuig van waardering vir die huidige katalogus:

"Ek vind dit baie maklik om te soek wat ek wil hê met die huidige stelsel."

"Die stelsel voldoen aan al die vereistes."

"Dankie vir 'n onderwerpskatalogus vir so 'n verlore eerste-jaartjie."

"Indeks is baie volledig."

"Dis 'n baie volledige katalogus."

"Ek voel tevrede met die katalogusstelsel soos dit op die oomblik is."

"Everything in the catalogue listing seems to be in order and easy to find."

Daar was opmerkings wat van redelike waardering getuig het:

"Ek vind dit redelik volledig."

"Katalogus-rangskikking voldoende, soms onvolledig."

"Taamlik maklik om 'n bron te soek."

Ander opmerkings dui egter daarop dat sommige gebruikers nie geïmponeer is met die katalogus as geheel of sekere aspekte daarvan nie:

"Kaartjies deursoek is 'n uiters tydrowende proses."

"Die stelsel kan vergemaklik word."

"U.C.T. se katalogusstelsel werk beter."

"Dit moet minder ingewikkeld wees."

"Ek sal graag meer 'n analitiese indeling van die onderwerpsindeks verkies."

"Daar bestaan 'n knellende behoefte aan 'n meer akkurate sisteem. Daar gaan baie tyd verlore en vele frustrasies is die gevolg vanweë die onvolkomenheid van die huidige stelsel."

"Sisteem lomp."

"Inligting is blykbaar wel beskikbaar, maar nie op onderwerpskatalogus."

"Die verskil tussen raknommer en onderwerpsnommer is verwarrend as 'n persoon hom nie spesifiek daarop toegelê het om die verskil uit te pluig nie."

"Nie spesifiek genoeg nie."

"Die kaartjies blaai te moeilik."

"Ek het in die verlede die onderwerpsindeks onbevredigend gevind vir selfstudie."

"Ek kon geen werk van Ayn Rand vind in die katalogus nie, terwyl ek seker is hier moet iets wees."

Sommige gebruikers het wenke aan die hand gedoen of knelpunte uitgewys:

"'n Katalogus is vir my noodsaaklik. Dit bespaar tyd. Inligting oor die presiese rangskikking van die alfabetiese liassing sal welkom wees. Soos byvoorbeeld of dit letter vir letter of woord vir woord alfabeties is." (B.Bibl.-student).

"Plasing van dubbelvane, byvoorbeeld Nienaber-Luitingh of Leroux, onder die een of die ander, of selfs Leroux nie eers onder Roux nie, wat nog te sê Leroux, is steurend. Behoort gespesifiseer te word waaronder dit sal val om onnodige rondsoek uit te skakel. Mens is soms haastig."

"Die katalogus werk lekker, maar as mens nie vir 'n spesifieke boek soek waarvan mens die titel of/en outeur weet nie, neem dit nogal tyd in beslag."

"Eerstejaarstudente behoort meer opleiding en inligting te ontvang hoe om die katalogusstelsel te gebruik."

"Dosente moet studente leer hoe om katalogusstelsel reg te gebruik."

"Verlang meer analitiese inligting oor outeur en onderwerp."

"Soms moeilik (verwarrend) om kongresreferate, ensovoorts te vind. Naam van kongres? Instituut? Redakteur?"

"Engelse drama-inligting is moeilik gespesifiseer, byvoorbeeld oor 'n indirekte onderwerp."

Twee gebruikers het egter nie die fout toegeskryf aan tekortkominge in die katalogus nie:

"Het onvolledige inligting gehad. Kon daarom nie kry wat ons soek nie."

"Ek beseft nou eers hoe half ek my kataloguskaart lees.
Van die twintig besonderhede het ek net drie gelees."

Sommige opmerkings het van onkunde oor die aard of funksie van die katalogus, of die komponente daarvan, getuig:

"Hoewel die onderwerpsindeks die boekrak aandui, is die boek nie te vinde nie."

"Verlang 'n titelindeks, veral waar skrywers nie bekend is nie."

'n Gerekenariseerde stelsel is deur sommige gebruikers aanbeveel:

"Die stelsel werk goed, maar 'n rekenaar sal 'n verbetering wees."

"'n Gerekenariseerde katalogus werk uitstekend. Kan dit sê as gevolg van vorige studie te RAU. Hulle het 'n gerekenariseerde stelsel."

"'n Gerekenariseerde katalogus is 'n goeie idee, aangesien dit baie tyd sal spaar en die soek van boeke sal vergemaklik. Tyd is belangrik vir 'n student."

"Goeie idee want dit sal baie tyd spaar om raknommers te bekom."

"RAU het reeds 'n gerekenariseerde stelsel."

"Indien moontlik om in die nabye toekoms moontlik met behulp van die rekenaar te kan vasstel of 'n verlangde boek nog beskikbaar is en of almal reeds uitgeneem is om onnodige moeite, soektogte, ensovoorts te bespaar."

"Dit sal vinniger gaan as die katalogus gerekenariseer is."

"Rekenaar sal beslis help."

Uit die voorafgaande opmerkings kan dus afgelei word dat sommige katalogusgebruikers nooit probleme ondervind nie, ander wel soms. Volgens sommige is die katalogus ingewikkeld, tydrowend, lomp en nie analities genoeg nie.

Ander gebruikers verlang opleiding in die gebruik van die katalogus, terwyl sommige van mening is dat die katalogus nie genoeg

leiding verskaf nie. Heelwat van die opmerkings bevat geldige kritiek, maar ander getuig slegs van onkunde. Voorts bestaan daar gebruikers wat geen behoefte het aan 'n gerekenariseerde katalogus nie, terwyl ander dit weer sterk aanbeveel. Sommige van die gebruikers wat ten gunste daarvan is, is van mening dat 'n gerekenariseerde katalogus die antwoord op al die probleme van die huidige stelsel sal wees.

Gesprekke met respondente, asook persoonlike waarneming het aan die lig gebring dat dosente soms van studente verwag om werkopdragte uit te voer oor onderwerpe waarvoor min of geen inligting in die biblioteek beskikbaar is nie. Dit veroorsaak frustrasie by die gebruiker sowel as by die betrokke biblioteekpersoneel wat hom met sy navrae behulpsaam moet wees. Derhalwe word nouer skakeling met die dosente deur die ondersoeker voorgestel.

Waarneming het ook die feit na vore laat tree dat die inligting wel soms beskikbaar is, maar dat die dosent versuim het om dit op die reserwerak te plaas. Die eerste gebruiker wat slim en hardwerkend genoeg is, neem al die beskikbare materiaal uit, met die gevolg dat die res van die klas in 'n toestand van wanhoop verkeer. Dit is noodsaaklik dat die dosente ook in hierdie opsig opgevoed sal word.

5.6 Verdere navorsing

Die temas wat vervolgens aangedui word vir verdere studie, hou nie noodwendig verband met die onderwerp van hierdie ondersoek nie. Navorsing in verband met die volgende temas behoort egter by te dra tot 'n beter begrip van die katalogus en sy gebruikers:

5.6.1 Wat is die denkproses van gebruikers wanneer hulle die katalogus raadpleeg en hoe gaan hulle te werk?

5.6.2 Wat is die omvang van die gebruiker se kennis van die katalogus en sy inhoud?

5.6.3 Hoe bedrewe is die gebruiker in die raadpleging van die katalogus?

5.6.4 In hoe 'n mate word hulp aan die gebruiker verleen in verband met die gebruik van die katalogus en in hoeverre kan

hy homself help?

5.6.5 Bestaan daar 'n verband tussen studente se kundigheid wat betref die gebruik van 'n katalogus tydens hulle skooldae en die wyse waarop hulle 'n katalogus op universiteit raadpleeg?

5.6.6 Wat is die waarde van die materiaal wat gebruikers deur middel van die katalogus opspoor? Het hulle ander belangrike(r) materiaal misgeloop en hoekom?

5.6.7 Watter inligting besit die gebruiker en hoe korrek is daardie inligting wanneer hy met sy soektog in die katalogus begin? Waar het hy die inligting bekom?

5.6.8 Watter probleme ondervind die katalogusgebruiker?

5.6.9 In watter mate maak katalogusgebruikers gebruik van die inligting wat hulle ontvang gedurende die oriënteringsbesoek aan die begin van hulle eerste jaar? In watter mate raadpleeg hulle die handleiding wat aan hulle voorsien word?

5.6.10 Wat is die kostedoeltreffendheid van die weglating van sekere items op die kataloguskaart en die verkryging van die ontbrekende inligting vanaf alternatiewe bronne?

5.6.11 Watter waarde het sekere bibliografiese items op die kataloguskaart vir die verskillende kategorieë gebruikers, ten spyte van die feit dat hulle min geraadpleeg word?

5.6.12 Hoekom vind 18,27% katalogusgebruikers van die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat nie die inligting wat hulle in die katalogus soek nie?

5.6.13 Hoekom word die katalogus nie geraadpleeg nie?

5.6.14 Moet alle materiaal in 'n katalogus in boek- of mikroform aangedui word? In watter mate sal gebruikers verontrief word indien slegs materiaal wat gedurende die laaste tien of vyftien jaar gepubliseer is, in die kumulasies opgeneem word en ouer materiaal in 'n retrospektiewe katalogus ter insae is?

5.6.15 Hoeveel katalogusse in boek- of mikroform sal voorsien moet word om alle gebruikers op 'n gegewe tydstip te akkommodeer? Hoeveel daarvan kan in verkorte vorm wees en hoeveel volledig?

5.6.16 In watter mate word die katalogus geraadpleeg vir materiaal in 'n ander taal as Afrikaans of Engels?

5.6.17 Hoeveel materiaal word deur middel van die sistematiese

katalogus opgespoor?

5.6.18 Watter vorm van onderwerpsontsluiting is vir die verskillende kategorieë gebruikers die beste: kettingindeksering of saakhoofde?

5.6.19 Hoekom raadpleeg dosente en navorsers nie die katalogus vir onderwerpsontsluiting nie?

5.7 Slot

Uit die resultate van hierdie studie blyk dit dus dat, alhoewel antwoorde gevind is op die vrae wat aanvanklik gestel is en insiggewende gevolgtrekkings aangaande die Hoofbiblioteek van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se katalogus ook hieruit gemaak kon word, ander tergende vrae in die proses opgeduik het. Die finale woord is nog nie gespreek oor hierdie betrokke katalogus en sy gebruikers nie. Om verklarings te vind vir die bykomende vrae wat gedurende hierdie studie op die voorgrond getree het, sal verdere studies nodig wees.

BIBLIOGRAFIE

1. AKERS, Susan Grey. To what extent do the students of the Liberal-Arts colleges use the bibliographic items on the catalogue card? Library Quarterly, vol. 1, no. 4, October 1931, p. 394-408.
2. AMOS, Geraldine Odester. The extent to which the students of Dillard University use the card catalog. Unpublished Master's dissertation: School of Library Service, Atlanta University, 1955.62p.
3. BARNETT, C.C. Library surveys and user surveys, in Whatley, H.A. British librarianship and information science 1971 - 1975. London: Library Association, 1977, p. 302-309.
4. BROWN, Emily Klueter. The use of the catalogue in a university library. Unpublished Master's dissertation: Graduate Library School, University of Chicago, 1949.60p.
5. BRYANT, P. & Line, M.B. Cataloguing and classification at Bath University: on the track of white elephants and golden retrievers. Library Association Record, vol. 73, no. 12, December 1971, p. 225-227.
6. CHWE, Steven Seokho. A study of data elements for the COM catalog. Journal of Libr. Autom., vol. 12, no. 1, March 1979, p. 94-97.
7. CUTTER, Charles Ami. Rules for a dictionary catalog; 4th ed. London: Library Association, 1904. 173p.
8. GROSE, M.W. & Line, M.B. On the construction and care of white elephants: some fundamental questions concerning the catalogue. Library Association Record, vol. 70, no. 1, January 1968, p. 2-5.
9. HALL, Carolyn & Seal, Alan. A short-entry catalogue put to the test. Catalogue & Index, no. 56, Spring 1980, p. 5-8.

10. INTERNATIONAL Conference on cataloguing principles (1961 9th - 18th October: Paris) London: International Federation of Library Associations, 1963. 296p.
11. JACKSON, Sidney Louis. Catalog use study. Chicago: American Library Association, 1958. 86p.
12. KERR, Willis. The professor looks at the card catalogue. College and Research Libraries, vol. 4, March 1943, p. 134-141.
13. KRIKELAS, J. Catalog use studies and their implications, in Advances in librarianship, vol. 3, edited by Melvin J. Voigt. New York: Seminar Press, 1972, p. 195-220.
14. LANCASTER, F.W. The measurement and evaluation of library services. Washington, D.C.: Information Resources Press, 1977. 395p.
15. LEE, E.C. Use of the card catalog by Spelman students in the Spelman and Trevor Arnett libraries, mentioned in Palmer, R.P. Computerizing the card catalog in the university library. Littleton: Libraries Unlimited, 1972 p. 26-27, 46.
16. LIPETZ, B.-A. Catalog use in a large research library. Library Quarterly, vol. 42, no. 1, January 1972, p. 129-139.
17. LIPETZ, B.-A. A quantitative study of catalog use, in Proceedings of the 1969 clinic on library application of data processing, April 27-30 1969, edited by Dewey E Carroll. Urbana: University of Illinois, 1970, p. 42-49.
18. LIPETZ, B.-A. User requirements in identifying desired works in a large library; final report. New Haven: Yale University Library, 1970. 271p.
19. MACLEAN, H. de S.C. Using the library catalogue. New Zealand Libraries, vol. 35, June 1972, p. 165-172.

20. MALTBY, A & Duxbury, A. Description and annotation in catalogues : an attempt to discover readers' attitudes and requirements. New Library World, vol. 73, April 1972, p. 260-262, 273.
21. MALTBY, A. Measuring catalogue utility. Journal of Librarianship, vol. 3, no. 3, July, 1971, p. 180-188.
22. MALTBY, A. U.K. catalogue use survey; a report. London: Library Association, 1973. 33p.
23. MALTBY, A. & Sweeney, R. U.K. catalogue use survey. Journal of Librarianship, vol. 4, July 1972, p. 188-204.
24. MILLER, Robert A. On the use of the card catalog. Library Quarterly, vol. 12, July 1942, p. 629-637.
25. MONTAGUE, Eleanor Ann. Card catalog use studies, 1949-1965. Unpublished Master's dissertation: Graduate Library School, University of Chicago, 1967. 91p.
26. PALMER, R.P. Computerizing the card catalog in the university library; a survey of user requirements. Littleton, Colorado: Libraries Unlimited, 1972. 141p.
27. PENALOSA, Fernando. An investigation of the manner in which students of the University of Denver use the card catalog. Unpublished Master's dissertation: University of Denver, 1949. 54p.
28. PERRINE, R.H. Catalog use study : the imperfect key. RQ, vol. 6, Spring 1967, p. 115-119.
29. PERRINE, R.H. Causes and cures : catalog use difficulties. RQ, vol. 7, Summer 1968, p. 169-174.
30. PETROF, Barbara Jean Gainey. A study of the use made of the subject approach to library materials of the Trevor Arnett Library, Atlanta University. Unpublished Master's dissertation: School of Library Service, Atlanta University, 1962. 42p.

31. RIDDLE, Margaret Selman. The use of a card catalog in the library of a typical women's college. Unpublished Master's dissertation; Texas State College for Women, 1952. 93p.
32. SEAL, Alan. Bibliography on the content of catalogue entries. Bath: Bath University Programme of Catalogue Research, 1972. 15p.
33. SWANSON, D.R. Requirement study for future catalogs. Library Quarterly, vol. 42, 1972, p. 302-315.
34. TAGLIACOZZO, Renata, Rosenberg, Lawrence & Kochen, Manfred. Access and recognition : from users' data to catalog entries. Journal of Documentation, vol. 26, no. 3, September 1970, p. 230-249.
35. TAGLIACOZZO, Renata & Kochen, M. Information-seeking behaviour of catalog users, in Kochen, M. Integrative mechanisms in literature growth. Westport, Connecticut, Greenwood Press, 1974, p. 225-247.
36. TAUBER, M.F. Survey method in approaching library problems. Library Trends, vol. 13, no. 1, July 1964, p. 15-30.
37. VAN DER MERWE, Carel Nicolaas. Evaluering van die naamkatalogus van die H.F. Verwoerd-Biblioteek aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Ongepubliseerde Magisterverhandeling : Universiteit van Pretoria, 1980. 156p.

KATALOGUSGEBRUIK: OPNAME

'n Opname word gemaak van die gebruik van die katalogus. Die inligting word verlang vir 'n Magister-studie. Hopelik sal die resultate gebruik kan word by die beplanning van 'n gerekenariseerde katalogus vir die Universiteitsbiblioteek.

Indien u oor meer as een item (bv. 'n paar boeke, onderwerpe, ens.) die katalogus raadpleeg, moet u asseblief oor net een item op u lys verslag doen, nadat u u ondersoek in die katalogus oor die spesifieke item afgehandel het.

Maak asseblief 'n kruisie in die blokkie wat van toepassing is. U mag meer as een kategorie merk tensy u anders versoek word.

Om u te help met vraag 6, word u voorsien van 'n kataloguskaart waarop die verskillende items aangedui word met rooi nommers, wat ooreenstem met die rooi nommers by die vraag.

Dit behoort nie langer as 2 minute te neem om die vraelys te voltooi nie. Baie dankie vir u samewerking.

1. STATUS

Voorgraadse student
Diplomastudent
Nagraadse student
Doserende personeel

1
2
3
4

Biblioteekpersoneel, U.O.V.S.
Ander universiteitspersoneel, U.O.V.S. Spesifiseer
.....
Ander: Spesifiseer

5
6
7

2. NELD U DEPARTEMENT, KURSUS, STUDIETERREIN EN/OF AFDELING

Departement Studieterrein
Kursus Afdeling

3. DOOR WATTER ONDERWERP HET U INLIGTING GESOEK, (bv. Duitse drama, Romeinse geskiedenis)? SLEGS EEN ONDERWERP ASSEBLIEF

.....

4. HOEKOM HET U DIE INLIGTING GESOEK ? SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF

Werkopdrag Persoonlike gebruik
Onderrig (slegs doserende personeel) Ander: Spesifiseer
Navorsing

4
5

5. WAT HET U GESOEK ? SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF

n Spesifieke boek waarvan u die outeur en/of titel gehad het 1
Inligting oor n onderwerp of persoon 2
Addisionele bibliografiese inligting, (bv. uitgawe, datum van uitgawe, uitgewer, 3
aantal bladsye, illustrasies, inhoudsopgawe, ens.) 4
Ander: Spesifiseer

6. MERK ASSEBLIEF DIE ITEMS WAT U VIR U BEHOEFTES OP DIE KATALOGUSKAART GERAADPLEEG HET. VERGELYK DIE ROOI NOMMERS MET DIE OOREENSTEMMENDE NOMMERS OP DIE KONSEPKAART.

Onderwerpsnommer	<table border="1"><tr><td>1</td></tr></table>	1	Datum van uitgawe	<table border="1"><tr><td>10</td></tr></table>	10
1					
10					
Raknommer	<table border="1"><tr><td>2</td></tr></table>	2	Aantal volumes	<table border="1"><tr><td>11</td></tr></table>	11
2					
11					
Skrywer	<table border="1"><tr><td>3</td></tr></table>	3	Aantal bladsye	<table border="1"><tr><td>12</td></tr></table>	12
3					
12					
Medeskrywer	<table border="1"><tr><td>4</td></tr></table>	4	Of boek geïllustreer is	<table border="1"><tr><td>13</td></tr></table>	13
4					
13					
Titel	<table border="1"><tr><td>5</td></tr></table>	5	Grootte van boek	<table border="1"><tr><td>14</td></tr></table>	14
5					
14					
Vertaler	<table border="1"><tr><td>6</td></tr></table>	6	Reeksmelding	<table border="1"><tr><td>15</td></tr></table>	15
6					
15					
Uitgawe	<table border="1"><tr><td>7</td></tr></table>	7	Inhoudsmelding	<table border="1"><tr><td>16</td></tr></table>	16
7					
16					
Plek van uitgawe	<table border="1"><tr><td>8</td></tr></table>	8	ISBN-nommer	<table border="1"><tr><td>17</td></tr></table>	17
8					
17					
Uitgewer	<table border="1"><tr><td>9</td></tr></table>	9	Aantal stelle of eksemplare	<table border="1"><tr><td>18</td></tr></table>	18
9					
18					
		Besitsmelding	<table border="1"><tr><td>19</td></tr></table>	19	
19					
		Toevdegingsnommer	<table border="1"><tr><td>20</td></tr></table>	20	
20					

7. HET U GEKRY WAT U IN DIE KATALOGUS GESOEK HET? SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF.

Ja

1

 Nee

2

8. Het u die onderwerpsindeks geraadpleeg? (L.w. nie die onderwerpskatalogus nie). SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF

JA

1

 NEE

2

9. IN WATTER TAAL HET U DIE ONDERWERPSINDEKS GERAADPLEEG? (Ignoreer vraag 9 indien u antwoord op vraag 8 "nee" was)

Afrikaans

1

Engels

2

Ander: Spesifiseer

3

10. VERLANG U ENIGE BYKOMENDE INLIGTING OP 'N KATALOGUSKAART? SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF.

Nee

1

Ja: Spesifiseer:

2

11. OPMERKINGS:
.....
.....
.....

BYLAE 3KONSEPKAART

331.8927¹ 331.892 Gro²
 Groenewald, Chris³ en Vorster, Jan⁴
 Stakings in Suid-Afrika sedert Uniewording;⁵
 vert. deur G. Smith;⁶ 2de uitg.⁷ Pretoria,⁸
 Patriotiese Uitgewers,⁹ 1977.¹⁰
 2v.¹¹; 600p.¹² illus., krte.¹³ 24cm.¹⁴
 (Land van ons vadere, no. 16)¹⁵
Vol. 1: Storms.- Vol. 2: Berusting¹⁶
 ISBN 0 314 476 395¹⁷
 2 stelle; 4 eksemplare¹⁸ Bib. besit: vol.
 810439²⁰ 1(2 eks.), vol.
 2(3 eks.)¹⁹

n Opname word gemaak van die gebruik van die katalogus. Die inligting word verlang vir n Magister-studie. Hopelik sal die resultate gebruik kan word by die beplanning van n gerekenariseerde katalogus vir die Universiteitsbiblioteek.

Indien u oor meer as een item (bv. n paar boeke, onderwerpe, ens.) die katalogus raadpleeg, moet u asseblief oor net een item op u lys verslag doen, nadat u u ondersoek in die katalogus oor die spesifieke item afgehandel het.

Maak asseblief kruisies in die ongenommerde blokkies wat van toepassing is. U mag meer as een kategorie merk tensy u anders versoek word.

Om u te help met vraag 6, word u voorsien van n kataloguskaart waarop die verskillende items aangedui word met rooi nommers, wat ooreenstem met die nommers by die vraag.

Dit behoort nie langer as 3 minute te neem om die vraelys te voltooi nie. Bate dankie vir u samewerking.

OPNAME:

1. STATUS OF HOEDANIGHEID WAARIN KATALOGUS GERAADPLEEG WORD. SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF.

Voorgraadse student	<input type="checkbox"/>	1	Biblioteekpersoneel, U.O.V.S.	<input type="checkbox"/>	5
Diplomastudent	<input type="checkbox"/>	2	Ander universiteitspersoneel, U.O.V.S. Spesifiseer	<input type="checkbox"/>	6
Nagraadse student	<input type="checkbox"/>	3	<input type="checkbox"/>	7
Doserende personeel	<input type="checkbox"/>	4	Ander: Spesifiseer	<input type="checkbox"/>	

2. MELD U DEPARTEMENT, KURSUS, STUDIETERREIN EN/OF AFDELING

Departement Studieterrein

Kursus Afdeling

3. OOR WATTER ONDERWERP HET U INLIGTING GESOEK (bv. Duitse drama, Romeinse geskiedenis)? SLEGS EEN ONDERWERP ASSEBLIEF

.....

4. HOEKOM HET U DIE INLIGTING GESOEK? SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF.

Werkopdrag (Slegs studente)	<input type="checkbox"/>	1	Persoonlike gebruik	<input type="checkbox"/>	4
Onderrig (Slegs doserende personeel)	<input type="checkbox"/>	2	Byleeswerk	<input type="checkbox"/>	5
Navorsing	<input type="checkbox"/>	3	Ander: Spesifiseer	<input type="checkbox"/>	6

5. WAT HET U GESOEK? SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF.

n Spesifieke boek waarvan u die outeur en/of titel gehad het

Inligting oor n onderwerp of persoon

Addisionele bibliografiese inligting, (bv. uitgawe, datum van uitgawe, uitgewer, aantal bladsye, illustrasies, inhoudsopgawe, ens.)

Ander: Spesifiseer

6. MERK ASSEBLIEF DIE ITEMS WAT U VIR U BEHOEFTE OP DIE KATALOGUSKAART GERAADPLEEG HET. VERGELYK DIE NOMMERS MET DIE OOREENSTEMMENDE ROOI NOMMERS OP DIE KONSEPKAART.

Onderwerpsnommer	<input type="checkbox"/>	1	Datum van uitgawe	<input type="checkbox"/>	10
Raknommer	<input type="checkbox"/>	2	Aantal volumes	<input type="checkbox"/>	11
Skrywer	<input type="checkbox"/>	3	Aantal bladsye	<input type="checkbox"/>	12
Medeskrywer	<input type="checkbox"/>	4	Of boek geïllustreer is	<input type="checkbox"/>	13
Titel	<input type="checkbox"/>	5	Grootte van boek	<input type="checkbox"/>	14
Vertaler	<input type="checkbox"/>	6	Reeksmelding	<input type="checkbox"/>	15
Uitgawe	<input type="checkbox"/>	7	Inhoudsmelding	<input type="checkbox"/>	16
Plek van uitgawe	<input type="checkbox"/>	8	ISBN-nommer	<input type="checkbox"/>	17
Uitgewer	<input type="checkbox"/>	9	Aantal stelle of eksemplare	<input type="checkbox"/>	18
			Besitsmelding	<input type="checkbox"/>	19
			Toevoegingsnommer	<input type="checkbox"/>	20

7. HET U GEKRY WAT U IN DIE KATALOGUS GESOEK HET? SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF.

Ja 1

Nee 2

8. HET U DIE ONDERWERPSINDEKS GERAADPLEEG? (L.W. nie die onderwerpskatalogus nie). SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF

Ja 1

Nee 2

Ignoreer vraag 9 indien u antwoord op vraag 8 "nee" was.

9. IN WATTER TAAL HET U DIE ONDERWERPSINDEKS GERAADPLEEG?

Afrikaans

Engels

Ander: Spesifiseer

<input type="checkbox"/>	1
<input type="checkbox"/>	2
<input type="checkbox"/>	3

10. VERLANG U ENIGE BYKOMENDE INLIGTING OP 'N KATALOGUSKAART? SLEGS EEN KRUISIE ASSEBLIEF.

Nee 1

Ja: Spesifiseer

..... 2

11. OPMERKINGS:

.....

.....

BYLAE 5VRAELYSSTE INGESAMEL TYDENS OPNAMETYPDPERK13 AUGUSTUS - 5 SEPTEMBER 1979

Datum	Tyd	Vraelyste voltooi	Vraelyste geweier	Eenhede
<u>Augustus</u>				
Maan. 13	08h00-09h00	8	-	8
	09h00-10h00	20	1	21
	17h30-18h30	8	3	11
	18h30-19h30	16	1	17
Dins. 14	08h00-09h00	8	1	9
	09h10-10h10	16	2	18
	11h15-12h15	22	2	24
	17h15-18h15	5	4	9
Woens. 15	08h00-09h00	13	-	13
	09h00-10h00	14	1	15
	15h00-16h00	20	3	23
	16h30-17h30	15	2	17
	20h00-21h00	10	2	12
Don. 16	08h00-09h00	14	3	17
	09h00-10h00	23	2	25
	11h00-12h00	28	-	28
	14h00-15h00	12	2	14
	17h15-18h15	10	1	11
Vry. 17	08h00-09h00	17	-	17
	09h00-10h00	11	3	14
	10h00-11h00	18	3	21
	11h00-12h00	20	3	23
Sat. 18	08h00-09h00	5	-	5
	09h00-10h00	3	3	6
	10h00-11h00	12	1	13
Maan. 20	08h00-09h00	9	-	9
	09h00-10h00	14	3	17
	10h00-11h00	13	4	17
	14h00-15h00	18	3	21
	15h00-16h00	12	-	12

BYLAE 5 (vervolg)

Datum	Tyd	Vraelyste voltooi	Vraelyste geweier	Eenhede
<u>Augustus</u> (verv.)				
Dins. 21	08h00-09h00	10	2	12
	09h00-10h00	13	-	13
	11h00-12h00	17	3	20
	19h00-20h00	6	2	8
	20h00-21h00	19	1	20
Woens. 22	08h00-09h00	3	-	3
	09h00-10h00	13	1	14
	14h00-15h00	12	2	14
	15h00-16h00	14	1	15
Don. 23	08h00-09h00	9	-	9
	09h00-10h00	17	4	21
	16h30-17h30	8	2	10
	17h30-18h30	8	-	8
Vry. 24	08h00-09h00	11	-	11
	09h00-10h00	12	-	12
	10h00-11h00	17	1	18
	15h00-16h00	15	-	15
Sat. 25	08h00-09h00	4	1	5
	09h00-10h00	9	2	11
	10h00-11h00	8	2	10
Maan. 27	18h30-19h30	28	5	33
Dins. 28	14h00-15h00	6	5	11
<u>September</u>				
Dins. 4	08h00-09h00	7	-	7
Woens. 5	17h15-18h15	4	2	6
54 ure		684	89	773
Gebruikers wat nie vraelyste ingehandig het nie			17	17
		684	106	790

SUMMARY

The objective of this study was to determine the present use of the University of the Orange Free State Main Library card catalogue with a view to a future computerized catalogue in abridged form. After a search for relevant literature, an empirical investigation was undertaken with the aid of questionnaires.

The results were the following:

- Undergraduates are the majority of card catalogue users. However library staff use it the most intensively. The majority of users are from the Faculty of Arts and Philosophy.
- Catalogue use corresponds with the composition of the university as well as the subjects taught. Users consult the catalogue mainly to complete class assignments, but seldom for teaching and research purposes. It is used equally to obtain specific titles and subject information but seldom to acquire bibliographic information. Use of the catalogue for subject information decreases as the academic levels of the users rise.
- As to the different items on the catalogue card, patrons make great use of the author, title, shelf number and classification number, moderate use of the date of publication and little use of all the other items.
- The subject index to the systematic catalogue is consulted by less than 50% of the catalogue users. Nearly a third of these users go directly from the subject index to the shelves without consulting the systematic catalogue. It is consulted in Afrikaans mostly and 50% less in English.
- The users did not express any needs for additional information on the catalogue card. Those needs that were indicated, proves the ignorance of users regarding the catalogue and the information it contains.
- Most catalogue users find the information they wanted. Patrons with higher academic qualifications are more successful in the

use of the catalogue. Success doesn't relate to the types of information users were requiring.

- An abridged computerized catalogue in book or micro form will satisfy the needs of most catalogue users and may even facilitate catalogue use. However a shortened catalogue is recommended only on condition that complete catalogue records are readily available for those users who require more information.

In connection with the above-mentioned results, this study makes recommendations for the encouragement of catalogue use. Information retrieval, indexing, more access points, more help to inexperienced users, as well as education in library use, figure in the recommendations.

Finally subjects for further research are proposed.

